



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300002278640

Universiteit Vrystaat

**DIE VOORSPELLING VAN GEVAARLIKHEID:  
'N PSIGOFORENSIESE STUDIE**

deur  
**Christoffel Cornelius Strydom**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR  
(Kindersielkunde en Aanverwante Terreine)**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSAPPE**

**DEPARTEMENT SIELKUNDE**

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

**Studieleier: Prof. D.A. Louw**

**April 2004**

Univorsiteit van die  
Oranjo-Vrystaat  
BLOENFONTEIN

27 JUL 2004

UGVS SAGOL BIBLIOTEEK

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad PhD in Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen verder ook afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

  
.....  
Christoffel Cornelius Strydom

22/09/06  
.....  
Datum



Geldelike bystand gelewer deur die Nasionale Navorsingsraad (NRF, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die NRF toegeskryf word nie.

## BEDANKINGS

My opregte dank aan almal wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie navorsing:

- \* My Skepper vir gesondheid, geleenthede en talle ander onverdiende geskenke.
- \* Prof. Louw, vir onontbeerlike hulp, leiding, baie geduld en uitsonderlike gasvryheid.
- \* Die NRF, sonder wie se finansiële hulp hierdie navorsing nie die lig sou sien nie.
- \* Dr. K. G. Esterhuyse vir sy reuse bydrae met die statistiese verwerkings.
- \* Louise vir hulpvaardigheid, menslikheid, vriendelikheid, en allerlei humoristiese dinge.
- \* Mev. E. McDonald vir die tegniese versorging van die artikels.
- \* Henk en Gina Taute vir hulle vriendskap, verdraagsaamheid en die kuiers in die laatnag wat meegehelp het om gebalanseerd te bly.
- \* My gesin vir die voorsiening van 'n "home base" en alle pogings om my "all there" te hou aangesien ek dikwels nie "all here" was nie.
- \* My vrou Annalie wat meestal beter perspektief behou as ek en baie beter kan gee.

## Oriëntering

1. Die regulasies van die Universiteit van die Vrystaat maak daarvoor voorsiening dat 'n proefskrif in die vorm van drie artikels ingehandig kan word. Die kandidaat het besluit om hierdie opsie te kies. As gevolg daarvan dat dieselfde metodologie by beide empiriese artikels van toepassing is en dat die literatuuroorsig ten spyte van die verskillende fokuspunte, hoofsaaklik gerig was op die voorspelling van gevaarlike gedrag, het dit tot 'n mate oorvleueling tot gevolg gehad. Sodanige oorvleueling is egter nie vreemd nie aangesien hierdie verskynsel ook in die praktyk voorkom wanneer dieselfde outeur verskillende artikels (gewoonlik in verskillende tydskrifte) uit dieselfde navorsingsprojek publiseer.
2. Waar hierdie projek ten doel het om die voorspelling van gevaarlike gedrag aan die hand van die beoordelings van die betrokke partye te evalueer, sal die drie artikels as volg daar uitsien:

**ARTIKEL 1:** Die voorspelling van gevaarlikheid : 'n oorsig

**ARTIKEL 2:** Faktore wat 'n rol speel by die voorspelling van gevaarlikheid

**ARTIKEL 3:** Straftoemeting en gevaarlikheid: 'n psigo-forensiese perspektief



# ARTIKEL 1

## DIE VOORSPELLING VAN GEVAARLIKHEID: 'N OORSIG

### Inhoudsopgawe

	bladsy
Inleiding.....	1
Bestaande navorsing or geweldvoorspelling.....	4
Aktuariële vs. kliniese voorspelling.....	13
Die geweld-evalueringproses .....	18
Riglyne vir evaluering .....	18
Kommunikering van geweldrisiko.....	21
Slotsom .....	23
Bronnelys .....	24

## ARTIKEL 1

### Die voorspelling van gevaarlikheid: 'n oorsig

#### Samevatting

Hierdie oorsigartikel fokus op die feit dat geweldvoorspelling, ten spyte van die probleme daaraan verbonde, 'n kernrol kan en behoort te speel in die bekamping van geweldsmisdade. Die verband met verwante konsepte soos risiko-evaluering, asook die toepassing van sodanige evaluering in die regspleging word verduidelik. 'n Aantal wanopvattinge ten opsigte van die verband tussen psigiese versteurings en die voorkoms van gewelddadige gedrag word geïdentifiseer. Dit word ook aangetoon dat geweldrisiko-evaluering as 'n nie-eksakte wetenskapsbeoefening aan gebreke mank gaan en gevolglik deurlopend gedebatteer word. Aandag word gegee aan die feit dat daar ten spyte van genoemde tekortkominge wel vordering gemaak is in sowel navorsing oor, as die praktyk van geweldvoorspelling. Navorsing oor die rol en ontwikkeling van verskillende wyses van geweldvoorspelling asook hoe die proses van voorspelling ten beste uitgevoer kan word, word bespreek. Daar word veral gelet op die tekort aan sodanige navorsing in Suid-Afrika asook dat navorsing wat hierdie leemte moet vul, hoë en selfs nasionale voorkeur behoort te geniet. Laastens word moontlike fokuspeunte vir toekomstige navorsing geïdentifiseer.

#### Inleiding

Geweld en veral geweldsmisdade het nasionaal en internasionaal 'n ontstellende werklikheid geword – met uiters negatiewe gevolge vir sowel die slagoffers as hulle families, vriende en die breë gemeenskap. Inderwaarheid word die hele land op finansiële, politieke en geestesgesondheidsgebied benadeel. Dit is gevolglik noodsaaklik dat geweldsmisdade uit alle oorde beveg sal word. Verskeie outeurs (cf. Blackburn, 2000; Douglas, Cox, & Webster, 1999; Hart, 1998a) is dan ook van mening dat die effektiewe voorspelling van gewelddadige gedrag<sup>1</sup>, 'n belangrike bydrae kan lewer tot die bekamping van geweldsmisdade. Om hierdie rede word geestesgesondheidskundiges dikwels versoek om sodanige voorspellings te maak (Arrigo, 2000). Dit is egter belangrik om daarop te let dat die voorspellings van gewelddadige gedrag nie slegs ten doel het om moontlike leed aan ander te voorspel nie maar ook die hantering, oftewel bestuur van risiko, insluit, dit wil sê optrede wat die risiko van leed aan ander kan verminder of selfs uitskakel (Monahan & Steadman, 1994; Quinsey & Walker, 1992).

---

<sup>1</sup>Tot redelik onlangs is gewelddadige gedrag beskryf as "gevaarlikheid" (dangerousness) en "gevaarlike gedrag". Weens talle betekenisprobleme is laasgenoemde terme egter mettertyd vervang met die meer beskrywende "gewelddadige gedrag". Daarby word die term risiko-evaluering tans al hoe meer as 'n sinoniem gebruik waar voorspelling van gewelddadige gedrag ter sprake is. Volgens die huidige outeur is risiko-evaluering egter 'n meer oorkoepelende en breër begrip omdat dit op talle ander risiko's benewens geweld by mense van toepassing kan wees. Risikoberekening is weliswaar 'n universele fase in professionele besluitneming (bv. versekeraars, bankiers, medici en ingenieurs benodig dit dikwels om hulle in besluitneming te lei), maar dit kom ook voor by alledaagse besluite (soos die aankoop van 'n huis of 'n motor). Nietemin sal die terme risiko-evaluering en gevaarlike gedrag weens die algemene gebruik daarvan en by wyse van afwisseling, soms in artikels 1, 2, en 3 gebruik word.

Die mening dat 'n bepaalde persoon ander mense leed kan aandoen en daarom 'n risiko verteenwoordig, kom ter sprake by verskeie fasette van die regspleging soos byvoorbeeld borg- en vonnisbepalings, die ontslag van oortreders met of sonder psigiese versteurings, sowel as toesig en beheer sake. Psigoforensiese werk, veral waar psigiese versteurings ter spake is, was tradisioneel die arbeidsveld van veral psigiater, maar deesdae word sielkundiges ook daarby betrek – hoewel nie sonder voorbehoud nie (Allan & Louw, 2001). Die publiek koester dan ook die verwagting dat geestesgesondheidskundiges geweldsrisiko (veral by persone met 'n psigiese siekte) moet kan evalueer ten einde dade van geweld te voorkom (Anfang & Applebaum, 1996; Geddes, 1999).

Relatief min geweldsoortreders word egter na psigiater en sielkundiges verwys. Die rede daarvoor is dat dit meestal slagoffers is aan wie hulp verleen word vir byvoorbeeld post-traumatische stres versteuring (PTSV). Verder, wanneer oortreders wel na 'n psigiater/sielkundige verwys word, is dit hoofsaaklik omdat 'n geestesongesteldheid vermoed word. Aangesien persone met psigiese versteurings egter slegs vir 'n klein hoeveelheid geweldsmisdade verantwoordelik is (Gunn, 1993; Monahan, 1996), is die publiek veral weens onkunde en beïnvloeding deur die massamedia, van die teendeel oortuig (Pescosolido, Monahan, Link, Stueve, & Kikuzawa, 1999). 'n Beraming in die VSA het byvoorbeeld die persentasie geweldsoortredings wat deur mense met 'n psigiese siekte gepleeg word, op slegs 3% bereken (Swanson, 1994). Verder wys Taylor en Gunn (1999) daarop dat moorde in Engeland deur individue met psigiese versteurings, betekenisvol gedaal het. Alhoewel navorsingsresultate daarop dui dat daar nie 'n beduidende verband tussen geweld en psigiese versteurings in die geheel is nie, is dit ewe waar dat daar wel 'n beduidende verband bestaan tussen spesifiek psigotiese versteurings en geweldsrisiko (Link & Stueve, 1994; Swanson, Borum, Swartz & Monahan, 1996). Ander veranderlikes soos substansmisbruik, 'n kriminele geskiedenis, 'n antisosiale-persoonlikheidsversteuring, en gesinsdisfunksie (afgesien van bv. ras, geslag, sosio-ekonomiese status), blyk 'n baie groter rol te speel in geweldsoortredings as psigiese versteurings (Bonta, Law & Hanson, 1998; Steadman, et al., 1998). Navorsing wat wél aandui dat geestesiekte geweldsrisiko inhou, hou egter vol dat dié bydrae baie klein is in vergelyking met die bydrae van ander veranderlikes en dat selfs die uitkakeling van geestesiekte nie die samelewing betekenisvol minder gewelddadig sou maak nie (Applebaum, 2001).

Risiko-evaluerings stel egter groot eise aan die evalueerder en foutiewe voorspellings is daarom nie ongewoon nie (Douglas et al., 1999). Sodanige foute hou egter ernstige implikasies in vir sowel diegene wie se gedrag voorspel word, as die publiek en die

kundiges wat die voorspellings gemaak het. Alles moontlik behoort dus gedoen te word om dié foute te voorkom.

Ongeag die waarde wat geweldsvoorspelling inhou, is daar nie konsensus oor die wyse waarop hierdie risiko-evaluerings gedoen moet word nie. Verder is die voorspelling van geweldsrisiko 'n nie-eksakte wetenskapsoefening (Doyle & Dolan, 2002), baie kontroversieel en lok gevolglik voortdurend debat uit (Dolan & Doyle, 2000; Webster, Hucker, McMaster, & Bloom, 2002). Hierdie debat word aangevuur deur die feit dat die voorspelling van gevaarlike gedrag dikwels foutief is weens byvoorbeeld die algemene geneigdheid by kundiges om geweldspotensiaal te oorskat (Pagani & Pinard, 2001).

Resente navorsing oor die evaluering en voorspelling van geweld toon nietemin aan dat betekenisvolle vooruitgang gemaak is veral om oordeels- en besluitnemingsfoute tot die minimum te beperk. Talle resente navorsingsprojekte fokus daarom veral op die ontwikkeling van empiries gegronde modelle van risikohantering vir spesifieke populasies (Douglas et al., 1999; Monahan, 2003; Pagani & Pinard, 2001). Hierdie navorsing is egter van meet af aan met groot uitdagings gekonfronteer omdat dit wat hier gemeet - of dan voorspel moet word - nie so maklik evalueerbaar is soos byvoorbeeld gewig, lengte of spoed nie (Jones, 1995). So word amptelike indekse van geweld (bv. arrestasies, skuldigbevindings, inhegtenisnames en hospitalisasie) dikwels as maatstaf vir gewelddadigheid gebruik. Nie-aangemelde en onopspoorbare geweldsvorme word dus nie in berekening gebring nie, met die gevolg dat 'n skewe beeld maklik verkry kan word (Link, Andrews, & Cullen, 1992).

Die bovermelde situasie rondom die voorspelling van gewelddadige gedrag is binne die Suid-Afrikaanse konteks selfs nog meer problematies. Eerstens bestaan daar 'n bykans totale gebrek aan navorsing oor geweldsvoorspelling in Suid Afrika: slegs een artikel van Zabow en Cohen (1993) kon in dié verband gevind word. Tweedens, in 'n land wat, volgens verskeie outeurs soos Rasool (2000) en Van Rensburg (1999), oor van die hoogste gewelddadigheidsyfers in die internasionale arena beskik, behoort maatreëls vir die bekamping van geweldsmisdrywe (soos die identifisering van diegene wat 'n gevaar vir ander inhou), beslis 'n nasionale prioriteit te wees.

Ten einde hierdie leemtes aan te vul, is die primêre doelwit van hierdie studie om te bepaal watter kriteria 'n deurslaggewende rol speel by sielkundiges en regsgeleerdes wanneer die voorspelling van geweld ter sprake is. Ter aanvulling van die geheelbeeld is daar verder besluit om ook die straftoemeting van gewelddadige gedrag aan die orde te



stel. Dit sluit onder andere die vraag in of geweldsmisdadigers in die Suid-Afrikaanse konteks genoegsaam gestraf word, die rol van subjektiwiteit of vooroordeel in geweldvoorspelling en vonnisbepaling, en die vraag of die opleiding van evalueerders van geweldsrisiko voldoende is.

Om 'n teoretiese agtergrond vir die empiriese studie te bied, word vervolgens 'n samevattende uiteensetting gegee van die belangrikste fasette van geweldsrisiko-evaluering wat in die literatuur aangetref word, naamlik:

- bestaande navorsing oor die voorspelling van geweld,
- aktuariële ("wetenskaplik of empiries bewese") vs. kliniese ("informele en subjektiewe") voorspellings, en
- die geweld-evalueringsproses.

Ter wille van oriëntasie kan op hierdie stadium gemeld word dat die empiriese navorsing in die hieropvolgende twee artikels gerapporteer sal word. In die eerste empiriese artikel (Artikel 2) word faktore wat volgens sielkundiges en regsgeleerdes 'n bepalende rol speel in die evaluering van geweldsrisiko, bespreek. In die tweede empiriese artikel (Artikel 3) sal die mening van sielkundiges en regsgeleerdes oor die voorgenoemde verwante aspekte ten opsigte van straftoemeting by geweldvoorspelling aangebied word.

### **Bestaande navorsing oor geweldvoorspelling**

Navorsing oor die voorspelling van geweld het aanvanklik hoofsaaklik gekonsentreer op psigiese versteurdes, waarskynlik vanweë die onkrities-aanvaarde opvatting dat individue met 'n psigiese versteuring 'n groter geweldsrisiko inhou en dat kenners op dié gebied oor spesiale kundigheid beskik om geweldsrisiko te voorspel (Mulvey & Lidz, 1984;1985). Verskeie navorsingsresultate en publikasies van die laat sestiger- en veral sewentigerjare, het dit egter onomwonde gestel dat sodanige kundiges nié oor die vermeende vaardighede beskik nie (American Psychological Association, 1978; Coccozza & Steadman, 1976; Ennis & Litwack, 1974; Steadman & Coccozza, 1974). Daarby meen Monahan (1981, 1984) dat meer as twee derdes van potensiële geweldsgevalle verkeerd voorspel is en dus verdere motivering bied vir die oortuiging dat geweldvoorspelling laat vaar moet word.

Die voorafgaande resultate is afkomstig van wat bekend geword het as die eerste-generasie<sup>2</sup> studies oor die voorspelling van gevaarlike gedrag by persone met psigiese versteurings. Hierdie pasiënte is onder andere deur hofbevele vrygelaat, ten spyte van 'n psigiatriese opinie dat hulle "gevaarlik" sou wees en onbepaald aangehou moet word (Mulvey, 1994). Uit die resultate is tot die gevolgtrekking gekom dat daar by sodanige voorspellings 'n algemene patroon van onaanvaarbaar hoë, vals negatiewe en vals positiewe resultate voorgekom het (Blackburn, 2000; Litwack & Schlesinger, 1999). Soortgelyke gevolgtrekkings is onder andere ook uit studies in 1984 (Sepejak, Webster, & Menzies, 1984) en meer onlangs in 1995 (Menzies & Webster, 1995) gemaak.

Die kritiek jeens die eerste-generasie navorsing oor die voorspelling van geweld kan as volg saamgevat word (Monahan, 1981):

- Dit is empiries gesproke onmoontlik om geweld te voorspel en behoort eenvoudig nie gedoen te word nie.
- Selfs indien sodanige voorspellings met reg gemaak kan word, word die menseregte van diegene wie se gedrag voorspel word, daardeur geweld aangedoen.
- Al sou geldige voorspellings moontlik wees, is die noodwendige sosiale-kontrolefunksie daarvan direk in botsing met die tradisionele beskouing dat psigiaters en sielkundiges primêr 'n helpende funksie behoort te vervul.

Gevolgtrek het dit die slagspreuk van die eerste-generasie navorsing geword dat psigiaters (en by implikasie ook sielkundiges) oor die algemeen oorskat word as voorspellers van geweld en dus van hierdie rol afstand moet doen (Monahan, 1981; Grisso & Appelbaum, 1992).

Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat die resultate van die eerste generasie navorsing sterk bevraagteken is. So byvoorbeeld het die definisie van belangrike en integrale konsepte soos gevaarlikheid, geweld, gewelddadige gedrag en hoë risiko, dikwels van navorser tot navorser verskil (Steadman, 1973; Shah, 1978; Lidz & Mulvey, 1995; Grisso, 1996). Die noodwendige gevolg van hierdie onkonsekwente gebruik van kernkonsepte was 'n hoë foutekoers (Grubin, 1997). Daarby was die proefpersone (bv.

---

<sup>2</sup> In 'n resente oorsigartikel onderskei Doyle en Dolan (2002) drie tipes geweldvoorspelling wat die ontwikkeling van geweldvoorspelling weerspieël, naamlik: (a) die periode van die kliniese benadering waarin veral professionele opinie deurslaggewend was (die sg. eerste generasie navorsing), (b) die ontstaan en ontwikkeling van die aktuariële benadering waarin statistiese data en riglyne die grondslag vir geweldvoorspellings vorm (die sg. tweede generasie navorsing), en (c) die totstandkoming van gestruktureerde kliniese evaluerings ('n poging tot sintese van eersgenoemde twee benaderings) wat nie slegs voorspelling (soos by aktuariële voorspelling) ten doel het nie, maar ook die evaluering en bestuur van geweldsrisiko behels (die sg. derde generasie navorsing).

psigiatryse pasiënte) wat in die eerste-generasie navorsing gebruik is, dikwels nie verteenwoordigend van die algemene bevolking nie (Blackburn, 1984; Litwack & Schlesinger, 1999).

Die praktyk van geweldvoorspelling het egter nie tot 'n einde gekom as gevolg van bovermelde negatiewe gevolgtrekkings nie. Die rede daarvoor is hoofsaaklik dat talle regslui en wetgewers, veral in die VSA, die mening bly handhaaf het dat geestesgesondheidskundiges tog wel oor genoeg kundigheid beskik<sup>3</sup> en daarom primêr verantwoordelik is vir die evaluering van geweldsrisiko (bv. Tarasoff v. Regents, 1976). Volgens Allan en Louw (2001) is dit in die RSA minder duidelik wat die howe se standpunt in dié verband is. Ten opsigte van die vraag of sielkundiges oor genoeg kundigheid beskik om ten opsigte van die regspleging 'n bydrae te maak, blyk dit dat sommige regters meen dat sodanige deskundige getuienis belangrik is (bv. S v. Campher, 1987) en selfs tydens vonnisbepaling by kriminele sake aanbeveel word (bv. S v. Dlamini, 1991, 1992; S v. Wiid, 1990). Daarteenoor is ander versigtig en selfs negatief oor die bydrae wat sielkundiges kan bied. In sodanige gevalle is dit veral sielkundiges se beweerde gebrek aan objektiwiteit (cf. Jonathan v. General Accident Insurance Co, 1992; Stock, v. Stock 1981), wat in gedrang kom. Desnieteenstaande word die getuienis van geestesgesondheidskundiges oor geweldspotensiaal by tye aangehoor en aanvaar (cf. S v. T, 1997).

Hoewel dus aanvaar moet word dat die voorspelling van geweld mank gaan aan gebreke, is dit ook 'n geval van die spreekwoordelike "n halwe eier is beter as 'n leë dop"! Daarby kan die evaluering van geweldsrisiko weens die eise van die daaglikse praktyk, eenvoudig net nie uitgeskakel word nie (Litwack & Schlesinger, 1987, 1999; Monahan, 2003).

Hierdie standpunt het daartoe gelei dat 'n aantal studies onderneem is wat bekend geword het as die "tweede-generasie" navorsing oor risiko-evaluering. Hierdie navorsing het versigtig-optimisties die mening uitgespreek dat sodanige evaluering in bepaalde omstandighede wél met genoegsame akkuraatheid gedoen kan word (Segal, Watson,

<sup>3</sup> Volgens Krauss en Lee (2003) (cf. ook Nedopil, N., 2002), is hierdie gevolgtrekking, wat hoofsaaklik gebaseer is op die uitspraak in *Barefoot v. Estelle* (436 U.S. 880, 1983), egter ongeldig aangesien: (a) in die genoemde saak slegs die kliniese opinie van twee psigiaters ten opsigte van 'n hipotetiese vraag in aanmerking geneem is, en (b) juriese betekenismatig meer deur kliniese as aktuariële voorspelling beïnvloed word, bloot omdat laasgenoemde meestal komplekse statistiese data bevat (Krauss & Sales, 2001) én juriese eerder deur die teenwoordigheid van 'n deskundige as die inhoud van (komplekse) getuienis, beïnvloed word (Cooper & Neuhaus, 2000). Gevolglik beveel hierdie navorsers aan dat regslui veral bedag moet wees op "...the influence of less scientific expert testimony ..." (p. 116).

Goldfinger, & Averbuck, 1988; Hall, 1987; Litwack & Schlesinger, 1987; Monahan, 1984).

Hierdie navorsing het aangetoon dat:

- Die navorsing van die eerste generasie nie so negatief en onbruikbaar geïnterpreteer moet word as wat wel die geval was nie.
- Die voorgenoemde en weliswaar beperkte databasis waarskynlik verbeter en uitgebrei kan word.
- Die openbare besluitneming wat op die evaluering van geweldrisiko berus, waarskynlik minder as voorheen met onrealisties-idealistiese morele en politieke standaarde gemeet sal word.

Voorstanders van hierdie uitgangspunt is van mening dat veral voorspelling van onmiddellike, teenoor langtermyn-risiko beter akkuraatheidsresultate sal oplewer. Latere navorsing het vervolgens meer gekonsentreer op behoorlik verteenwoordigende korttermynvoorspellings. Hierdie studies het van verskeie metodes gebruik gemaak maar het eweneens gemengde resultate opgelewer (Cooper & Werner, 1990; Otto, 1992). So byvoorbeeld het McNiel en Binder (1989), op grond van hul navorsingsdata daarop aanspraak gemaak dat verpligte opname weens aggressiewe gedrag, wel 'n betroubare indikator van gewelddadigheid is. Herevaluering van die resultate het egter aangedui dat die verskille tussen die groepe hoofsaaklik aan verskille in verbale aggressie toegeskryf moet word en dat sowel verpligte opname as gedrag nêr na sodanige opname, ongeldige kriteria vir geweldrisiko verteenwoordig (Apperson, Mulvey, & Lidz, 1993; Lidz, Mulvey, Apperson, Evanczuk, & Shea, 1992).

Daarby is Blackburn (2000) van mening dat konsekwent lae vlakke van akkuraatheid voorgekom het wanneer standaard biografiese pasiëntinligting as kriterium gebruik is. Cooper en Werner (1990) het byvoorbeeld bevind dat wanneer geweld in gevangenisomstandighede voorspel word met behulp van kriminele- en demografiese data van die periode voor die inhegtenisname, slegs 1 uit die 21 voorspellers (sielkundiges en ander gevallehanteerders) voorspellings gemaak het wat beter as toeval was!

Ander studies kon egter wel bevindings rapporteer waarin die akkuraatheidskoers beter as toeval was. McNiel en Binder (1991) het byvoorbeeld die voorspellingsakkuraatheid van verpleegpersoneel en dokters in 'n korttermyn binnepasiënt-eenheid ondersoek. Die resultate het daarop gedui dat die personeel wel relatief akkuraat gevaarlike gedrag kon voorspel. Daar is byvoorbeeld 'n eg positiewe koers van 40% by 40% van pasiënte wat in

die hoë risikogroep geplaas is, gevind, en daar is van fisieke aggressie, soos byvoorbeeld vuishoue, as kriterium gebruik gemaak.

Verder het Lidz, Mulvey en Gardner (1993) die metodologiese foute wat in die eerste generasie navorsing geïdentifiseer is, probeer uitskakel deur 'n studieprojek in hospitaalkonteks te loods. Sowel verpleegpersoneel as psigiaters het in die nooddiensafdeling van 'n voorstedelike psigiatriese hospitaal beoordelings van moontlike geweldsrisiko gemaak. Deur van demografiese veranderlikes gebruik te maak, het hulle 'n sukseskoers van 53% gehad teenoor 36% van 'n kontrolegroep wat nie as 'n risiko beskou is nie.

Dit is uit hierdie en ander soortgelyke navorsing (Campbell, 1995a, 1995b; Webster, Douglas, Eaves, & Hart, 1997; Webster & Jackson, 1997) dat Otto (1992) en Monahan (1984) se eertydse opinie, dat die eerste generasie navorsing slegs in een uit elke drie voorspellings van geweld in die kol was, verwerp is. Otto se gevolgtrekking was dat die tweede generasie studies 'n akkuraatheidskoers van een korrekte voorspelling uit elke twee, dit wil sê 50%, daargestel het.

Verskeie navorsers sluit aan by Otto (1992) se standpunt dat die akkuraatheid van geweldsrisiko-evaluering nie gering geskat moet word nie. Apperson et al. (1993) het byvoorbeeld op beduidende wyse aangetoon watter pasiënte in 'n korttermyn behandelingseenheid aggressief sal optree. Hulle het egter beklemtoon dat die mate van akkuraatheid veral afhanklik is van spesifisering van:

- die voorspellingskriterium
- die aard van die kontrolegroep en
- die tydspanne waarin die betrokke gedrag gemeet is.

In aansluiting hierby het Mossman (1994) aangedui dat die meeste studies oor geweldvoorspelling ontoereikende en foutiewe akkuraatheidsindekse gebruik. Hy het vervolgens meer as 50 groepe databasisse oor geweldvoorspelling met behulp van 'n statistiese metode, bekend as ROC ("Receiver operator characteristics"), aangewend, wat 'n statistiese maatstaf bekend as AUC ("Area under the curve") daar stel. Die bevinding was dat 81% van die voorspellings betekenisvol beter resultate as blote toeval opgelewer het met 'n gemiddelde AUC waarde van 0.73. Hierdie resultate is in ooreenstemming met resente evaluering van die akkuraatheid van die tweede generasie

navorsing wat 'n akkuraatheidswaarde in terme van AUC, gelykstaande aan 0.84 teenoor dié van die eerste generasie studies se 0.75, opgelewer het (Blackburn, 2000).

Hoewel resente navorsing dus aantoon dat geestesgesondheidskundiges wel die geweldspotensiaal van pasiënte beter as toeval kan voorspel, word egter beklemtoon dat die mate van bewese akkuraatheid steeds matig en die hoeveelheid vals positiewe resultate, onrusbarend hoog is (Monahan & Steadman, 1994).

Alhoewel daar verskeie belangrike resente navorsingsprojekte bestaan wat 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling en verbetering van geweldsrisiko-evaluering (bv. veral die "MacArthur risk assessment study" – Steadman, et al., 1994; Monahan, et al., 2001), val dit buite die doelstelling van hierdie artikel om 'n gedetailleerde bespreking daarvan aan te bied. (Vir dié doel kan Dolan & Doyle, 2000; Douglas & Webster, 1999; Litwack & Schlesinger, 1999; Monahan, 2003; Monahan, et al., 2000; Monahan et al., 2001; Steadman, et al., 1994 en Steadman et al., 2000, geraadpleeg word).

Die belangrikste gevolgtrekkings van die mees resente navorsing oor risiko-evaluering kan egter in die volgende hoofpunte saamgevat word:

- ♦ Regstelling van die talle tekortkominge en probleme van en vooruitgang in die evaluering van gevaarlike gedrag moet begin by 'n denke-verandering, naamlik dat geweld en geweldsoortredings nie 'n eenheidsbegrip of -verskynsel is nie (Appelbaum, 2001; Blackburn, 2000; Monahan, 2003). Dit behels onder andere dat aanvaar moet word geen tipologie op sigself die voorkoms van geweld volledig kan verklaar nie, aangesien sodanige oortredings onder andere deel vorm van 'n groter geheel. Geweldsoortredings het byvoorbeeld selde identiese motiewe; kan as geïsoleerde insident of gedragspatroon voorkom en na aanleiding van middelmisbruik of ernstige psigiese versteurings gepleeg word. Daarby speel die verskeidenheid veranderlikes wat wél met geweld korreleer, in isolasie gesien, 'n relatief beperkte rol in die verklaring of voorspelling van gewelddadige gedrag. Appelbaum (2001) meen selfs dat 'n bepaalde veranderlike selde vir meer as 20% van die variasie in enige verklaringsmodel verantwoordelik is. Dit is meestal eerder die interaksie van 'n verskeidenheid van veranderlikes wat aanleiding gee tot die voorkoms van 'n spesifieke daad van geweld. Hieruit word die afleiding gemaak dat sowel faktore wat geweldsrisiko verteenwoordig as moontlike voorkomende maatreëls, in die meeste gevalle sal verskil (Blackburn, 2000).

- ◆ Hoewel die betroubaarheid van voorspellings steeds een van die kernknelpunte is, is die perfektheidsideaal van die eerste generasie navorsing vervang met 'n meer realistiese strewe na genoegsame akkuraatheid wat sowel haalbaar, aanvaarbaar en bruikbaar is (Litwack & Schlesinger, 1999; Melton, Petrla, Poythress, & Slobogin 1997). Volgens Douglas et al. (1999) asook Webster et al. (2002a), sal dit egter baie beter samewerking tussen teorie en praktyk vereis as wat tans die geval is.
- ◆ Daar is oormatig klem gelê op vals positiewe en vals negatiewe resultate in die debat oor die betroubaarheid van risiko-evaluering. Dit spruit veral uit onduidelikheid en wanopvattinge oor die betekenis van die begrippe "gevaarlikheid", "geweld" en "geweldvoorspelling". Om die terminologiese verwarring verder te kompliseer, word die term "geweldsrisiko" tans in verskeie kringe verkies om onder andere ook die implikasie van 'n voorspelling in die eksakt-wetenskaplike sin uit te skakel (Litwack & Schlesinger, 1999). (In die afdeling oor die kommunisering van geweldsrisiko word navorsingsbevindings en aanbevelings hieroor in meer besonderhede bespreek).
- ◆ Hoewel daar nog geen eenstemmigheid onder kundiges bestaan oor die faktore wat met geweldsrisiko geassosieer behoort te word nie (bv. 'n geskiedenis van geweldsoortredings, geslag en ouderdom), is daar 'n aantal spesifieke veranderlikes wat volgens verskeie outeurs (Blackburn, 2000; Douglas et al., 1999; Harris, Rice, & Quinsey, 1994; Monahan, 2003), redelik konsekwent met geweldsrisiko verbind word, byvoorbeeld:
  - \* 'n beduidende telling op die *Psychopathy Checklist (PCL)*, 'n psigometriese instrument wat deur Hare, 1993, ontwikkel is,
  - \* 'n geskiedenis van kriminele gedrag,
  - \* middelmisbruik, en
  - \* die ouderdom van die oortreder.

'n Nuwe benadering tot die identifisering van risikofaktore is om die belangrikste voorspeller veranderlikes in kategorieë te verdeel (Monahan, 2001), naamlik:

- historiese faktore (bv. werk-, gesins- en geweldsgeskiedenis),
- disposisionele faktore (bv. demografiese data soos ouderdom, ras, geslag en sosiale status, asook persoonlikheids- en neurologiese data),
- kontekstuele faktore (bv. stressors, ondersteuningsnetwerk en beskikbaarheid van wapens), en

° kliniese faktore (bv. vlak van funksionering, simptomatologie, diagnose en substansmisbruik).

Verskeie outeurs beklemtoon egter dat die teenwoordigheid van een of meer van hierdie faktore slegs op die moontlikheid van 'n geweldrisiko dui, en nie dat 'n geweldsoortreding op hande is en/of dat voorkomende aksie geregverdig is nie (Swanson, et al., 1996).

- ◆ Betekenisvolle vordering is gemaak in die definiëring en validering van 'n aantal risikoverwante veranderlikes. Dit blyk onder andere uit die ontwikkeling van relatief nuwe meetinstrumente wat op hierdie veranderlikes gebaseer is, byvoorbeeld:

\* Die *Historical, Clinical, Risk-Management variables* (HCR-20) (Webster, et al., 1997),

\* Die *Iterative Classification Tree* (ICT) (Steadman et al., 2000),

\* Die *Psychopathy Checklist-Revised version* (PCL-R) (Hare, 1991),

\* Die *Violence Risk Appraisal Guide* (VRAG) (Harris, Rice, & Quinsey, 1993),

\* Die *Violence Prediction Scheme* (VPS) (Webster, Harris, Rice, Cormier, & Quinsey, 1994).

Dit is egter belangrik om in aanmerking te neem dat weinig, indien enige van hierdie meetinstrumente vir die uniek Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer is. Dit is gevolglik belangrik dat navorsing gedoen sal word oor die geldigheid en betroubaarheid van hierdie evalueringinstrumente in die RSA. Die moontlikheid behoort ook ondersoek te word om soortgelyke evalueringinstrumente van meet af te ontwikkel.

- ◆ Hoewel aktuariële voorspellings dikwels voorkeur geniet in talle navorsingsprojekte, beteken dit nie dat dit noodwendig en vir alle kontekste beter as die kliniese metode geag word nie (Litwack, 2002). Wat meer is, die tradisionele skeiding van, en gepaardgaande tweestryd tussen kliniese en aktuariële voorspelling, is inderdaad besig om plek te maak vir die insig dat dié benaderings twee aspekte van dieselfde saak verteenwoordig (Dolan & Doyle, 2000; Douglas et al., 1999; Litwack & Schlesinger, 1999). Talle resente navorsingsprojekte het dan ook die totstandkoming van "klinies-gestruktureerde" (ook bekend as empiries-gegronde) meetinstrumente tot gevolg gehad (soos die VRAG en PCL-R) (sien Douglas et al., 1999; Elbogen, Mercado, Scalora, & Tomkins, 2002; Litwack en Schlesinger, 1999; Monahan et al., 2000; Monahan, 2003, vir 'n volledige uiteensetting). In hierdie evalueringinstrumente word nie alleen aktuariële gegronde data en riglyne vir geweldvoorspelling aangebied nie, maar ook, anders as by aktuariële prosedures, ruimte aan die praktisyne gelaat vir



selfstandige besluitneming (Buchanan, 1999; Dolan & Doyle, 2000; Doyle & Dolan, 2002; Douglas et al., 1999; Elbogen, 2002; Hart 1998a,b; Milner & Campbell, 1995). Hierdie ontwikkeling word volgens Doyle en Dolan (2002) as die derde generasie navorsing oor geweldvoorspelling beskou. Die aktuariële en kliniese voorspellingsmodaliteite word later meer breedvoerig bespreek.

- ◆ Dit is veral eties en prakties gesproke baie problematies om die betroubaarheid van geweldvoorspellings te toets, byvoorbeeld deur die vrylating van individue wat as gevaarlik beskou word (Monahan, Appelbaum, Mulvey, Robbins, & Lidz, 1994). Daar moet dus meestal van alternatiewe en dikwels minder bevredigende metodes gebruik gemaak word. 'n Voorbeeld is om gevalle op te volg wat vrygelaat is en toevallig ook met aanvaarbare meetinstrumente en ander metodes geëvalueer is.
- ◆ Vooruitgang in risikovoorspelling is veral afhanklik van konsekwente uitskakeling van die foute wat reeds deur navorsing uitgewys is. Verskeie outeurs (Douglas et al., 1999; Heilbrun, 1977; Monahan, 2001; Novaco, 1997; Rice & Harris, 1997; Steadman et al., 1994) stel die volgende vereistes ten einde dié doel te bereik:
  - \* dat terme soos "gevaarlik", "gewelddadig" en "risiko" in elke evaluering konkreet uitgespel moet word in terme van die risikofaktore wat ter sprake is (bv. toegang tot 'n vuurwapen), die soort (bv. gesinsgeweld) en mate (bv. matige/ernstige) van geweld wat voorspel word, en die waarskynlikheid (bv. lae/matige/hoë risiko) dat dié geweldsoortreding kan plaasvind,
  - \* dat risikofaktore empiries gegrond moet wees,
  - \* dat veral aktuariële navorsing prioriteit behoort te geniet,
  - \* dat navorsingsprojekte veral goed gekoördineerd, en verteenwoordigend moet wees en oor voldoende proefpersone moet beskik,
  - \* dat navorsing oor geweldrisiko ook 'n plan vir risikovermindering moet inkorporeer,
  - \* dat duidelike en ondubbelsinnige kommunisering van die resultate van evaluering 'n wesentlike deel van geweldvoorspelling moet uitmaak, en
  - \* dat deurgaans in gedagte gehou moet word dat die voorspelling van geweld, waarskynlikheidskattings is wat tyd- en konteks bepaald is.
- ◆ Die fokus van navorsing het verskuif vanaf die betwisting van die betroubaarheid van geweldvoorspellings, na metodes om dit te verbeter en meer effektief aan te wend (Monahan, 1996). Verder word grondwetlikheid van voorspellings van geweld tans, alhoewel nie sonder teenspraak nie (Krauss & Lee, 2003), veral in die V.S.A. klaarblyklik deur die regsprofessie aanvaar (cf. *Barefoot v. Estelle*, 1983; *Daubert v. Merrill Dow Pharmaceuticals*, 1993; *E.I. du Pont de Nemours & Co. v. Robinson*, 1995; *Kansas v. Hendricks*, 1997; *United States v. Salerno*, 1987).

Uit die voorafgaande blyk dat daar inderdaad ten opsigte van sowel teorie as praktyk, betekenisvolle vooruitgang gemaak is met geweldvoorspelling (Stone, 2002; Webster et al., 2002a; Webster & Jackson, 1997), en wel in terme van

- ° algemene verbetering van navorsingsmetodologie,
- ° die ontwikkeling en validering van veral die *PCL-R*<sup>4</sup> vir Amerikaanse en Kanadese omstandighede,
- ° die identifisering van geldige geweldsrisikofaktore,
- ° die ontwikkeling van verskeie aktuariële risiko-evalueringsinstrumente, en
- ° die formulering van riglyne vir kliniese risiko-evaluerings.

Hoewel die voorafgaande navorsingsbydraes hoofsaaklik tot die VSA en Kanada beperk is en nie altyd sondermeer op die unieke, multi-kulturele Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak kan word nie, vorm dit tog 'n basis waarop navorsing in die RSA kan voortbou.

Hoewel die bekende eertydse opmerking van Monahan (1981, p. 37): "...we know very little about how accurately violent behavior can be predicted in many circumstances" moontlik nie meer ten volle geldig is nie, behoort dit steeds as motivering te dien om indringend aandag te gee aan die verbetering en ontwikkeling van elk van die voorvermelde aspekte van geweldvoorspelling. Meer spesifiek behoort veral geïdentifiseerde risikofaktore en die aktuariële meetinstrumente waarin genoemde faktore opgeneem is, ter wille van sowel optimale praktiese waarde as regsgeldigheid, verder verfyn te word.

Hoewel dit dus so is dat kenners gewelddadige gedrag nie in die ware sin van die woord kan "voorspel" nie, is wel bewys gelewer dat 'n betekenisvolle bydrae gemaak kan word tot meer effektiewe evaluering van die geweldsrisiko wat 'n bepaalde individu verteenwoordig. Sodanige doelstelling, versus 'n eis van foutlose resultate, is die meer realistiese riglyn wat vir geweldvoorspellers behoort te geld. So gesien, kan psigoforensiese kundiges inderdaad 'n unieke en belangrike rol speel in geweldsrisiko-evaluering (Litwack & Schlesinger, 1999; Monahan, 2003).

### **Aktuariële vs. Kliniese voorspellings**

Een van die aspekte van risiko-evaluering wat steeds debat uitlok, is dié van die kliniese versus aktuariële metode van evaluering. Die verstaansagtergrond van dié debat is die "wetenskaplike-praktisyn" model (Hodgins, 1997; Rice, 1997). Dit kom in kort daarop neer dat praktisyns navorsers verwyt dat hulle nie tred hou met die werklikhede (d.w.s eise en

<sup>4</sup> (Alhoewel hierdie evalueringinstrument deur verskeie navorsers soos Hart (1998a) en Webster et al. (2002b) beskou word as die beste wat tans beskikbaar is, is daar volgens Freedman, (2001) nie eenstemmigheid dat die geldigheid en betroubaarheid daarvan bo verdenking staan nie).

beperkinge) van die privaatpraktyk nie. Navorsers is daarenteen van mening dat praktisyns dikwels nie op die hoogte bly van navorsing nie, en gevolglik dikwels ondoeltreffend funksioneer. Uit hierdie debat het die beskrywingsterme aktuariële en kliniese voorspellings gevloei. Aktuariële voorspelling verwys na die wetenskaplike en empiriese bewese. Kliniese voorspelling dui op die praktiese toepassing van die model en behels subjektiewe en informele besluitneming (cf. Douglas et al., 1999; Grove & Meehl, 1996). Verder is dit ook so dat praktisyns geweldsrisiko tradisioneel op 'n individuele basis geëvalueer het en wel aan die hand van die gevallestudie-benadering. Aktuariële navorsing daarenteen was tot redelik onlangs hoofsaaklik toegespits op die evaluering van groot, heterogene populasies met behulp van sogenaamde statiese (onveranderbare) risikofaktore soos ouderdom en geslag (Dolan & Doyle, 2000). Volgens Hart (1998b) is geweldsrisiko-evaluering nie net gerig op die voorspelling van gewelddadige gedrag nie maar ook op die voorkoming daarvan. Hierdie onderskeiding beklemtoon 'n verdere verskil tussen die aktuariële en praktisynsmodelle, naamlik dat eersgenoemde veral daarop ingestel is om geweldvoorspellende faktore te identifiseer, terwyl laasgenoemde hierdie faktore wil implementeer ten einde geweldsoortredings te probeer voorkom (Doyle en Dolan, 2002). Douglas et al. (1999) wys egter daarop dat, ten spyte van talle verskille, daar ooreenstemming tussen kliniese en aktuariële voorspelling bestaan en dat albei modelle uiteindelik dieselfde doel nastreef, naamlik om die gewelddadige gedrag te probeer voorkom.

Aktuariële voorspellingsmetodes word egter oor die algemeen as die meer geldige en betroubare metode beskou, hoofsaaklik omdat formeel-statistiese prosedures en riglyne die grondslag vir besluitneming vorm (Hart, 1998a, Krauss & Lee, 2003), gestandaardiseerde data gebruik word en die wisselvalligheid van menslike beoordeling sodoende uitgeskakel word (Dowes, Faust, & Meehl, 1989; Grove & Meehl, 1996). Verder word 'n relatief klein hoeveelheid risikofaktore wat sowel bekend as konstant vir konteks en individu is, in die besluitnemingsproses geïmplementeer. Hierdie benadering bied aan evalueerders ook die voordeel van eenvormigheid en objektiwiteit omdat besluitneming gegrond word op data wat op 'n voorafbepaalde wyse gekodifiseer word (Dolan & Doyle, 2000; Meehl, 1954).

Om die superioriteit van die aktuariële evaluering van geweldsrisiko te demonstreer, het Grove en Meehl (1996) resultate van die volgende meta-analitiese studie (waarin die effektiwiteit van aktuariële en kliniese voorspellings vergelyk is), gerapporteer: Uit 136 evalueringe, het die aktuariële metode in 64 gevalle beter resultate gelewer; die kliniese metode in 8 gevalle beter resultate; en in 'n verdere 64 gevalle is geen verskil gevind nie.

Talle praktisyns (cf. Buchanan, 1999; Grubin, 1997; Litwack, 2001, 2002; Litwack & Schlesinger, 1999), betwyfel egter die mening dat die aktuariële voorspellingswyse in alle gevalle superieur is. Die hoofredes daarvoor is dat dié metode individuele variasies ten opsigte van geweldsrisiko oor die hoof sien en dat belangrike/unieke maar dikwels onmeetbare risikofaktore (wat inderdaad 'n belangrike rol kan speel in die evaluering van gewelddadige gedrag, bv. 'n dreigement en/of 'n sadistiese fantasie) (Litwack & Schlesinger, 1999), nie in ag geneem word nie (Dolan & Doyle, 2000; Monahan, 2003). Daarby word die aktuariële evalueringwyse ook gekritiseer vir die feit dat dit statistiese veranderlikes oorwaardeer en kliniese veranderlikes onderwaardeer, én dat die rol van kliniese oordeel gering geskat word (Douglas et al., 1999; Hart, 1998a). Die aktuariële voorspellingswyse het daarom dikwels "passiewe" voorspellings tot gevolg (Doyle & Dolan, 2002). Aktuariële voorspellings skakel ook sekere risikofaktore uit vanweë die oortuiging dat die rol van dié faktore nie empiries bewese is nie. In sommige gevalle (bv. 'n geweldsdreigement), sou dit egter aanvaarbaar wees om sodanige faktore wél in te sluit (Hart, 1998b). Verder is dit ook so dat die geldigheidswaardes van aktuariële metodes oor die algemeen nie indrukwekkend is nie, aangesien korrelasies met kriteriumveranderlikes selde die 0.4 vlak oorskry en die koers van vals positiewe resultate meestal dieselfde is as dié van kliniese voorspellingsmetode (Blackburn, 2000). Alhoewel verskeie outeurs (bv. Arrigo, 2000) van mening is dat aktuarieel gebaseerde risiko-evalueringinstrumente waar moontlik, vir sover dit relevant en beskikbaar is, gebruiksvoordeel behoort te geniet, is sodanige hulpmiddels dikwels/selfs meestal, nie beskikbaar nie (Pagani & Pinard, 2001).

Kliniese evaluering word weer veral gekritiseer vir die feit dat dit ongestruktureerd, informeel, subjektief en impressionisties is (Grove & Mehl, 1996). Daarby is hierdie soort evaluering ook blootgestel aan verskeie vorme van vooroordeel en foutering, aangesien inligtingverkryging direk afhanklik van onderhoude, observasie en selfrapportering is (Kemshall, 1996; Doyle & Dolan, 2002). Verder is sowel die interbeoordelaar-betroubaarheid as voorspellingsgeldigheid dikwels laag (Lidz, et al., 1993; Meehl, 1954; Mossman, 1994), en die besluitnemingsproses ondeursigtig. Dit het tot gevolg dat beoordeling van gevolgtrekkings wat deur praktisyns gemaak word, moeilik deur navorsers beoordeel kan word (Monahan & Steadman, 1994; Webster, et al., 1997). Ten spyte van hierdie kritiek, word kliniese geweldevaluering tans tog beskou as 'n metode wat beter resultate as toeval lewer (Gardner, Lidz, Mulvey, & Shaw, 1996). Sommige outeurs (soos Fuller & Cowan, 1999) is selfs van mening dat indien 'n multidissiplinêre, konsensusbenadering gevolg word, die kliniese metode resultate van dieselfde standaard

as dié van die aktuariële metode kan lewer. Verder hou kliniese geweldsvoorspelling ook ander voordele in soos groter soepelheid (onbuigsame prosedurereëls soos dié van die aktuariële metode, geld nie); dat aandag ook aan uitsonderlike faktore gegee word; dat geweldvoorkoming en die effek van behandeling ter sprake kom (Andrews, 1995; Snowden, 1997; Hart, 1998a); en dat groter duidelikheid oor presies wat voorspel word (voorspellingsgeldigheid/-akkuraatheid), bevoordeel word deur die formulering van psigodinamiese verklarings vir gewelddadige gedrag (Buccanan, 1999).

Die debat oor die onderskeie voorspellingsmodelle het ten spyte van wedersyds negatiewe kritiek, tog bepaalde voordele opgelewer. Een van hierdie voordele is dat die meriete van elke metode duidelik uitgespel is en dat die onderskeie metodes steeds nagevors word. 'n Ander belangrike voordeel is dat sogenaamde gestruktureerde kliniese meetinstrumente daaruit ontwikkel is. Soos reeds vermeld, verteenwoordig hierdie ontwikkeling 'n sintese van empiriese kennis (aktuariële data) en klinies/professionele kundigheid, en kan volgens Webster et al. (1997) die voorspelling van gewelddadige gedrag betekenisvol bevoordeel indien aan bepaalde standaarde<sup>5</sup> voldoen word. Die gestruktureerde benadering tot risiko-evaluering bied sowel kompeterende geldigheidsdata oor risikofaktore as groter deursigtigheid in besluitneming. In dié verband is die *PCL-R/PCL-SV* 'n goeie voorbeeld van 'n meetinstrument wat veral in die VSA en Kanada, beskou word as 'n beduidende geweldvoorspeller-instrument in sowel forensiese as nie-forensiese omstandighede (Douglas, et al., 1999). Dit is egter ook so dat navorsing oor die betroubaarheid en geldigheid van gepubliseerde risiko-evalueringsinstrumente in ander kontekste as dié waarin dit ontwikkel is, baie beperk is (Monahan, 2003).

Tog is talle praktisyns nie entoesiasies om 'van aktuariële en selfs die klinies-gestruktureerde risiko-evalueringsinstrumente gebruik te maak nie, hoofsaaklik omdat baie van hierdié meetinstrumente steeds onprakties, te duur en die analyses meestal te kompleks, tydrowend (Dolan & Doyle, 2000; Gardner et al., 1996) en te abstrak is (Sjöstedt & Grann, 2002). Die eise van die risikobestuurpraktyk vereis meer as wat

<sup>5</sup> Die standaard behels onder andere dat :

- \* evaluerings aan die hand van deeglik omskrewe/gepubliseerde kriteria moet geskied;
- \* die betrokke interbeoordelaar-betroubaarheid aan die vereiste standaard moet voldoen;
- \* voorspellings in terme van spesifieke gedrag (bv. aanranding en verkragting) en vir 'n vasgestelde tydperk geformuleer moet word (bv. mnr. X verteenwoordig vir die volgende twee weke 'n geweldsrisiko);
- \* dade wat as gewelddadig beskryf word waarneembaar moet wees en behoorlik aangeteken moet word, en
- \* aktuariële data slegs na aanleiding van bewese data aangepas moet word.

aktuariële voorspelling meestal bied (nl. 'n waarskynlikheidsyfer oor die risiko wat 'n persoon verteenwoordig, Dvoskin & Heilbrun, 2001), en wel dat die voorspeller veranderlike onder andere in terme van frekwensie, aard en erns uiteengesit word (Heilbrun, Dvoskin, Hart, & McNiel, 1999; Webster et al., 2002a). Vir hierdie doel het sommige navorsers gevolglik alternatiewe meetinstrumente ontwikkel soos die *Iterative Classification Tree* (ICT—'n besluitnemings-/klassifikasie sisteem/"decision tree", wat risiko-evaluerings by groot populasies met lae geweldvoorkomssyfers klaarblyklik vereenvoudig en vergemaklik) (Monahan et al., 2000), en die *PCL-R*, die *PCL-SV* en die *HCR-20* (wat veral vir kleiner groepe hoë-risiko pasiënte/oortreders aanbeveel word) (Dolan & Doyle, 2000).

Hoewel akademici volgens Litwack & Schlesinger (1999), voorkeur gee aan aktuariële evaluering, word sodanige beskouing nie deur resente navorsing gerugsteun nie (Litwack, 2002; Quinsey, Harris, Rice, & Cormier, 1998; Webster, Müller-Isberner, & Fransson, 2002). Verder is verskeie navorsers van mening dat aktuariële meetinstrumente hoofsaaklik as riglyne vir kliniese evaluering beskou en gebruik moet word (Grisso & Appelbaum, 1998; Monahan, 2003). Daarby is resente navorsing oor sowel die verskille tussen, as die nut van aktuariële en kliniese evaluering, dit redelik eens dat navorsers die strydbyle moet begrawe en eerder moet konsentreer op die implementering van geïdentifiseerde risikofaktore in die praktyk: "...it will not matter if a particular risk factor is discovered in the research to predict future violence if no effort is made to determine *whether or how* those risk factors would be used in practice" (Elbogen, et al., 2002, p.37).

Daar word tans redelik algemeen aanvaar dat sowel die kliniese as die aktuariële evalueringmetode ten spyte van inherente gebreke, elk op eie wyse bydra tot die evaluering van gewelddadige gedrag (Litwack & Schlesinger, 1999; Litwack, 2002). So is aktuariële meetinstrumente veral effektief ten opsigte van die voorspelling van dreigende maar minder ernstige residivisme en voorspellings oor die langtermyn (Krauss & Lee, 2003). Volgens Sjöstedt en Grann (2002), is hierdie voorspellingsmetode egter minder akkuraat in gevalle van herhaaldelike en ernstige seksuele oortredings, en veral waardeloos vir die voorspelling van intrafamiliale residiviste en non-residiviste. Kliniese voorspellings word weer veral oor die korttermyn van waarde geag (McNeil, Sandberg, & Binder, 1998). Hierdie stand van sake beklemtoon die belangrikheid daarvan dat navorsing oor die relatiewe waarde van die onderskeie geweldsevalueringmetodes sal voortgaan ten einde maksimum praktiese waarde en juridiese relevansie te verseker (Elbogen et al., 2002; Litwack, 2002; Webster et al., 2002b).

## Die geweld-evalueringsproses

Vervolgens word aandag gegee aan twee kernaspekte van die evaluering van gewelddadige gedrag, naamlik riglyne vir die evaluering van potensiële geweldplegers en die effektiewe oordrag van die resultate van sodanige evaluering.

### *Riglyne vir geweldevaluering*

Hierdie riglyne kan as basis dien vir die evaluering van potensiële gevaarlike persone wat nog gevonnissen moet word en/of in die gemeenskap vrygelaat moet word. Hoewel daar aanvanklik min inligting beskikbaar was oor riglyne vir die geweld-evalueringsproses, het 'n hele aantal publikasies in hierdie verband in resente jare die lig gesien (cf. Boer, Wilson, Gauthier, & Hart, 1997; Borum, Swartz & Swanson, 1996; Douglas & Kropp, 2002; Kropp & Hart, 1997; Monahan, 1993; Tardiff, 1996; Webster, et al., 1994; Webster et al., 2002b). Monahan (1981) het van die eerste en waarskynlik mees bekende riglyne saamgestel in die vorm van 14 vrae aan die hand waarvan die evaluering gedoen kan word. Dit handel oor sowel evalueringsprosedures as risikofaktore wat geïdentifiseer moet word. Marra, Konzelman en Giles (1987) het soortgelyke riglyne vir geweldevaluering ontwikkel. Dit bestaan uit vrae (met kategorieë soos geskiedenis van gevaarlike gedrag, kriminele rekord en aktuariële data), wat aan die evalueerder riglyne bied om 'n risiko-skatting in terme van die kategorieë hoog, medium of laag te formuleer (Blackburn, 2000).

Die waarde van riglyne soos hierdie vir die praktyk is egter onduidelik, aangesien daar groot verskille voorkom oor die spesifieke inligting wat benodig word en onderlinge vergelyking gevolglik baie moeilik is. Daarby is nog geen poging aangewend om die implementering, effektiwiteit en populariteit van die riglyne teenoor mekaar te stel nie (Litwack & Schlesinger, 1999). Tog moet hierdie riglyne se bydrae tot risiko-evaluering nie gering geskat word nie, aangesien kritici die aandag gevestig het op inligting wat ook ingesluit behoort te word.

Vervolgens word 'n samevatting gegee van 'n reeks algemene riglyne wat in die literatuur vir die evaluering en voorspelling van gewelddadige gedrag aanbeveel word:

- Volledige inligting oor die betrokke persoon se rekord ten opsigte van spesifieke gewelddoortredings en sy samewerking ten opsigte van behandeling, moet bekom word (Prins, 1988; Scott, 1977; Tardiff, 1996). In gevalle waar die geëvalueerde se geweldsgeskiedenis weens tydsverloop moeilik bekombaar of konstrueerbaar is, behoort geen moeite ontsien word om dit wêl te bekom nie. Alle bronne oor die

persoon, geweldsgeskiedenis, huidige gedrag en geestesgesondheidstatus, moet geraadpleeg en oorweeg word (Glasser, 1996; Pollack & Webster, 1990; Prins, 1996; Wack, 1993; Webster & Polvi, 1995). In dié proses moet klinici veral daarteen waak om nie sekere geweldsaanduiders weens subjektiewe faktore te minimaliseer of te maksimaliseer nie. (Appelbaum & Gutheil, 1991; Beck, 1990; Borum et al., 1996; McNiel, 1998; Monahan, 1993).

- Die mate van insig wat die oortreder in die voorkoms en dinamiek van sy geweldoortreding toon, asook sy motivering tot samewerking rakende behandeling, bied belangrike addisionele inligting oor moontlike residivisme en die geëvalueerde se vermoë om stres te hanteer (Cox, 1982; Meloy, 1987).
- 'n Volledige risiko-evaluering behoort ook aandag te gee aan die volgende veranderlikes wat moontlik met risikogedrag verband hou: die oortreder se selfwaarde-belewing (Cox, 1982), geneigdheid tot selfbesering (Schulte, Hall, & Crosby, 1994; Shergill & Szmukler, 1998), die vermoë om (sonder manipulering of minderwaardigheid) met ander oor die weg te kom (Madden, 1987), verliese te kan hanteer (Swanson, et al., 1996), en potensiaal vir empatie (Hart, Cox, & Hare, 1995; Litwack & Schlesinger, 1999). Groepwerk, sekere evalueringsinstrumente en streshanteringsevaluering kan moontlik in dié verband van waarde wees. Indien beskikbaar, behoort evalueringsinstrumente wat vir spesifieke groepe ontwikkel is (bv. psigiatriese pasiënte, kindermolesteerders, seksuele oortreders en geweldenaars), gebruik te word wanneer iemand in so 'n kategorie geëvalueer word (Boer, Hart, Kropp, & Webster, 1998; Campbell, 1995a; Kropp & Hart, 1997; Webster & Jackson, 1997; Webster, 2002b).
- Indien daar enige twyfel oor enige aspek van die evaluering bestaan, moet ander kundiges geraadpleeg word (Monahan, 1993; Werner, Rose, & Yesavage, 1990). Dit is inderwaarheid dikwels sinvol en selfs noodsaaklik om 'n onafhanklike evalueerder te konsulteer voordat finale besluite geneem, en aanbevelings gemaak word (Litwack & Schlesinger, 1999; Prins, 1988). Dit sal meehelp om byvoorbeeld te verhoed dat die evalueerder sekere geweldsmerkers weens subjektiewe faktore minimaliseer of maksimaliseer.
- 'n Voorkomende/behandelingsplan vir oortreders wat as 'n ernstige geweldsrisiko beskou word, moet daargestel word. In sodanige plan moet die oorsake van die geweldoortreding nagegaan word, voorkomende maatreëls deeglik met die betrokke oortreder deurgewerk word (Borum et al., 1996; Glasser, 1996) en die



omstandighede waarna die geëvalueerde terugkeer of teruggeplaas word<sup>6</sup>, behoorlik gekontroleer word (bv. vir die beskikbaarheid van wapens, huislike omstandighede, wat onveranderd is, en werkloosheid) (Lion, 1987; Litwack & Schlesinger, 1999; Webster, et al., 2002a).

- Voldoende beskikbare tyd is 'n voorvereiste vir 'n deeglike evaluering. Ongelukkig is so 'n evaluering dikwels nie koste-effektief nie, veral nie vir privaatpraktisyns nie. Behoorlike risiko-evaluering vereis nietemin voldoende tyd. Met ander woorde, 'n deeglike evaluering is grotendeels afhanklik van gunstige omstandighede. Privaatpraktisyns het byvoorbeeld in dié opsig baie meer beperkinge as diegene wat in langtermyn forensiese eenhede werkzaam is. Daar kan dus nie van evalueerders verwag word om meer te doen as wat redelik onder spesifieke omstandighede is nie (Litwack & Schlesinger, 1999).

In aansluiting by die voorvermelde riglyne is verskeie navorsers dit eens dat risiko-evaluerings verder verbeter kan word indien die volgende algemene foute uitgeskakel kan word (Ennis & Litwack, 1974; Hall, 1987; Monahan, 1981; Pfohl, 1978; Webster & Menzies, 1989; Webster & Polvi, 1995):

- ◆ Uitsprake/gevolgtrekkings wat nie op 'n behoorlike inligtingbasis gegrond is nie (cf. Pollack & Webster 1990; Scott, 1977).
- ◆ Navrae wat nie gefokus is nie. Met ander woorde, slegs dié veranderlikes en verbandhoudende navraag wat relevant is vir die evaluering van risiko in 'n spesifieke situasie, moet aandag kry (Litwack & Schlesinger, 1999).
- ◆ Onvoldoende verrekening van die omstandighede waarheen 'n persoon terugkeer (bv. na aanhouding en gevangenisstraf). Die rol van sogenaamde persoonlikheidstrekke in geweldsoortredings moet dus nie oorskat word nie (Monahan, 1981; Pfohl, 1978).
- ◆ Ignorering en/of vermyding van eie twyfel, tekortkominge en regverdigbare verskille met ander personeel (omdat dit maklik aanleiding gee tot foutiewe voorspellings van sowel vals positiewe as -negatiewe aard) (Appelbaum & Gutheil, 1991).
- ◆ Oningeligtheid en onkundigheid oor en onsensitiwiteit vir bewese risikofaktore. Dit kom veral voor by evalueerders wat hulle sonder die nodige opleiding en ervaring

<sup>6</sup> Volgens Webster et al. (2002a) behoort ook die besluitneming rondom ontslag aan bepaalde kriteria in die volgende rangorde te voldoen, naamlik: (a) is dit juridies relevant, dit wil sê hou dit tred met die toepaslike regs konteks? (b) is dit gegrond en aangebied op 'n wetenskaplike wyse? (c) gaan dit gepaard met 'n geïndividualiseerde en gespesifiseerde risiko-aanduiding? (d) is op 'n konkrete wyse aangedui hoe verdere geweldsrisiko verminder kan word? en (e) indien enigsins moontlik, wat is die betrokke individu se geweldsrisiko-telling (cf. Monahan et al., 2001, p. 143: "clinicians will need to have computer support available...").

op hierdie terrein begewe. Dit is byvoorbeeld in die meeste gevalle noodsaaklik om navraag te doen oor dwelmmisbruik (Litwack & Schlesinger, 1999).

- ◆ Onderskatting van geweldspotensiaal weens subjektiwiteit of stereotipes. So byvoorbeeld moet daarteen gewaak word om die geweldspotensiaal by vroue met 'n geweldsgesiedenis gering te skat (Coontz, Lidz, & Mulvey, 1994; McNiel & Binder, 1995; Newhill, Mulvey & Lidz, 1995; Taylor & Monahan, 1996).
- ◆ Nalating om basislyninligting te verkry of toepaslike aktuariële evalueringinstrumente (indien dit beskikbaar en relevant is), te gebruik vir elke geval ten einde die risiko-evaluering statisties te verantwoord (Harris et al., 1993; Litwack & Schlesinger, 1999; Monahan, 1981).

Indien die voorvermelde riglyne gevolg en die genoemde foute tot 'n minimum beperk word, is dit wel moontlik om geweldevaluering met 'n aanvaarbare mate van akkuraatheid te doen. Hoewel die situasie in Suid-Afrika uiteraard uniek is en daar 'n ernstige tekort aan veral gestandaardiseerde meetinstrumente (soos dié wat in die VSA beskikbaar is) bestaan, kan die gebruik van dié riglyne en vermyding van voorspellerfoute tog die betroubaarheid van geweldevaluering hier te lande verhoog. Die implikasie is dan ook dat die nodige navorsing gedoen sal word ten einde dié doelwit te kan bereik.

#### *Kommunikering van geweldsrisiko*

Meedeling van die resultate van geweldevaluering, asook die mate van akkuraatheid waarmee dit gedoen moet word, is fasette van geweldevaluering wat tans baie aandag kry en waarskynlik ook in die toekoms al hoe meer aandag sal ontvang (Monahan, 2003; Monahan & Steadman, 1996; Schopp, 1996).

Terme soos "waarskynlikheid", "risiko" en "moontlikheid" word dikwels verkeerdelik in die meedeling van inligting oor geweldsrisiko as wissel terme gebruik. Al wat hierdie terme egter wel in gemeen het, is die implikasie dat nie met sekerheid gesê kan word of 'n betrokke persoon in die toekoms 'n bedreiging vir ander sal inhou nie. Kenners op die gebied van risikopersepsie en besluitnemingsteorie (bv. Monahan & Appelbaum, 2001) is van mening dat dié terme andersins nie as wissel terme gebruik behoort te word nie. Die redes daarvoor is dat elke term sy eie betekenisnuanses het en gevolglik verskillend geïnterpreteer kan word (Monahan, 2003). Daarom is dit baie belangrik dat evalueerders van geweld sodanige inligting duidelik en ondubbelsinnig moet meedeel.

Hoewel navorsing oor die kommunisering van geweldsrisiko tans nog dun gesaai is, bestaan daar tog inligting wat vir die praktyk van waarde is (cf. Heilbrun, O'Neill, Strohman, Bowman, & Philipson, 2000; Heilbrun, Philipson, Berman, & Warren, 1999; McNeil & Binder, 1998; Satel & Jaffe, 1998; Slovic & Monahan, 1995; Slovic, Monahan, & McGregor, 2000; Torrey & Zdanovicz, 1998). So byvoorbeeld is uitgewys dat voorspellings vroëer dikwels bloot in terme van diskrete ja/nee kategorieë gekommunikeer is. Met ander woorde 'n persoon was bloot geklassifiseer as gevaarlik of nie gevaarlik nie. Hierdie benaderingswyse het egter mettertyd geblyk simplisties, naïef en gevolglik aan talle foute en probleme blootgestel te wees (Douglas et al., 1999). Daarom is sommige navorsers soos Quinsey et al., (1998), die mening toegedaan dat geweldrisiko slegs in terme van eksakte waarskynlikheidsvlakke gekommunikeer moet word (bv. "80% oor die volgende 5 jaar"). Ander meen egter dat meer algemene, kategorie-verwante terme soos "lae", "matige" en "hoë" risiko (Monahan & Steadman, 1996; Webster et al., 1997) eerder gebruik moet word, veral omdat dit reg laat geskied aan die nie-eksakte aard van geweldvoorspelling.

Volgens resente literatuur word tans hoofsaaklik twee wyses vir die medeling van geweldsrisiko aanbeveel:

- Die sogenaamde meervoudige-formaat opsie. Dit kom neer op gebruikmaking van sowel frekwensie- as waarskynlikheidstellings, soos: "By mnr. Conradie is daar tans 'n 30% kans van 'n geweldsoortreding. Met ander woorde, uit elke 100 soortgelyke mense, kan verwag word dat 30 gewelddadig sal optree".
- Die sogenaamde kategorie-formaat opsie. Dit behels die gebruikmaking van kategorieë wat wissel van "lae risiko" tot "hoë risiko. Lae risiko verwys na die mening dat min risikofaktore teenwoordig is. Daarby is die implikasie ingesluit dat geen verdere navraag of spesiale optrede nodig is nie. Hoë risiko verwys na die mening dat talle prominente risikofaktore aanwesig is. Die implikasie is ook dat voldoende inligting beskikbaar is om sowel 'n besluit as voorkomende aksie te neem (Monahan, 2003; Monahan & Appelbaum, 2001).

Verskeie outeurs is van mening dat medeling van die resultate van geweldrisiko-evaluerings veral kernagtig moet wees en gevolglik hoofsaaklik die volgende inligting beskikbaar moet stel (Melton, et al., 1997; Monahan & Steadman, 1996; Heilbrun et al., 2000; O'Neill, Strohman, Bowman, & Phillipson, 2000):

- Die gedrag wat die geweldsrisiko verteenwoordig,
- Die spesifieke risikofaktore wat teenwoordig is/was,
- Die tydspanne waarvoor die risiko-uitspraak van toepassing is, en
- Die afsny punte wat gebruik is om die risikokategorieë vas te stel

Duidelikheid en deursigtigheid speel dus ook 'n belangrike rol in die proses van hantering van geweldsrisiko (O'Neill et al., 2000; Monahan & Appelbaum, 2001).

### Slotsom

Uit die bestaande literatuur is dit duidelik dat teenstrydige navorsingsresultate bestaan oor die sukseskoers waarmee gewelddadige gedrag voorspel kan word. Selfs die metodologiese prosedure wat gevolg moet word ten einde 'n betroubare en prakties doeltreffende resultaat te verkry, is kontroversieel. Op die oog af wil dit dus voorkom asof 'n finale gevolgtrekking baie moeilik of selfs glad nie gemaak kan word nie.

Dit is egter ewe waar dat daar in die afgelope 10 tot 15 jaar betekenisvolle vooruitgang gemaak is wat navorsing op hierdie terrein betref. Sowel navorsers as praktisyns moet hulle dus nie blind staar teen die genoemde teenstrydighede nie. Sodanige teenstrydighede word immers op bykans elke lewensterrein en wetenskap (bv. die politiek, godsdiens, ekonomiese wetenskappe en selfs die sogenaamde eksakte wetenskappe (soos die wiskunde en fisika) aangetref. Wat eerder op die voorgrond geplaas moet word, is dat betekenisvolle vordering wel gemaak is en dat sodanige navorsing voortgesit moet word.

'n Kommerwekkende bevinding tydens die bestudering van die literatuur was die opvallende gebrek aan navorsing wat daar oor feitlik alle fasette van gewelddadige gedrag in Suid-Afrika bestaan. Dit is in enige terme 'n onaanvaarbare situasie dat daar in Suid-Afrika, met sy hoë geweldvoorkomssyfer, nie op 'n deurlopende basis omvangryke en diepgaande navorsing gedoen word nie.

Dit word daarom aanbeveel dat die owerhede in Suid-Afrika, in hul poging om gewelddadige gedrag te bekamp, 'n baie groter belegging in navorsing moet maak. Daar kan nie langer op buitelandse navorsing staatgemaak word nie. Suid-Afrika, veral ten opsigte van sy unieke multikulturele bevolkingsamestelling, is te uniek dat buitelandse navorsing sondermeer hier van toepassing gemaak kan word.

## Bronnelys

- Adington v. Texas, U.S. 418 (1979).
- Allan, A., & Louw, D. A. (2001). Lawyers' perception of psychologists who do forensic work. *South African Journal of Psychology*, 31(2), 12-20.
- American Psychological Association (1978). Report of the task force on the role of psychology in the criminal justice system. *American Psychologist*, 33, 1099-1113.
- Andrews, D. A. (1995). The psychology of criminal conduct and effective treatment. In M. J. McGuire (Ed.), *What works: Reducing offending: Guidelines from Research and Practice* (pp. 35-62). Chichester: Wiley.
- Anfang, S. A., & Appelbaum, P. S. (1996). Twenty years after Tarasoff: Reviewing the duty to protect. *Harvard Review of Psychiatry*, 4, 67-76.
- Appelbaum, P. S. (2001). Prologue. In G-F. Pinard & L. Pagani (Eds.), *Clinical assessment of dangerousness – empirical contributions* (pp. iv-xiii). Cambridge: University Press.
- Appelbaum, P. S., & Gutheil, T. G. (1991). *Clinical Handbook of psychiatry and the Law* (2<sup>nd</sup> ed). Baltimore: Williams and Wilkens.
- Apperson, L. J., Mulvey, E. P., & Lidz, C.W. (1993). Short term clinical prediction of assaultative behavior: Artifacts of research methods. *American Journal of Psychiatry*, 150, 1374-1379.
- Arrigo, B. A. (2000). *Introduction to forensic psychology: Issues and controversies in crime and justice*. New York: Academic Press.
- Barefoot v. Estelle, No. 82-6080, 463 U.S. 880 (1983).
- Beck, J. C. (1990). Clinical aspects of the duty to warn or protect. In R. Simon (Ed.), *Review of clinical psychiatry and the law* (Vol. 1, pp. 191-204). Washington, DC: American Psychiatric Press.
- Blackburn, R. (1984). The person and dangerousness. In D.J. Muller, D.E. Blackman & A.J. Chapman (Eds.), *Psychology and Law* (pp. 102-111). Chichester: Wiley.
- Blackburn, R. (2000). Risk assessment and prediction. In J. McGuire, T. Mason & A. O'Kane (Eds.), *A guide for forensic practitioners* (pp. 177-204). New York: Wiley.
- Boer, D. P., Hart, S. D., Kropp, P. R., & Webster, C. D. (1998). *Manual for the sexual violence Risk-20: Professional Guidelines for assessing risk of Sexual violence*. Vancouver: British Columbia Institute Against Family Violence.
- Boer, D. P., Wilson, R. J., Gouthier, C. M., & Hart, S. D. (1997). Assessing risk for sexual violence: Guidelines for clinical practice. In C.D. Webster & M.A. Jackson (Eds.), *Impulsivity: Perspectives, principles and practice* (pp. 44-53). New York: Guilford.
- Bonta, J., Law, M., & Hanson, K. (1998). The prediction of criminal and violent recidivism among mentally disordered offenders: A meta-analysis. *Psychological Bulletin*, 123, 123-142.
- Borum, R., Swartz, M., & Swanson, J. (1996, July). Assessing and managing violence risk in clinical practice. *Journal of Practicing Psychiatry and Behavioral Health*, 205-215.
- Buchanan, A. (1999). Risk and dangerousness. *Psychological Medicine*, 29, 456-473.
- Campbell, J. C. (Ed.). (1995a). *Assessing dangerousness: Violence by sexual offenders, batterers, and child abusers*. Thousand Oaks, CA: Sage.

- Campbell, J. C. (1995b). Prediction of homicide by battered woman. In J.C.Campbell (Ed.), *Assessing dangerousness: Violence by sexual offenders, batterers, and child abusers* (pp. 37-44). Thousand Oaks, CA: Sage.
- Cocozza, J., & Steadman, H. (1976). The failure of psychiatric predictions of dangerousness: Clear and convincing evidence. *Rutgers Law Review*, 29, 1084-1011.
- Coontz, P. D., Lidz, C. W., & Mulvey, E.P. (1994). Gender and the assessment of dangerousness in the psychiatric emergency room. *International Journal of Law and Psychiatry*, 17, 369-376.
- Cooper, J., & Neuhaus, I. (2000). The hired gun effect: Assessing the effect of pay, frequency of testifying, and credentials on the perception of the expert. *Law and Human Behavior*, 24, 259-270.
- Cooper, R. P., & Werner, P. D. (1990). Predicting violence in newly admitted inmates: A lens model analysis of staff decision-making. *Criminal Justice and Behavior*, 7, 431-447.
- Cox, M. (1982). The psychotherapist as assessor of dangerousness. In J.R. Hamilton & H. Freeman (Eds.), *Dangerousness: Psychiatric assessment and management* (pp. 81-87). London: Gaskell.
- Daubert v. Merrill Dow Pharmaceuticals, 509 U.S. 579 (1993).
- Dolan, M., & Doyle, M. (2000). Violence risk prediction. *British Journal of Psychiatry*, 177, 303-311.
- Douglas, K. S., Cox, D. N., & Webster C. D. (1999). Violence risk assessment: Science and practice. *Legal and Criminological Psychology*, 4, 149-184.
- Douglas, K. S., & Kropp, P. R. (2002). A prevention based paradigm for violence risk assessment: Clinical and research applications. *Criminal Justice and Behavior*, 29(5), 617-658.
- Douglas, K. S., & Webster, C. (1999). The HCR-20 violence risk assessment scheme: Concurrent validity in a sample of incarcerated offenders. *Criminal Justice and Behavior*, 26, 3-19.
- Dowes, R. M., Faust, D., & Meehl, P. E. (1989). Clinical versus actuarial Judgement. *Science*, 243, 1668-1674.
- Doyle, M., & Dolan, M. (2002). Violence risk assessment: Combining actuarial and clinical information to structure clinical judgements for the formulation and management of risk. *Journal of Psychiatric & Mental Health Nursing*, 9 (6), 649-657.
- Dvoskin, J.A., & Heitbrun, K. (2001). Risk assessment and release decision-making: Toward resolving the great public debate. *Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law*, 29, 6-10.
- E.I. du Pont de Nemours & Co. v. Robinson, 923 S. W. 2d 549 (Tex. 1995).
- Elbogen, E., B. (2002). The process of violence risk assessment: A review of descriptive research. *Aggression and Violent Behavior*, 7 (6), 591-604.
- Elbogen, E. B., Mercado, C. C., Scalora, M. J., & Tomkins, A. J. (2002). Perceived relevance of factors for violence risk assessment: A survey of clinicians. *International Journal of Forensic Mental Health*, 1(2), 37-47.
- Ennis, B. J., & Litwack, T. R. (1974). Psychiatry and the presumption of expertise: Flipping coins in the courtroom. *California Law review*, 62, 694-753.

- Freedman, D. (2001). False prediction of future dangerousness. *Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law*, 29 (1), 89-95.
- Fuller, J., & Cowan, J. (1999). Risk assessment in a multi disciplinary forensic setting: Clinical judgement revisited. *Journal of Forensic Psychiatry*, 10, 276-289.
- Gardner, W., Lidz, C.W., Mulvey, E. P., & Shaw, E. C. (1996). Clinical vs. actuarial predictions of violence in patients with mental illness. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 64(3), 602-609.
- Geddes, J. (1999). Suicide and homicide by people with mental illness. *British Medical Journal*, 318, 1225-1226.
- Glasser, M. (1996). The management of dangerousness. The psychoanalytic contribution. *Journal of Forensic Psychiatry*, 7(2), 271-283.
- Grisso, T. (1996). Clinical assessment for legal decision-making in criminal cases: Research recommendations. In B. Sales & S. Shah (Eds.), *Mental Health and Law: Research, Policy and Services* (pp. 104-140). North Carolina: Carolina Academic Press.
- Grisso, T., & Appelbaum, P. S. (1992). Is it unethical to offer predictions of future violence? *Law and Human Behavior*, 16, 621-633.
- Grisso, T., & Appelbaum, P. S. (1998). *Assessing competence to consent to treatment: A guide for physicians and other health professionals*. New York: Guilford.
- Grove, W., & Meehl, P. (1996). Comparative efficacy of informal (subjective, impressionistic) and formal (mechanical, algorithmic) prediction procedures: The clinical-statistical controversy. *Psychology, Public Policy, and Law*, 2, 293-323.
- Grubin, D. (1997). Predictors of risk in serious sex offenders. *British Journal of Psychiatry*, 170, 17-21.
- Gunn, J. (1993). Dangerousness. In J. Gunn & P. Taylor (Eds.), *Forensic psychiatry: Clinical, legal and ethical issues* (pp. 624-645). Oxford: Butterworth-Heinemann.
- Hall, H. V. (1987). *Violence Prediction: Guidelines for the Forensic Practitioner*. Springfield, Illinois: Thomas.
- Hare, R. D. (1991). *The Hare Psychopathy Checklist – Revised*. Toronto: Multi-Health Systems.
- Hare, (1993). *Without conscience: The disturbing world of the psychopaths among us*. Toronto: Pocket Books.
- Harris, G. T., Rice, M. E., & Quinsey, V. L. (1993). Violent recidivism of mentally disordered offenders: The development of a statistical prediction instrument. *Criminal Justice and Behavior*, 20, 315-335.
- Harris, G. T., Rice, M. E., & Quinsey, V. L. (1994). Psychopathy as a taxon: Evidence that psychopaths are a discrete class. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 62(2), 387-397.
- Hart, S. D. (1998a). Psychopathy and the risk of violence. In D. Coocke, A.E. Forth, & R.D. Hare (Eds.), *Psychopathy: Theory, Research and Implications for Society* (pp. 355-375). Dordrecht, The Netherlands: Kluwer.
- Hart, S. D. (1998b). The role of psychopathy in assessing the risk of violence: Conceptual and methodological issues. *Legal and Criminological Psychology*, 3, 121-137.

- Hart, S. D., Cox, D. N., & Hare, R. D. (1995). *The Hare Psychopathy Checklist: Screening Version (PCL:SV)*. Toronto, Ontario: Multi-Health Systems.
- Heilbrun, K. (1977). Prediction versus management models relevant to risk assessment: The importance of legal decision-making context. *Law and Human Behavior*, 21, 347-359.
- Heilbrun, K., Dvoskin, J., Hart, S., & McNeil, D. (1999). Violence risk communication: Implications for research, policy, and practice. *Health, Risk & Society*, 1, 91-106.
- Heilbrun, K., O'Neill, M. L., Strohmaier, I. K., Bowman, Q., & Phillipson, J. (2000). Expert approaches to communicating violence and risks. *Law and Human Behavior*, 24, 137-148.
- Heilbrun, K., Phillipson, J., Berman, L., & Warren J. (1999). Risk communication: Clinician's reported approaches and perceived values. *Journal of American Academy of Psychiatry and Law*, 27, 397-406.
- Hodgins, S. (1997). An overview of research on the prediction of dangerousness. *Nordical Journal of Psychiatry*, 51(39), 33-38.
- Jonathan v. General Accident Insurance Co., 1992 (4) SA 618 (C).
- Jones, D. (1995). Predictions of dangerousness. In B. Kidd & C. Stark (Eds.), *Management of violence and aggression in health care* (pp.12-26). London: Gaskell.
- Kansas v. Hendricks, 521 U.S. 346 (1997).
- Kemshall, H. (1996). *Reviewing Risk: A Review of Research on the Assessment and Management of Risk and Dangerousness: Implications for Policy and Practice in the Probation service*. Home Office, London.
- Krauss, D. A. & Lee, D. L. (2003). Deliberating on dangerousness and death: Jurors's ability to differentiate between expert actuarial and clinical prediction of dangerousness. *International Journal of Law and Psychiatry*, 26, 113-137.
- Krauss, D. A., & Sales, B. D. (2001). The effects of clinical and scientific expert testimony on juror decision-making in capital sentencing. *Psychology, Public Policy and Law*, 7, 267-310.
- Kropp, R. P., & Hart, S. D. (1997). Assessing risk for violence in wife assaulters: The spousal risk assessment guide. In C.D. Webster & M.A. Jackson (Eds.), *Impulsivity: Perspectives, principles and practice* 9 (pp. 111-129). New York: Guilford.
- Lidz, C. W., & Mulvey, E. P. (1995). Dangerousness: From legal definition to theoretical research. *Law and Human Behavior*, 19(1), 41-48.
- Lidz, C. W., Mulvey, E. P., Apperson, L. J., Evanczuk, K., & Shea, S. (1992). Sources of disagreement among clinicians' assessments in a psychiatric emergency room. *International Journal of Law and Psychiatry*, 15, 237-250.
- Lidz, C. W., Mulvey, E. P., & Gardner, W. (1993). The accuracy of predictions of violence to others. *Journal of the American Medical Association*, 269, 1007-1011.
- Link, B. G., Andrews, H., & Cullen, F. (1992). The violent and illegal behavior of mental patients reconsidered. *American Sociological Review*, 57, 275-292.
- Link, B. G., & Stueve, A. (1994). Psychotic symptoms and the violent/illegal behavior of mental patients compared to community controls. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 137-159) Chicago: University of Chicago Press.
- Lion, J. R. (1987). Clinical assessment of violent patients. In L. Roth (Ed.), *Clinical treatment of the violent person* (pp. 1-19). New York: Guilford.



- Litwack, T. R. (2001). Actuarial versus clinical assessments of dangerousness. *Psychology, Public Policy, and Law*, 7, 409-443.
- Litwack, T. R. (2002). Some questions for the field of violence risk assessment and forensic mental health: Or, "back to the basics" revisited. *International Journal of Forensic Mental Health*, 1 (2), 171-178.
- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1987). Assessing and predicting violence: Research, law, and applications. In A.K. Hess & I.B. Weiner (Eds.), *Handbook of Forensic psychology* (pp. 205-237). New York: Wiley.
- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1999). Dangerousness risk assessments: Research, legal, and clinical considerations. In A.K. Hess & I.B. Weiner (Eds.), *The handbook of forensic psychology* (pp. 171-217). New York: Wiley.
- Madden, D. J. (1987). Psychotherapeutic approaches in the treatment of violent persons. In L. Roth (Ed.), *Clinical treatment of the violent person* (pp. 54-75). New York: Guilford.
- Marra, A. M., Conzelman, G. E., & Giles, P. G. (1987). A clinical strategy for the assessment of dangerousness. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, 31, 291-299.
- McNiel, D. E. (1998). Empirically based clinical evaluation and management of the potentially violent patient. In P.M. Kleespies (Ed.), *Emergencies in mental health practice: Evaluation and management* (pp. 95-116). New York: Guilford.
- McNiel, D. E., & Binder, R. L. (1989). Relationship between preadmission threats and later violent behavior by acute psychiatric inpatients. *Hospital and Community Psychiatry*, 40, 605-608.
- McNiel, D. E., & Binder, R. L. (1991). Clinical assessment of the risk of violence among psychiatric inpatients. *American Journal of Psychiatry*, 148, 1317-1321.
- McNiel, D. E., & Binder, R. L. (1995). Correlates of accuracy in the assessment of psychiatric inpatients's risk of violence. *American Journal of Psychiatry*, 152(6), 901-906.
- McNiel, D. E., & Binder, R. L. (1998, March). *Comparison of categorical and probabilistic approaches to communication about psychiatric patient's risk of violence in clinical practice*. Paper presented at the Biennial Conference of the American Psychology-Law Society, Rodondo Beach, CA.
- McNiel, D. E., Sandberg, D. A., & Binder, R. L. (1998). The relationship between confidence and accuracy in clinical predictions of psychiatric patients' potential for violence. *Law and Human Behavior*, 25, 655-671.
- Meehl, P. (1954). *Clinical vs. statistical prediction: A theoretical analysis and a review of the evidence*. Minneapolis: University of Minnesota.
- Meloy, J. R. (1987). The prediction of violence in outpatient psychotherapy. *American Journal of Psychotherapy*, 41, 38-45.
- Melton, G. B., Petrila, J., Poythress, N. G., & Slobogin, C. (1997). *Psychological evaluations for the courts* (2<sup>nd</sup> ed.). New York: Guilford.
- Menzies, R. J., & Webster, C.D. (1995). Construction and validation of risk assessments in a six year follow up of forensic patients: A tridimensional analysis. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 63, 766-768.

- Milner, J., & Campbell, J. (1995). Prediction issues for practitioners. In J.C. Campbell (Ed.), *Assessing dangerousness: Violence by sexual offenders, batterers, and child abusers* (pp. 20-40). California: Sage.
- Monahan, J. (1981). *Predicting violent behavior: An assessment of clinical techniques*. California: Sage.
- Monahan, J. (1984). The prediction of violent behavior: Toward a second generation of theory and policy. *American Journal of Psychiatry*, 141, 10-15.
- Monahan, J. (1993). Limiting therapist exposure to Tarasoff liability. *American Psychologist*, 48(3), 242-250.
- Monahan, J. (1996). Violence prediction: The last 20 and the next 20 years. *Criminal Justice and Behavior*, 23, 107-120.
- Monahan, J. (2001). Clinical and actuarial predictions of violence. In D. Faigman, D. Kaye, M. Saks, & J. Sanders (Eds.), *Modern Scientific Evidence: The Law and Science of Expert Testimony* (2<sup>nd</sup> ed.) (pp. 50-66). St Paul, MN: West.
- Monahan, J. (2003). Violence risk assessment. In A. Goldstein (Ed.), *Handbook of psychology*, (Vol. 11, pp. 527-540). New York: Wiley.
- Monahan, J., & Appelbaum, P. (2001). Reducing violence risk: Diagnostically based clues from the MacArthur Violence Risk Assessment Study. In S. Hodgins (Ed.), *Effective prevention of crime and violence among the mentally ill* (pp.19-34). Dordrecht, The Netherlands: Kluwer Academic Publishers.
- Monahan, J., Appelbaum, P., Mulvey, E. P., Robbins, P., & Lidz, C.W. (1994). Ethical and legal duties in conducting research on violence: Lessons from the McArthur risk Assessment Study. *Violence and Victims*, 8, 380-390.
- Monahan, J., & Steadman, H. J. (1994). Toward a rejuvenation of risk assessment research. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment*, (pp.1-17). Chicago: University Press.
- Monahan, J., & Steadman, H. J. (1996). Violent storms and violent people: How meteorology can inform risk communication in mental health law. *American Psychologist*, 51, 931-938.
- Monahan, J., Steadman, H. J., Appelbaum, P. S., Robbins, P. C., Mulvey, E. P., Silver, E., Roth, L. H., & Grisso, T. (2000). Developing a clinically useful tool for assessing violence risk. *British Journal of Psychiatry*, 176, 312-319.
- Monahan, J., Steadman, H. J., Silver, E., Appelbaum, A., Robbins, P., Mulvey, E. P., Roth, L., Grisso, T., & Banks, S. (2001). *Rethinking risk assessment: The McArthur study of mental disorder and violence*. New York: Oxford University Press.
- Mossmann, D. (1994). Assessing predictions of violence: Being accurate about accuracy. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 62, 783-792.
- Mulvey, E. P. (1994). Assessing the evidence of a link between mental illness and violence. *Hospital and Community Psychiatry*, 45, 663-668.
- Mulvey, E. P., & Lidz, C. W. (1984). Clinical considerations in the prediction of dangerousness in mental patients. *Clinical Psychology Review*, 4, 379-401.
- Mulvey, E. P., & Lidz, C. W. (1985). Back to basics: A critical analysis of dangerousness research in a new legal environment. *Law and Human Behavior*, 9(2), 209-219.

- Mulvey, E. P., & Lidz, C. W. (1995). Conditional prediction: A model for research on Dangerousness to others in a new era. *International Journal of Law and Psychiatry*, 18(2), 129-143.
- Nedopil, N. (2002). The boundaries of courtroom expertise. *The Journal of Forensic Psychiatry*, 13(3), 494-498.
- Newhill, C. E., Mulvey, E. P., & Lidz, C. W. (1995). Characteristics of violence in the community by female patients seen in a psychiatric emergency service. *Psychiatric Services*, 46(8), 785-789.
- Novaco, R. (1997). Remediating anger and aggression with violent offenders. *Legal and criminological Psychology*, 2, 77-88.
- O'Neill, M. L., Strohman, L. K., Bowman, Q., & Philipson, J. (2000). Expert Approaches to communicating violence risk. *Law and Human Behavior*, 24, 137-148.
- Otto, R. K. (1992). Prediction of dangerous behavior: A review and analysis of "second generation" research. *Forensic Reports*, 5, 103-133.
- Pagani, L., & Pinard, G-F. (2001). Clinical assessment of dangerousness: An overview of literature. In G-F. Pinard and L. Pagani (Eds.), *Clinical assessment of dangerousness – empirical contributions* (pp. 1-22). Cambridge: University Press.
- Pescosolido, B., Monahan, J., Link, B., Stueve, A., & Kikuzawa, S. (1999). The publics' view of the competence, dangerousness, and the need for legal coercion among people with mental illness. *American Journal of Public Health*, 89, 1339-1345.
- Pfohl, S. J. (1978). *Predicting dangerousness*. Lexington, MA: Heath.
- Pollack, N., & Webster, C. D. (1990). The clinical assessment of dangerousness. In R. Bluglass & Pollock, N., McBain, I., & Webster, C. D. (1989). *Clinical decision-making and the assessment of dangerousness*. In K. Howells & C.R. Hollin (Eds.), *Clinical Approaches to Violence* (pp. 89-115). Chichester: Wiley.
- Prins, H. (1988). Dangerous clients: Further observations of the limitations of mayhem. *British Journal of Social Work*, 18, 593-609.
- Prins, H. (1996). Risk assessment and management in criminal justice and Psychiatry. *Journal of Forensic Psychiatry*, 7, 42-62.
- Quinsey, V. L., Harris, G., Rice, G., & Cormier, C. (1998). *Violent offenders: Appraising and managing risk*. Washington DC: American Psychological Association.
- Quinsey, V. L., & Walker, W. D. (1992). Dealing with dangerousness: Community risk management strategies with violent offenders. In R.D. Peters, R.J. McMahon & V.L. Quinsey (Eds.), *Aggression and violence throughout the lifespan* (pp. 244-262). California: Sage.
- Rasool, S. (2000). Sexual offences courts: Do more courts mean better justice? *Nedbank ISS Crime Index*, 2, 11-14.
- Rice, M. E. (1997). Violent offender research and implications for the criminal justice system. *American Psychologist*, 2(4), 414-473.
- Rice, M. E., & Harris, G. (1997). The treatment of mentally disordered offenders. *Psychology, Public Policy and Law*, 3, 126-183.
- S v. Campher 1987 (1) SA 940 (A).
- S v. Dlamini 1991 (2) SACR 665 (A); 1992 (1) SA 18 (A).

- S v. T 1997 (1) SACR 496 (SCA).
- S. v. Wiid 1990 (1) SACR 561 (A).
- Satel, S., & Jaffe, D. (1998). Violent fantasies. *National Review*, *L*, 36-37.
- Schopp, R. F. (1996). Communicating risk assessments: Accuracy, efficacy, and responsibility. *American Psychologist*, *9*, 939-944.
- Schulte, H. M., Hall, M. J., & Crosby, R. (1994). Violence in patients with narcissistic personality pathology: Observations of a clinical series. *American Journal of Psychotherapy*, *48*(4), 610-620.
- Scott, P. D. (1977). Assessing dangerousness in criminals. *British Journal of Psychiatry*, *131*, 127-142.
- Segal, S.P., Watson, M. A., Goldfinger, S. M., & Averbuck, D. S. (1988). Civil commitment in the psychiatric emergency room: III. Disposition as a function of mental disorder and dangerousness indicators. *Archives of General Psychiatry*, *45*, 759-763.
- Sepejak, D. S., Webster, C. D., & Menzies, R. J. (1984). The clinical prediction of dangerousness: Getting beyond the basic questions. In D.J. Muller, D.E. Blackman & A.J. Chapman (Eds.), *Psychology and Law* (pp. 113-123). Chichester: Wiley.
- Shah, S. (1978). Dangerousness: A paradigm for exploring some issues in law and psychology. *American Psychologist*, *33*, 224-238.
- Shergill, S. S., & Szmukler, G. (1998). How predictable is violence and suicide in community psychiatric practice? *Journal of mental health* *7*(4), 393-402.
- Sjöstedt, G., & Grann, M. (2002). Risk assessment: What is being predicted by actuarial prediction instruments? *International Journal of Forensic Mental Health*, *1*(2), 179-183.
- Slovic, P., & Monahan, J. (1995). Danger and coercion: A study of risk perception and decisionmaking in mental health law. *Law and Human Behavior*, *19*, 49-65.
- Slovic, P., Monahan, J., & McGregor, D. (2000). Violence risk assessment and risk communication: The effects of using actual cases, providing instruction, and employing probability versus frequency formats. *Law and Human Behavior*, *24*, 271-296.
- Snowden, P. (1997). Practical aspects of clinical risk assessment and management. *British Journal of Psychiatry*, *170*, (suppl. 32), 32-34.
- Steadman, H. J. (1973). Implications from the Baxtrom Experience. *Bulletin of the American Academy of Psychiatry and the Law*, *1*, 189-197.
- Steadman, H. J., & Cocozza, J. (1974). *Careers of the criminally insane*. Lexington, MA: D. C. Heath & Co.
- Steadman, H., Monahan, J., Appelbaum, P., Grisso, T., Mulvey, E., Roth, L., Robbins, P., & Klassen, D. (1994). Designing a new generation of risk assessment research. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 297-318). Chicago: University Press.
- Steadman, H., Mulvey, E., Monahan, J., Robbins, P., Appelbaum, P., Grisso, T., Roth, L., & Silver, E. (1998). Violence by people discharged from acute psychiatric inpatient facilities and by others in the same neighbourhoods. *Archives of General Psychiatry*, *55*, 1-9.

- Steadman, H., Silver, E., Monahan, J., Appelbaum, P., Robbins, P., Mulvey, E., Grisso, T., Roth, L., & Banks, S. (2000). A classification tree approach to the development of actuarial violence risk assessment tools. *Law and Human Behavior*, 24, 83-100.
- Stock v. Stock 1981 (3) SA 1280 (A).
- Stone, M. H. (2002). Prediction of violent recidivism. *Acta Pscyhiatrica Scandinavica, Supp.* 412, 106(6), 44-46.
- Swanson, J. W. (1994). Mental disorder, substance abuse, and community violence: An epidemiological approach. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 101-136). Chicago: University of Chicago Press.
- Swanson, J. W., Borum, R., Swartz, M. S., & Monahan, J. (1996). Psychotic symptoms and disorders and the risk of violent behavior in the community. *Criminal Behavior and Mental Health*, 6, 309-338.
- Tarasoff v. Regents of the University of California, 17 Cal. 3d 425, 551 P2d 334 (1976).
- Tardiff, K. (1996). *Concise guide to assessment and management of violent patients* (2<sup>nd</sup> ed). Washington DC: American Psychiatric Press.
- Taylor, G., & Gunn, J. (1999). Homicides by people with mental illness: Myth and reality. *British Journal of Psychiatry*, 174, 9-14.
- Taylor, G., & Monahan, J. (1996). Commentary: Dangerous patients or dangerous diseases? *British Medical Journal*, 312, 967-969.
- Torrey, E., & Zdanovicz, M. (1998, August). Why deinstitutionalization turned deadly. *Wall Street Journal*.
- United States v. Salerno, 481 U.S. 739 (1987).
- Van Rensburg, H. C. J. (1999, November). *Crime in South Africa – current state and trends*. Paper presented at the University of Bahrain.
- Wack, R. C. (1993). The ongoing risk assessment in the treatment of forensic patients on conditional release status. *Psychiatric Quaterly*, 64, 275-293.
- Webster, C. D. (1990). Prediction of dangerousness polemic. *Canadian Journal of Criminology*, 32(1), 191-196.
- Webster, C. D., Douglas, K. S., Eaves, D., & Hart, S. D. (1997). *HCR-20: Assessing Risk for Violence – version 2*. Vancouver: Mental Health, Law, and Policy institute, Simon Fraser University.
- Webster, C. D., Harris, G. T., Rice, M. E., Cormier, C., & Quinsey, V. L. (1994). *The Violence Prediction Scheme: Assessing Dangerousness in High Risk Men*. Toronto, Ontario: Centre of Criminology, University of Toronto.
- Webster, C. D., Hucker, S. J., McMaster, U., & Bloom, H. Y. (2002a). Transcending the actuarial versus clinical polemic in assessing risk for violence. *Criminal Justice and Behavior*, 29(5), 659-665.
- Webster, C. D., & Jackson, M.A. (1997). *Impulsivity: Perspectives, principles, and practice*. New York: Guilford.
- Webster, C. D., & Menzies, R. J. (1989). The clinical prediction of dangerousness. In D.N. Weisstaub (Ed.), *Law and mental health: International perspectives* (Vol. 3) (pp. 133-150). Toronto, ON: Pergamon.

- Webster, C. D., Müller-Isberner, R., & Fransson, G. (2002b). Violence risk assessment: Using structured clinical guides professionally. *International Journal of Forensic Mental Health*, 1 (2), 43-51.
- Webster, C. D., & Polvi, N. H. (1995). Challenging assessments of dangerousness & risk. In J. Zisken & D. Faust (Eds.), *Coping with psychiatric and psychological testimony* (5<sup>th</sup> ed., Vol. 2), (pp. 1371-1399). LA: Law and Psychology Press.
- Werner, P. D., Rose, T. L., & Yesavage, J. A. (1990). Aspects of consensus in clinical predictions of violence. *Journal of Clinical Psychology*, 46(4), 534-538.
- Zabow, T., & Cohen, A. (1993). South African psychiatrists' criteria for predicting dangerousness. *Medicine and Law*, 12, 417-430.



## ARTIKEL 2

### FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL BY DIE VOORSPELLING VAN GEVAARLIKHEID

#### Inhoudsopgawe

	bladsy
Inleiding.....	1
Geweldrisikofaktore.....	2
Metodologie.....	10
Resultate en bespreking.....	11
Slotsom.....	21
Bronnelys.....	24



## ARTIKEL 2

### Faktore wat 'n rol speel by die voorspelling van gevaarlikheid

#### Samevatting

Hierdie artikel fokus op die faktore wat landdroste en sielkundiges belangrik ag in die voorspelling van gewelddadige gedrag. Landdroste (N=85) en sielkundiges (N=52) is by die onderhawige studie betrek. Vyf gevallestudies waarin geweldsrisiko ter sprake is, is met behulp van 'n selfopgestelde vraelys aan die respondente voorgehou. Die menings van die regslui en sielkundiges oor die geweldsrisiko wat in elke gevallestudie ter sprake is, is aan die hand van twee vrae getoets: (i) In welke mate is die persoon in die gevallestudie 'n gevaar vir die gemeenskap? en (ii) watter risikofaktore was deurslaggewend by Vraag 1? Ten opsigte van Vraag 1 was die twee groepe respondente eenstemmig by al die gevallestudies. Ten opsigte van Vraag 2 is die belangrikste geweldvoorspellers wat deur beide beroepsgroepe uitgewys is, die volgende: herhaalde blootstelling aan geweld, 'n geweldsgeskiedenis, geweldsdreigemente en (met bepaalde voorbehoude) 'n geskiedenis van psigiatriese behandeling. Daar was egter in sekere gevalle 'n verskil tussen die twee beroepsgroepe wat betref die gewig wat aan die betrokke risikofaktore toegeken is (sielkundiges het bv. meer waarde as die regslui geheg aan ouderdom, ras, geslag, die afwesigheid van 'n misdadaadrekord, die afwesigheid van berou en dwelmafhanlikheid). 'n Ander insiggewende bevinding was dat die menings van die sielkundiges oor risikofaktore meer deur bestaande navorsing ondersteun word as dié van landdroste.

#### Inleiding

Die suksesvolle voorspelling van gewelddadige gedrag hou talle en vanselfsprekende voordele in vir sowel die gemeenskap as die individu. Dit is daarom verstaanbaar dat geesteswetenskaplikes reeds vir jare lank op soek is na faktore of merkers wat kan meehelp om sodanige voorspellings meer betroubaar en geldig te maak. Aanvanklik het navorsing probeer om op simplistiese wyse 'n enkele faktor te identifiseer wat nie alleen gevaarlike gedrag verklaar nie, maar ook die evalueerder in staat stel om oortredings van dié aard te antisipeer. Hierdie standpunt is egter vroeg verwerp en wel weens die besef dat sowel die oorsake as voorspelling van geweld, multi-faktoriaal van aard is. Verdere navorsing het egter aangetoon dat die bepaling van hierdie faktore geen eenvoudige taak is nie. Verskillende navorsers het naamlik verskillende faktore of merkers beklemtoon, afhangende van veranderlikes soos byvoorbeeld die spesifieke navorsingsmetodologie wat toegepas is en die aard van die proefpersone. 'n Belangrike ander sodanige veranderlike is die paradigma waarvolgens die navorsers opereer en dus ook interpreteer (Ennis & Litwack, 1974; Monahan, 1981; Blackburn, 2000a). Die variasies in voorspellingsakkuraatheid wat algemeen en veral tussen praktisyns aangetref word, reflekteer dus in 'n groot mate opleidings-, waardestelsel- en kultuurverskille wat in unieke kombinasies uiting vind. Hierdie uiteenlopende standpunte en opinies is dan ook een van die primêre redes wat progressie in die voorspelling van gewelddadige gedrag tans kniehalter.

Vervolgens word 'n samevattende oorsig gegee van die belangrikste faktore wat deur navorsers geïdentifiseer is as voorspellers van gewelddadige gedrag.

### **Geweldsrisikofaktore**

Verskeie navorsers is van mening dat die belangrikste geweldsrisikofaktore in vier kategorieë ingedeel kan word, naamlik disposisionele, historiese, kliniese en kontekstuele veranderlikes (Blackburn, 2000b; Douglas, Cox, & Webster, 1999; Monahan & Steadman, 1994). Soos met die meeste kategorie-indelings is daar ook in dié geval 'n mate van oorvleueling tussen die vermeldde kategorieë. Ter wille van groter duidelikheid en om verwarring te vermy, het die huidige navorsers besluit om 'n bepaalde merker slegs in een kategorie te bespreek. Vervolgens word die belangrikste geweldsrisikofaktore wat deur resente navorsing geïdentifiseer en bevestig is, kortliks aan die hand van Monahan en Steadman (1994) se indeling uiteengesit.

#### **(a) Disposisionele faktore**

Hierdie veranderlikes verwys na algemeen bekende demografiese faktore soos ouderdom, geslag, ras en sosio-ekonomiese status (SES), maar ook minder bekende faktore soos kognitiewe funksionering en neurologiese status (bv. hoofbeserings).

\* *Ouderdom.* 'n Jeugdige ouderdom word algemeen geassosieer met geweldsrisiko (Swanson, Holzer, Ganju, & Jono, 1990). Verder het verskeie navorsers bevind dat hoe jonger die persoon is ten tye van die eerste gewelddadige oortreding, hoe groter is die kans van residivisme (Harris, Rice, & Cormier, 1991; Lattimore, Visher, & Linster, 1995; Rice, Harris, Lang, & Bell, 1990;).

\* *Geslag.* Daar word algemeen aanvaar dat mans hulle meer aan gewelddadige gedrag skuldig maak as vroue (Maxfield & Widom, 1996). In die MacArthur navorsingsprojek, seker die grootste projek van hierdie aard tot dusver, is egter bevind dat geslagsverskille nie 'n beduidende rol by gewelddoortredings speel nie (Steadman et al., 1994; Monahan et al., 2001). Verskille in die gewelddadigheidskoers tussen mans en vroue wat wel bevind is, hou volgens dié navorsers eerder verband met die tipe oortreding en die omstandighede waartydens dit plaasvind. Voorbeelde van die omstandighedsfaktore wat by mans tot gewelddadige oortreding aanleiding gee is die misbruik van alkohol en ander middels, asook voorgeskrewe psigotrope medikasie. Daarby vind mans se gewelddoortredings meer in die openbaar plaas, terwyl vroue meer geneig is om gesinslede as geweldsteikens te kies en gevolglik eerder tuis, as in die publiek gewelddadig op te tree (Gondolf, Mulvey, & Lidz, 1991). 'n Verwagte bevinding was dat daar 'n groter waarskynlikheid bestaan dat geweld wat deur mans gepleeg word tot

ernstige beserings aanleiding gee as dié deur vroue (Monahan, 2003). Alhoewel die manlike geslag oor die algemeen 'n goed bewese geweldskorrelaat is, is die rol daarvan minder duidelik by psigiatriese pasiënte waar geslagsverskille rakende geweld nie altyd betekenisvol is nie (Lidz, Mulvey, & Gardner, 1993).

\* *Ras*. Volgens Maxfield en Widom (1996) is swart Amerikaners meer gewelddadig as hulle wit landgenote. Hierteenoor is Steadman et al. (1994) en Monahan et al. (2001) weer van mening dat die verband tussen ras en geweldoortredings onbeduidend word wanneer die misdaadkoers, wat van toepassing is vir die woongebied van 'n oortreder, statisties in berekening gebring word. Volgens laasgenoemde navorsers is dit dus nie soseer die bevolkingsgroep waartoe 'n persoon behoort wat tot gewelddadigheid aanleiding gee nie, maar veel eerder die omgewing waarbinne dié persoon leef.

\* *SES*. Volgens outeurs soos Swanson et al. (1990) is persone uit laer sosio-ekonomiese omstandighede meer geneig om konflik op gewelddadige wyses te hanteer as mense uit meer gegoede SES omstandighede. Die redes hiervoor is onder andere dat swak SES baie meer stres teweegbring en persone in sodanige omstandighede oor die algemeen ook nie oor ander konflikhanteringsvaardighede as geweld beskik nie (Stueve & Link, 1997).

\* *Kognitiewe funksionering*. Verskeie navorsingsresultate ondersteun die hipotese dat ontoereikende kognitiewe funksionering tussen gewelddadige en nie-gewelddadige oortreders onderskei kan word (Blackburn, 1993; McCord & Ensminger, 1997; Kropp, Hart, Webster, & Eaves, 1999). Sommige navorsers soos Blackburn (2000a) is egter van mening dat veranderlikes soos ouderdom, geslag, ras, en SES nie soveel voorspellingswaarde as die kognitiewe veranderlikes het nie en hoofsaaklik van akademiese/teoretiese belang is.

## (b) Historiese faktore

Hierdie faktore behels alle betekenisvolle gebeure waarby die persoon betrokke was.

\* *'n Geskiedenis van geweldsoortredings*. Herhaaldelike geweldsoortredings word algemeen en reeds vir dekades beskou as 'n redelik kragtige en waarskynlik dié belangrikste voorspeller van toekomstige geweldsmisdaad, ongeag die konteks of omgewing waarin die geweld voorkom (Ball, Young, Dotson, Brothers, & Robbins, 1994, Monahan et al., 2001; McNiel, Binder & Greenfield, 1988). Volgens Farrington (2001) is hierdie algemeen aanvaarde siening egter te simplisties en gevolglik nie altyd korrek nie. Farrington is van mening dat daar verskeie ewe belangrike geweldvoorspellers bestaan. Vorige skuldigbevindings vir nié-gewelddadige oortredings, is volgens hom dikwels 'n beter voorspeller van geweld as skuldigbevindings vir geweldsmisdaad, omdat oortreders veelsydigheid openbaar in hulle optrede en nie noodwendig 'n vaste patroon volg nie (Farrington, 2001).

\* *'n Geskiedenis van substansmisbruik*. Die misbruik of afhanklikheid van alkohol of ander afhanklikheidsvormende middels verhoog die moontlikheid van gewelddadige gedrag betekenisvol (Swanson, 1994; Steadman et al., 1998). In 'n epidemiologiese navorsingsprojek waaraan 10,000 respondente deelgeneem het, is byvoorbeeld bevind dat die kans dat 'n persoon 'n geweldsmisdaad kan pleeg wanneer substansmisbruik van toepassing is, 10 keer groter is as in die afwesigheid daarvan (Swanson, 1994). Dit is verder belangrik om daarop te let dat substansmisbruik en gevolglike gewelddoortredings nie net tot die manlike geslag beperk is nie (Steadman et al., 1998). Daar bestaan egter ook navorsing waar 'n swak verband gevind is tussen alkoholmisbruik en gewelddadige gedrag (Harris, Rice, & Quinsey, 1993); of dat daar geen verband tussen substansmisbruik en geweld bestaan nie (McNiel et al., 1988). Die rasionaal vir laasgenoemde bevindings is dat daar talle persone is wat wel alkohol/ander substans misbruik, maar nie gewelddadig oortree nie, of mense wat geweldsmisdaad pleeg sonder 'n geskiedenis van alkohol/ander substansmisbruik.

\* *Vroeë wanaanpassing*. Verskeie vorme van wanaangepasde gedrag tydens die kinderjare korreleer met latere gevaarlike gedrag. Voorbeelde is aandag- en konsentrasieprobleme, herhaaldelike druijing, stökkiesdraaiery en skorsing (Harris et al., 1993), vroeë antisosiale gedrag (bv. chroniese alkohol/ander substansmisbruik en aggressiwiteit) (Farrington, 2001), impulsiewe, rustelose en waaghalsige gedrag tydens adolessensie, probleme met portuurgroepverhoudings en vyandigheid jeens gesag (Melton, Petrilla, Poythress, & Slobogin, 1997). Tarter et al. (2002) het met die *BVPS* (*Brief Violence Proneness Scale* - wat veral skool en portuurgroepaanpassing meet), twee addisionele geweldsrisikofaktore by jongmense geïdentifiseer, naamlik die kwaliteit

van aanpassing (sowel tuis as by die skool) en die voorkoms van 'n psigiatriese siektetoestand tydens die kinderjare. Etiologiese faktore wat met wanaangepasde gedrag geassosieer word, is onder andere om op vroeë ouderdom (voor 16) van die ouers weggeneem te word; blootstelling aan ongenaakbare, wrede en inkonsekwente ouerlike dissiplinerings (Faulk, 1994); misbruik en verwaarlosing (Widom, 1989); alkoholisme by en afwesigheid van die ouers (Virkkunen, Eggert, Rawlings, & Linnoila, 1996) en fisiese geweld in die gesin (Blomhoff, Seim, & Friss, 1990).

\* *Verhoudingsprobleme*. Die onvermoë om standhoudende verhoudings aan te gaan of die geneigdheid om betrokke te raak in onstabiele, destruktiewe verhoudings wat deur konflik gekenmerk word, verteenwoordig volgens Shaffer, Waters en Adams (1994) en Farrington (1994) belangrike geweldvoorspellende faktore. Voorbeelde binne gesinsverband is chroniese gewelddadige ouerkonflik, ernstige onbetrokkenheid tussen ouer en kind, en kindermishandeling

\* *Werkonstabiliiteit*. Werkonstabiliiteit blyk eweso 'n geweldvoorspellende faktor te wees (Motiuk, 1996). Dit moet egter in aanmerking geneem word dat, net soos in die geval van verhoudingsprobleme, hierdie faktor eerder simptome kan wees van onder andere 'n besondere persoonlikheidstyl en lewenswaardes (Schaffer et al., 1994).

#### (c) Kliniese faktore

Hierdie groep faktore speel 'n sentrale rol in geweldsrisiko-evaluering en maak die hoofokus van verskeie navorsers uit. Dié faktore sal aan die hand van psigiatriese sindrome en simptome bespreek word.

\* *Psigiatriese versteurings*. Daar bestaan uiteenlopende menings oor die rol van psigiatriese versteurings in die voorkoms van gewelddadige gedrag. Enersyds word algemeen aanvaar dat persone wat aan ernstige (psigotiese) psigiatriese versteurings ly, die risiko vir gewelddadige gedrag betekenisvol verhoog (Douglas & Hart, 2002; Douglas & Webster, 1999). Andersyds het outeurs soos Steadman et al. (1998) gevind dat ernstige psigiatriese versteurings nie op sigself 'n verhoogde geweldsrisiko daarstel nie, maar wél die kombinasie van 'n ernstige psigiatriese versteuring en substans-misbruik. Verder word daarop gewys dat persone met 'n psigiatriese versteuring 'n baie klein deel van die totale populasie uitmaak – en dat die meeste sodanige pasiënte nóg gewelddadig nóg krimineel optree (Marzuk, 1996). Hoewel aanvaar word dat daar 'n redelike sterk verband tussen die meer ernstige psigiatriese versteurings en geweldsoortredings bestaan, word aktiewe psigotiese simptome beskou as belangriker geweldvoorspellers as 'n diagnostiese kategorie as sodanig (Monahan, 2001; Mulvey, 1994). Daarby is in die MacArthur navorsingsprojek bevind dat geweldsvoorkomssyfers in die geval van van

ernstige psigiatriese versteurings, laer was as dié van persoonlikheid- of aanpassingversteurings (Steadman et al., 1998; Monahan et al., 2001). 'n Verdere bevinding was dat skisofrenie 'n laer geweldkoers as dié van depressiewe of bipolêre versteurings opgelewer het. Hierdie resultate word ook deur Gardner, Lidz, Mulvey en Shaw (1996), Quinsey, Harris, Rice, en Cormier (1998) en plaaslik deur Olivier (1993), ondersteun. Met die uitsondering van die antisosialepersoonlikheidsversteuring, word die meeste kliniese veranderlikes as swakker voorspellers as demografiese en historiese faktore beskou (Marzuk 1996). In aansluiting hierby het Bonta, Law en Hanson (1998) uit 'n meta-analise van bestaande navorsing oor residivisme by persone met psigiatriese versteurings, die gevolgtrekking gemaak dat die meerderheid faktore wat by hierdie mense geweldvoorspellend is, ook dié veranderlikes is wat misdaad in die algemeen voorspel.

'n Diagnose van 'n antisosialepersoonlikheidsversteuring word algemeen as 'n betekenisvolle risikofaktor beskou (Douglas, Ogloff, & Nichols, 1997; Harris et al., 1993; Hodgins & Cote, 1993; Yarvis, 1990). Twee onlangse meta-analitiese literatuurstudies oor psigopatie het onderskeidelik 'n matige verband (Hemphill, Hare, & Wong, 1998), en 'n sterk verband (Salekin, Rogers, & Sewell, 1996) tussen gewelddadigheid en psigopatie aangetoon. Daarby is Serin en Amos (1995) van mening dat die waarskynlike voorkoms van gewelddadige gedrag in die geval van psigopatie vyf keer groter is as by enige ander toestand, asook dat hierdie mense betekenisvol gouer as ander (bv. na ontslag), weer gewelddadig oortree. Dit is ook bevind dat persone wat aan die kriteria vir hierdie persoonlikheidsversteuring voldoen, meer geneig is om oortredings te pleeg wat deur instrumentele doelwitte (bv. geld of mag) gemotiveer word as deur emosioneel gedrewe/reaktiewe doelstellings (Cornell, 1996).

Resente navorsing beklemtoon verder dat psigopatie<sup>1</sup>, soos gemeet deur psigometriese instrumente soos die "*Psychopathy Checklist*" oftewel PCL-R (Hare, 1991, 1996), besliste geweldsvoorspellende waarde het vir sowel gewelddadige as nie-gewelddadige oortredings (Hart, Hare, & Forth, 1994; Monahan & Steadman, 1994; Steadman, et al. 1998), en selfs 'n beter voorspeller van gewelddadige gedrag is as 'n diagnose van antisosialepersoonlikheidsversteuring (vlgs. DSM IV) (Stone, 2002). Volgens Friedman (2001) staan die geldigheid en betroubaarheid van hierdie instrument egter nog geensins vas nie. Daarby is dit ook so dat hierdie evaluerings- instrumente nog nie vir die uniek

---

<sup>1</sup> Antisosiale Persoonlikheidsversteuring (APV), soos gedefinieer in die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (4<sup>th</sup> ed.) (DSM-IV; American Psychiatric Association, 1994), verskil volgens Douglas en Webster (1999) ten spyte van ooreenkomste, in 'n belangrike opsig van die kenmerke van psigopatie. APV word volgens dié outers hoofsaaklik gekenmerk deur gedrags-faktore, en stem in dié opsig ooreen met psigopatie. Die affektiewe en veral interpersoonlike kriteria van psigopatie ontbreek egter grotendeels in APV. Volgens hierdie navorsers kan hierdie verskil moontlik die relatief hoër diagnoseeringsfrekwensie van APV teenoor psigopatie, verklaar.

Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer is nie. Gevolglik is dit van die allergrootste belang dat navorsers dringend hieraan sal aandag gee. Resente navorsing ondersteun dus die gevolgtrekking dat hierdie persoonlikheidsversteuring (afgesien van ander faktore soos bv. ouderdom en die teenwoordigheid van ander psigiatriese versteurings), mense beslis in 'n hoër risikokategorie vir gewelddadige gedrag plaas (Douglas & Webster, 1999; Stone, 2002). Verskeie ander persoonlikheidsversteurings (bv. die paranoïede en passief-aggressiewe versteurings), word veral by manlike oortreders, ook met gewelddadige gedrag geassosieer (Blackburn, 2000b). In terme van die DSM-III en -IV klassifikasies word die antisosiale en grenslyn versteurings egter die sterkste met gewelddadige gedrag geassosieer (Blackburn, 2000a). Volgens Widiger en Trull (1994) is die voorspellingswaarde van die grenslynpersoonlikheidsversteuring egter nog onseker.

Afgesien van persoonlikheidsversteurings, word ook sekere persoonlikheids eienskappe met gewelddadige gedrag geassosieer (Douglas & Webster, 1999). Voorbeelde is woede (Novaco, 1994), 'n vyandige gesindheid (Menzies & Webster, 1995), en impulsiwiteit (Barratt, 1994; Prentky, Knight, Lee, & Cerce, 1995). Sommige outeurs is selfs van mening dat persone met hierdie eienskappe, se kans tot drie keer groter is om gewelddadig op te tree as diegene by wie dit afwesig is (Hollander & Stein, 1995; Webster & Jackson, 1997).

\* *Psigiatriese simptome*. Dit wil voorkom dat wanneer sekere simptome (bv. die maniese fase van 'n bipolêre versteuring), eerder as 'n diagnostiese kategorie (bv. skisofrenie) as kriterium gebruik word, 'n sterker verband met gewelddadige gedrag bevind is (Link, Andrews, & Cullen, 1992). Daarby het Link en Stueve (1994) gevind dat drie spesifieke simptome - die ervaring van gedagtes van eksterne beheer, dwanggedagtes en oortuigings van benadeling - in hierdie verband op die voorgrond staan. Hierdie bevinding word deur verskeie ander outeurs bevestig (bv. Swanson, Borum, Swartz, & Monahan, 1996; Link, Monahan, Stueve, & Cullen, 1999; Swanson, et al., 1997), maar ook deur ander nie gerapporteer nie (Appelbaum, Robbins, & Monahan, 2000). Verskeie ander psigiatriese simptome, veral delusies (Buchanan et al., 1993) en bevelshallusinasies (Junginger, 1990), word ook in verband gebring met die voorkoms van gewelddadige gedrag, maar volgens verskeie outeurs is dié verband relatief swak en selfs onseker (Douglas & Hart, 2002.). Resultate van die MacArthur navorsingsprojek suggereer dat die voorkoms van delusies as sodanig nie die risiko van gewelddadige gedrag vir psigiatriese pasiënte betekenisvol verhoog nie. Daarteenoor is bevind dat nie-delusionele agterdogtigheid, wat aanleiding kan gee tot waninterpretasies van ander se gedrag (veral

as vyandige intensies), wel verband hou met gewelddadigheid. 'n Ander interessante bevinding van die MacArthur navorsing is dat bevelshallusinasies op sigself nie geweldsrisiko verhoog nie, maar wél wanneer dié opdragte gewelddadige gedrag behels (Steadman, 1998; Monahan et al., 2001).

'n Addisionele faktor wat in hierdie verband van belang is vir die evaluering van geweldsrisiko is die persoon se houding ten opsigte van behandeling, aangesien sommige weerstand daarteen bied (bv. medikasie en hulp met sosiale vaardighede) (Haywood et al., 1995). Probleme met behandelingsamewerking is volgens Ogloff en Douglas (1995); asook Ogloff, Wong en Greenwood (1991), veral van toepassing by psigopatie.

#### (d) Kontekstuele faktore

Kontekstuele faktore, ook bekend as risiko-hantering veranderlikes, verwys hoofsaaklik na aspekte van die omgewing of na die persoon-omgewing interaksie (Douglas & Webster, 1999). Hierdie veranderlikes behels onder andere toereikende beplanning met ontslag, beskikbaarheid van toesig en ondersteuning, toegang tot wapens/dwelmiddels/slagoffers en stresfaktore (bv. woonbuurtomstandighede). Volgens Monahan (1997), is die verrekening van hierdie faktore in geweldvoorspelling van soveel belang, dat die geldigheid van voorspellings daarsonder betekenisvol benadeel word. Hierdie faktore word vervolgens kortliks bespreek.

\* *Toereikende beplanning met ontslag.* Doelgerigte en geïndividualiseerde beplanning ten opsigte van aspekte soos huisvesting asook toesig en beheer van pasiënte/gevangenes wat in die gemeenskap vrygelaat word, is noodsaaklik vir die voorkoming van residivisme (Estroff & Zimmer, 1994). Juis omdat mense en hulle omstandighede verskil, is dit belangrik dat ontslagbeplanning die spesifieke behoeftes van elke geval in aanmerking moet neem (Andrews et al., 1990).

\* *Beskikbaarheid van toesig en ondersteuning.* Toegang tot toepaslike professionele hulp verminder die risiko tot gewelddadige gedrag (Estroff & Zimmer, 1994). Eweneens is werklik ondersteunende gesinslede en vriende 'n belangrike faktor in die voorkoming van residivisme (Estroff, Zimmer, Lachiotte, & Benoit, 1994).

\* *Toegang tot wapens/dwelmiddels en beskikbaarheid van slagoffers.* Dit is voor die hand liggend dat wanneer die omgewing waarin 'n persoon vrygelaat word, toegang tot wapens, dwelmiddels en slagoffers bied, die risiko tot gewelddadige gedrag betekenisvol verhoog word. Daarby is die risiko van gevaarlike gedrag veel groter indien die betrokke persoon 'n antisosiale vriendekring het en vorige oortredings onder die invloed van 'n substans en/of met behulp van 'n vuurwapen gepleeg het (Gendrau, 1995).



Tog word gewelddadige oortreders dikwels in soortgelyke omstandighede as dié waarin 'n vorige oortreding gepleeg is, vrygelaat (Douglas & Webster, 1999).

\* *Stresfaktore*. Sosiale stressors soos die verbreking van verhoudings, werksprobleme, gesinsverliese, werkloosheid en selfs disharmonie in die gesin is geïdentifiseer as betekenisvolle geweldsrisikofaktore (Bonta et al., 1998; Klassen & O'Connor, 1994). Alhoewel die rol van sosiale ondersteuningsisteme as sodanig minder ondersoek is as ander kontekstuele veranderlikes, kan dit byvoorbeeld in die geval van alleenlopendheid 'n wesenlike risikofaktor in residivisme veral by mense met 'n psigiatriese versteuring wees (Bonta et al., 1998). Terwyl die geborgenheid van 'n gesin dus die risiko van geweld verminder, kan chroniese konflik in 'n gesin of 'n vreemde gesin weer die risiko verhoog (Estroff & Zimmer, 1994). Die vermoë om stres te kan hanteer speel dus 'n belangrike rol in disfunksie al dan nie, en eventueel in die voorkoms van gewelddadige gedrag (Krakowski, Jaeger, & Volavka, 1988).

'n Risikofaktor wat volgens sommige praktisyns (bv. Litwack & Schlesinger, 1987, 1999; Kutzer en Lion, 1984) baie belangrik is, maar dikwels gering geskat word, is geweldsdreigemente. Met verwysing na Wertham (1978) se beskrywing van die sogenaamde katatimiese krisis, meen Litwack en Schlesinger (1999) dat baie gewelddadige oortredings voorkom kon word, indien die betrokke praktisyn die gepaardgaande dreigement(e) behoorlik in ag geneem het.

Die voorafgaande risikofaktore is hoofsaaklik dié wat volgens navorsers deur praktisyns in geweldvoorspelling gebruik behoort te word (preskriptiewe navorsing). Of praktisyns egter hierdie veranderlikes as relevant beskou en inderdaad in die praktyk van geweldvoorspelling implementeer, is 'n vraag wat nog nie voldoende beantwoord is nie. Daarby is heelwat minder navorsing as in die geval van preskriptiewe navorsing gedoen oor die faktore wat praktisyns inderdaad in ag neem (ook bekend as deskriptiewe navorsing) by geweldsrisiko-evaluering (Elbogen, 2002). Uit die beperkte navorsing wat wel daarvoor bestaan, blyk dit dat praktisyns dit nie altyd met navorsers eens is oor die risikofaktore wat in geweldvoorspelling gebruik behoort te word nie (Elbogen, Mercado, Scalora, & Tomkins, 2002). Dit is byvoorbeeld insiggewend dat psigopatie, wat in die navorsingsliteratuur as een van die beste voorspellers van geweld voorgelê word (Hart, et al., 1994), nie as sodanig deur sommige praktisyns beskou is nie. Daar sal dus nog heelwat navorsing gedoen moet word alvorens teorie en praktyk na behore geïntegreer word (Sjöstedt & Grann, 2002; Webster, Hucker, McMaster, & Bloom, 2002). Volgens Elbogen (2002) is navorsing wat teorie en praktyk byeenbring, die belangrikste area vir

toekomstige navorsing. Sodanige navorsing blyk dus nie alleen noodsaaklik te wees nie, maar sal ook betekenisvol bydra tot ontwikkelings in geweldsrisiko-evaluering wat sowel empiries bewese as klinies werklik funksioneel is (Freedman, 2001).

## Metodologie

Soos reeds genoem, is die doelwit van die studie om aan die hand van vyf gevallestudies te bepaal of daar 'n verskil in mening bestaan by twee beroepsgroepe (sielkundiges en regsgeleerdes) rakende (i) die gevaar wat die betrokke individu in die gevallestudie vir die gemeenskap inhou, en (ii) die rol wat 'n aantal risikofaktore in hulle besluit gespeel het.

'n Selfopgestelde vraelys is gebruik om die verlangde inligting in te samel. Die vraelys is gebaseer op inligting wat in die bestaande literatuur verkry is asook op die navorsers se eie inisiatief. Die vraelys het bestaan uit twee afdelings. Afdeling 1 het biografiese besonderhede ingesamel. Afdeling 2 het vyf gevallestudies aan die respondente voorgehou. In elke geval is die respondente versoek om te beoordeel (i) in welke mate die persoon in die bepaalde gevallestudie 'n gevaar vir die gemeenskap inhou, en (ii) watter rol bepaalde geweldsrisikofaktore (eienskappe van die betrokke individu en die omgewing) gespeel het in die besluit of die individu gevaarlik is. Waar dit van toepassing was, is 'n 5-punt Likert-skaal gebruik, met die volgende kontinuum: geensins, gering, matig, baie en uitermatig. Die vraelys is anoniem in sowel Engels as Afrikaans aangebied. Nadat 'n aantal landdroste en sielkundiges in verskeie dorpe die vraelys in 'n loodsstudie voltooi het, is dit as meetinstrument geïmplementeer.

'n Totaal van 400 vraelyste is uitgestuur: 250 aan landdroste en 150 aan sielkundiges. Elke vraelys het gepaard gegaan met 'n dekbrieff ter verduideliking van die navorsing en die uitnodiging om daaraan deel te neem. 'n Gefrankeerde koevert is ook by die voorgenoemde ingesluit. Die respondente is per opvolgskrywe herinner aan die versoek om aan die navorsing deel te neem. Teen die voorafbepaalde afsnydatum, is 137 bruikbare vraelyste ontvang (85, d.w.s. 62% van landdroste, en 52, m.a.w. 38% van sielkundiges). Die groter totale getal landdroste wat vraelyste teruggestuur het hou waarskynlik verband met 'n aantal praktiese redes. Hierdie redes is dat (i) meer vraelyste aan die onderskeie landdroskantore versend is weens makliker bereikbaarheid, (ii) dat die verspreiding van vraelyste by die onderskeie landdroskantore vanweë eenvoudiger administrasie beter versprei is in vergelyking met die sielkundiges wat hoofsaaklik in privaatpraktykverband genader is, en (iii) dat die meeste landdroste *ipso facto* by geweldvoorspelling betrokke is, terwyl die meeste sielkundiges waarskynlik slegs in geval van 'n belangstelling in geweldvoorspelling, daarby betrokke sou wees. Nietemin

verteenwoordig die getal voltooide vraelyste 'n responskoers van 34% wat volgens navorsers (bv. Bush & White, 1985; McKillip & Lockhart, 1984) aanvaarbaar is vir vraelyste wat per landpos versend en ontvang word.

Tydens die vergelyking van die twee beroepsgroepe is met relatief groot groepe gewerk. Gevolglik is besluit om Hotelling se T-toets vir onafhanklike groepe (Tabachnick & Fidell, 1996) te benut. Vir die veranderlikes waarvoor statisties beduidende T-waardes verkry is, is die verskille verder met behulp van post hoc *t*-toetse opgevolg.

## Resultate en bespreking

Die resultate rakende die biografiese inligting word vervolgens gerapporteer en bespreek. Hierna word die kwantitatiewe resultate van die vrae by elke gevallestudie weergegee en bespreek.

### *(a) Biografiese veranderlikes*

Die totale ondersoekgroep het uit 137 persone bestaan: 85 (62%) regs-lui en 52 (38%) sielkundiges. Die biografiese gegewens is met die SAS-rekenaar-programmatuur (SAS Institute, 1985) bereken, en het op die volgende gedui:

- Die meerderheid regs-lui (85,7%) was mans en dié verhouding (85,7% mans; 14,3% vroue) vergelyk goed met die nasionale verhouding van 72,8% mans en 27,2% vroue (Landdroste-kommissie van Suid-Afrika). In die geval van die sielkundiges was die meerderheid (76,9%) dames, en dié ratio (76,9% vroue; 23,1% mans) vergelyk ook redelik goed met die nasionale ratio van 61% vroue; 38,4% mans (Health Professions Council of South Africa).
- Wat ondervinding betref, het bykans die helfte (44,7%) van die regs-lui 11 jaar of langer ondervinding gehad, in vergelyking met twee derdes (65,4%) van die sielkundiges wat oor soortgelyke ervaring beskik het. In beide gevalle word egter geen inligting gebied oor wat hierdie ervaring behels nie.
- Sowel die regs-lui (86,7%) as die sielkundiges (98,1%) het hoofsaaklik uit wit persone bestaan.
- Ongeveer die helfte van die sielkundiges (49,1%) was in hulle vyftiger- of sestigerjare, teenoor net meer as een derde van die regs-lui (35,4%) wat in hierdie ouderdomsgroep geval het.
- Groot verskille het voorgekom ten opsigte van die twee groepe se hoogste kwalifikasie. Die sielkundiges (98%) het oor 'n M.- of D.-grade beskik, terwyl die meerderheid regs-lui (83,1%) 'n LL.B.- of soortgelyke graad voltooi het (10,4% het

'n diploma in die Regte verwerf). Hierdie verskil kan toegeskryf word aan die feit dat 'n meestersgraad die minimumvereiste is om as 'n sielkundige te registreer, asook dat 'n doktorsgraad (anders as in die geval van regsgeleerdes), baie meer deel is van die "sielkunde-kultuur". Doktorsgrade in die Regte is inderdaad dun gesaai.

*(b) Gevallestudies*

Die response van die twee beroepsgroepe ten opsigte van die gevallestudies word vervolgens kwantitatief aangebied.

### **Gevallestudie 1**

'n Twintigjarige universiteitstudent (wit, manlik, ongetroud) beken aan sy kamermaat dat hy reeds vir ongeveer 'n jaar fantaseer oor die pleeg van 'n massamoord. Die kamermaat besluit om die polisie hiervan te verwittig. Die polisie stel die Prokureur-generaal in kennis wat versoek dat die betrokke student sielkundig geëvalueer moet word. Uit die sielkundige verslag blyk dit dat die student

- geen misdaderekord het nie,
- by twee geleenthede probeer het om selfmoord te pleeg, en
- 'n geskiedenis van ernstige gesinsgeweld het (aanranding van die moeder en kinders deur die vader).

Die Prokureur-generaal belê 'n vergadering waartydens u opinie as landdros/sielkundige aan die hand van die onderstaande vrae gevra word:

**Vraag 1: In watter mate hou die persoon na u oordeel 'n gevaar vir die gemeenskap in?**

**Vraag 2: In welke mate het die volgende eienskappe (sien Tabel 1) van die persoon u beoordeling by die vorige vraag beïnvloed?**

Die resultate rakende Gevallestudie 1 is met behulp van die Hotelling  $T^2$ -toets verkry. Die berekende waarde is 37,07 ( $F = 3,87$ ; grade van vryheid : 9 en 127 wat op die 1% peil beduidend is). Die verskille is verder met behulp van  $t$ -toetse vir onafhanklike groepe ondersoek (sien Tabel 1).



**Tabel 1** Gemiddeldes, standaardafwykings, *t*- en *p*-waardes van regslui en sielkundiges by Gevallestudie 1

Afhanklike veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		<i>t</i>	<i>p</i>
	<i>X</i>	<i>s</i>	<i>X</i>	<i>s</i>		
<b>Gevaar vir gemeenskap</b>	3,32	0,89	3,47	0,71	-1,05	0,2970
<i>Risikofaktore:</i>						
Ouderdom	2,39	1,13	2,48	1,07	-0,45	0,6528
Ras	1,33	0,80	1,58	0,76	-1,82	0,0716
Geslag	2,10	1,19	2,72	1,19	-2,90	0,0044**
Huwelikstatus	1,70	1,06	1,96	1,08	-1,34	0,1831
Massamoord-fantasie	3,56	0,98	3,65	0,91	-0,50	0,6146
Geen misdaadrekord	2,34	1,16	2,67	1,16	-1,59	0,1150
Selfmoordpogings	3,42	0,97	4,00	0,57	-3,87	0,0002**
<b>Blootstelling aan gesinsgeweld</b>	3,80	0,82	4,25	0,69	-3,34	0,0011**

\*\*  $p \leq 0,01$ ;

Uit Tabel 1 blyk dat beide groepe in 'n gelyke mate die persoon in Gevallestudie 1 as 'n redelike tot groot gevaar vir die gemeenskap beskou het.

Verder was die volgende risikofaktore (in volgorde van belangrikheid) vir die regslui deurslaggewend: blootstelling aan gesinsgeweld, massamoord-fantasie en selfmoordpogings. Vir die sielkundiges was dieselfde drie eienskappe bepalend, maar in 'n ander rangorde, naamlik blootstelling aan gesinsgeweld, selfmoordpogings en massamoord-fantasie.

Daarby toon die *t*-waardes vir 3 van die 8 risikofaktore, naamlik geslag, selfmoordpogings en blootstelling aan gesinsgeweld *p*-waardes kleiner as 0,01. In al drie hierdie gevalle het die sielkundiges 'n hoër gemiddelde telling as die regslui verkry wat daarop dui dat die sielkundiges groter waarde as die regslui heg aan bovermelde risikofaktore in die beoordeling van geweldsrisiko.

Wanneer die gewig van die betrokke risikofaktore soos dit in die literatuur voorkom, in aanmerking geneem word, (Bonta, Law & Hanson, 1998; Swanson et al., 1990, 1997; Maxfield & Widom, 1996), blyk dit dat die sielkundiges se evalueringse meer deur empiriese navorsing ondersteun word.



### Gevallestudie 2

'n Middeljarige geskeide vrou maak aan haar sielkundige bekend dat daar 'n verhouding ontstaan het tussen haar en haar huisdokter. Die huisdokter het egter na 'n paar maande daadwerklike pogings begin aanwend om die verhouding te beëindig. Dit was egter vir haar onaanvaarbaar en sy sê by herhaling aan die sielkundige: "As hy nie by sy belofte bly en met my trou nie, gaan ek hom skiet".

By verdere navraag blyk dit dat

- die vrou geen misdaadgeskiedenis het nie; en
- sy toegang het tot 'n vuurwapen.

Die sielkundige kom tot die gevolgtrekking dat sy kliënt 'n risiko-geval is en besluit om die plaaslike hooflanddros daarvoor in te lig. Die hooflanddros belê daarop 'n vergadering waarby u opinie as landdros/sielkundige aan die hand van die volgende vrae gevra word:

Vraag 1: In watter mate hou hierdie persoon na u oordeel 'n gevaar vir die gemeenskap in?

Vraag 2: In welke mate het die volgende eienskappe van die persoon (sien Tabel 2) u beoordeling by die vorige vraag beïnvloed?

Die response ten opsigte van gevallestudie 2 is met behulp van die HotellingT<sup>2</sup>-toets verwerk. Die waarde is 21,11 (F-waarde = 2, 21; grade van vryheid: 9 en 127). Hierdie waarde is beduidend op die 5% peil. Die verskille is verder met behulp van t-toetse vir onafhanklike groepe ondersoek (sien Tabel 2).

**Tabel 2** Gemiddeldes, standaardafwykings, t- en p-waardes van regslui en sielkundiges by Gevallestudie 2

Afhanklike veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		t	p
	X	s	X	s		
Gevaar vir gemeenskap	3,29	0,90	3,53	0,73	-1,63	0,1046
<i>Risikofaktore:</i>						
Ouderdom	2,30	1,05	2,88	1,14	-3,01	0,0031**
Huwelikstatus	2,84	1,08	3,08	1,19	-1,19	0,2358
Geslag	2,59	1,14	2,73	1,15	-0,69	0,4942
Buite-egtelike verhouding	3,27	1,02	3,22	1,02	0,28	0,7792
Doodsdreigement	3,86	0,86	4,04	0,69	-1,29	0,1981
Geen misdaadrekord	1,89	0,99	2,33	0,99	-2,44	0,0162*
Toegang tot vuurwapen	3,85	0,70	4,04	0,92	-1,38	0,1687
Sielkundige terapie	3,41	1,03	3,48	1,02	-0,37	0,7149

\*\* p ≤ 0,01 \* p ≤ 0,05

Uit Tabel 2 blyk dat beide groepe respondente, net soos by Gevallestudie 1, in 'n gelyke mate die betrokke persoon as 'n redelike tot groot gevaar vir die gemeenskap beskou het.



Volgens die regslui was die volgende drie faktore in orde van belangrikheid, deurslaggewend: 'n doodsdreigement, toegang tot 'n vuurwapen en sielkundige terapie. Die sielkundiges was dieselfde mening toegedaan. Verder dui die resultate daarop dat die sielkundiges meer waarde as die regslui heg aan die ouderdom van 'n persoon en die afwesigheid van 'n misdaadrekord ( $p$ -waardes kleiner as onderskeidelik 0,01 en 0,05).

Wanneer die siening van die sielkundiges en landdroste oor die risikofaktore vergelyk word met resente navorsingsresultate (Farrington, 2001, Monahan et al., 2001), blyk dit ook in die onderhawige geval dat die standpunt van die sielkundiges, meer deur die bestaande empiriese studies ondersteun word.

### ***Gevallestudie 3***

'n Vyftigjarige geskeide swart eienaar van 'n klein algemene-handelaarswinkel is deur die polisie na die psigiatriese afdeling van 'n hospitaal vir evaluering gebring. Die klagte was dat hy uiters aggressiewe gedrag geopenbaar het in reaksie op die buitensporige eis van sekere klante dat hy korting van 50% op hulle aankope moet toestaan. Sy gedrag het die volgende behels:

- Hy het in 'n woedebui uitgebars.
- Hy het 'n wapen op die betrokke klante gerig.
- Hy het gedreig om hulle te skiet met die woorde: "God het my aangestel om vuilgoed soos julle uit te roei!"

Die psigiatriese evaluering het die volgende relevante inligting opgelewer:

- Die persoon ontvang reeds vir meer as 10 jaar behandeling vir 'n ernstige psigiese versteuring wat veral deur vervolgingswaan gekenmerk word.
- Hy is ongeveer 8 jaar gelede skuldig bevind op 'n aanklag van aanranding met die doel om ernstig te beseer: hy het sy destydse eggenote met die vuus toegetakel. As motief vir dié daad het hy aangevoer dat sy en haar familie op hom gespioeneer het ten einde hom te vermoor.
- Hy reageer besonder goed op voorgeskrewe medikasie.

Die hoof van die psigiatriese afdeling besluit vervolgens om 'n vergadering te belê en u as landdros/sielkundige in dié verband te raadpleeg. U opinie ten opsigte van die volgende vrae word gevra:

Vraag 1: In watter mate meen u dat hierdie persoon 'n gevaar vir die gemeenskap inhou?

Vraag 2: In welke mate het die volgende eienskappe van die persoon (sien Tabel 3) u beoordeling by die vorige vraag beïnvloed?

Wat Gevallestudie 3 betref, is die resultate van die twee beroepsgroepe met behulp van die Hotelling  $T^2$ -toets verkry. Die berekende waarde is 44,34 ( $F$ -waarde 3, 73; grade van vryheid : 11 en 125). Die berekende  $T^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend. Die verskille is verder met behulp van  $t$ -toetse vir onafhanklike groepe ondersoek (sien Tabel 3).



**Tabel 3** Gemiddeldes, standaardafwykings, *t*- en *p*-waardes van regslui en sielkundiges by Gevallestudie 3

Afhanklike veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		<i>t</i>	<i>p</i>
	<i>X</i>	<i>s</i>	<i>X</i>	<i>s</i>		
Gevaar vir gemeenskap	4,06	0,73	4,35	0,63	-2,40	0,0179*
<i>Risikofaktore:</i>						
Ouderdom	1,91	1,00	2,47	1,14	-2,95	0,0038**
Huwelikstatus	1,83	1,00	2,36	1,17	-2,77	0,0065**
Ras	1,54	0,99	2,04	0,99	-2,80	0,0060**
Geslag	1,93	1,05	2,92	1,17	-5,01	0,0000**
Rig van 'n vuurwapen	4,14	0,64	4,33	0,59	-1,75	0,0828
Doodsdreigement	4,04	0,81	4,20	0,78	-1,14	0,2562
Psigiese versteuring	4,28	0,65	4,59	0,54	2,87	0,0048**
Psigiatriese behandeling	4,06	0,68	4,20	0,72	-1,11	0,2669
Misdaadrekord	3,54	0,98	4,12	0,82	-3,52	0,0006**
Goeie reaksie op medikasie	2,84	1,09	3,06	0,99	-1,14	0,2545

\*\* $p \leq 0,01$  \* $p \leq 0,05$

Uit Tabel 3 blyk dit dat beide groepe van mening was dat die individu in Gevallestudie 3 in 'n groot mate gevaar vir die gemeenskap inhou. Die sielkundiges het hierdie mening net sterker voorgestaan.

By hierdie gevallestudie was die belangrikste risikofaktore volgens die regslui in volgorde van belangrikheid: die aanwesigheid van 'n ernstige psigiese versteuring, die rig van 'n vuurwapen op lede van die publiek en 'n geskiedenis van psigiatriese behandeling. Die sielkundiges was ook in hierdie geval dit volledig eens met hulle regskollegas.

Die *t*-waardes vir 6 van die 10 geweldrisikofaktore in Tabel 3, naamlik ouderdom, huwelikstatus, ras, geslag, aanwesigheid van 'n psigiese versteuring, en 'n misdaadrekord, toon *p*-waardes wat kleiner as 0,01 is. Die sielkundiges het dus ten opsigte van al hierdie faktore 'n hoër gemiddelde telling as die regslui behaal. Hierdie resultaat kom weereens, soos ook by die voorafgaande twee gevallestudies, daarop neer dat die sielkundiges groter waarde heg as die regslui aan die betrokke individuele en kontekstuele risikofaktore.

Ook in hierdie geval blyk dit dat die standpunte van die sielkundiges meer deur empiriese navorsing ondersteun word (Douglas & Hart, 2002; Douglas & Webster, 1999; Farrington, 2001; Holzer et al., 1990; McNiel et al., 1988; Monahan et al., 2001; Steadman et al., 1998; Swanson, 1994).



### Gevallestudie 4

'n Dertigjarige ongetroude bruinman wat 'n bank probeer beroof het, het tydens die rooftog ernstige skietwonde opgedoen en is gevolglik in 'n hospitaal behandel. Tydens die hospitalisasie is onder ander aangeteken dat

- hy gereeld aggressief jeens die hospitaalpersoneel reageer; en
  - hy in opmerkings oor die voorval geen berou oor die gebeure toon nie.
- 'n Verdere ondersoek het ook die volgende inligting opgelewer:
- Hy het reeds twee vorige skuldigbevindings vir gewapende roof.
  - Hy het nog nooit enige vaste betrekking beklee het nie en was sedert sy kinderjare by bende-aktiwiteite betrokke.
  - Hy het onder haglike sosio-ekonomiese omstandighede grootgeword.
  - Hy maak hom dikwels skuldig aan alkohol- en ander dwelmmisbruik.

U as landdros/sielkundige word geva om die geval te beoordeel aan die hand van die volgende vrae:

Vraag 1: In watter mate meen u dat hierdie persoon 'n gevaar inhou vir die gemeenskap?

Vraag 2: In welke mate het die volgende eienskappe van die persoon (sien Tabel 4) u beoordeling by vraag 1 beïnvloed?

Die resultate van die twee beroepsgroepe ten opsigte van Gevallestudie 4 is met behulp van die Hotelling  $T^2$ -toets verkry. Die berekende waarde is 90,62 (dit benader tot 'n F-waarde van 6,35 vir 13 en 123 vryheidsgrade. Hierdie waardes is op die 0,01% peil beduidend). Die verskille is ook in hierdie geval verder met behulp van  $t$ -toetse vir onafhanklike groepe ondersoek (sien Tabel 4).



1174 33915



**Tabel 4** Gemiddeldes, standaardafwykings, *t*- en *p*-waardes van die regslui en sielkundiges by Gevallestudie 4

Afhanklike veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		<i>t</i>	<i>p</i>
	<i>X</i>	<i>s</i>	<i>X</i>	<i>s</i>		
Gevaar vir gemeenskap	4,68	0,49	4,58	0,50	1,16	0,2482
<i>Risikofaktore:</i>						
Ouderdom	2,31	1,01	2,64	1,12	-1,75	0,0823
Huwelikstatus	1,93	0,95	2,33	1,16	-2,15	0,0337*
Ras	1,63	1,03	2,38	1,24	-3,80	0,0002**
Geslag	2,37	1,22	2,92	1,24	-2,51	0,0133*
Betrokke by gewapende roof	4,63	0,49	4,62	0,49	0,13	0,9001
Aggressie jeens hosp. personeel	4,16	0,72	4,26	0,66	-0,76	0,4468
Afwesigheid van berou	4,18	0,85	4,74	0,49	-4,30	0,0000**
Geweldsmisdaad-geskiedenis	4,65	0,53	4,78	0,42	-1,43	0,1540
Onstabiele werksrekord	3,39	0,85	4,14	0,76	-5,18	0,0000**
Haglike sosio-ekonomiese agtergrond	3,36	0,87	4,02	0,91	-4,18	0,0001**
Geskiedenis van bende-akt.	4,43	0,59	4,56	0,58	-1,26	0,2093
Alkohol- en dwelmmisbruik	4,00	0,76	4,66	0,59	-5,29	0,0000**

\*\* $p \leq 0,01$  \* $p \leq 0,05$

Volgens die resultate in Tabel 4 het beide professionele groepe die persoon in Gevallestudie 4 as baie tot uitermatig gevaarlik vir die gemeenskap beskryf.

Die regslui het meer spesifiek en in volgorde van belangrikheid aangedui dat drie risikofaktore bepalend in hul evaluering was: 'n geweldsmisdaad-geskiedenis, betrokkenheid by gewapende roof, en 'n geskiedenis van bende-aktiwiteite. Die sielkundiges was dit eens met die regslui oor die rol wat 'n geskiedenis van geweldsmisdaad in geweldsrisiko speel. Hulle het egter ook ander veranderlikes as belangrike risikofaktore geïdentifiseer, naamlik: die afwesigheid van berou en alkohol- en ander dwelmmisbruik (in hierdie rangorde).

Verder toon die *t*-waardes vir 7 van die 12 eienskappe, naamlik huwelikstatus, ras, geslag, afwesigheid van berou, onstabiele werksrekord, haglike sosio-ekonomiese agtergrond en alkohol- en dwelmmisbruik, *p*-waardes wat kleiner as 0,05 is. Weereens, soos ook die geval by die voorafgaande gevallestudies, het die sielkundiges 'n hoër gemiddelde telling as die regslui ten opsigte van hierdie risikofaktore behaal. Hierdie verskil beteken dus dat bovermelde risikofaktore vir die sielkundiges meer gewig gedra het as vir die regslui tydens die evaluering van die persoon in Gevallestudie 4.

Wanneer die perspektiewe van sowel die sielkundiges as die regslui oor bovermelde geweldsrisikofaktore in terme van die empiriese navorsing geëvalueer word, blyk dit eweneens dat die sielkundiges se beskouings oor hierdie veranderlikes, ook groter empiriese ondersteuning geniet (Douglas et al., 1997; Estroff et al., 1994; Maxfield &



Widom, 1996; Monahan, 2003; Motiuk, 1996; Steadman et al., 1998; Swanson et al., 1990).

### ***Gevallestudie 5***

'n Twintigjarige ongetroude blanke man is gearresteer omdat hy 'n tienermeisie verkrag en daarna 'n negejarige seun seksueel gemolesteer het. In beide gevalle het hy die slagoffers met 'n vuurwapen gedreig. Die daaropvolgende ondersoek het die volgende relevante inligting opgelewer:

- Sy gesinsgeskiedenis bring aan die lig dat hy onder andere uit 'n gesin van 10 kinders en armoedige lewensomstandighede afkomstig is en aan ernstige kinderverwaarlosing blootgestel was.
- Hy is ongeveer 'n jaar na sy geboorte in pleegsorg geplaas. Hy is vervolgens aan verskeie sodanige plasings blootgestel. Daarna is hy in 'n kindershuis opgeneem omdat hy onhanteerbaar was. Hy het herhaaldelik uit die kindershuis weggeloop en ook met die gereg gebots. Hierdie oortredings het veral winkeldiefstal, maar by geleentheid ook seksuele molestering van jonger kinders, ingesluit.
- Op 12-jarige ouderdom is hy opgeneem in 'n inrigting vir kinders met gedragsprobleme. Hier het hy hom gou onderskei as een van die moeilikste inwoners van die inrigting.
- Op 16-jarige ouderdom is hy skuldig bevind aan seksuele teistering en molestering van 'n tienermeisie en vir behandeling verwys.
- Op 20-jarige ouderdom is hy weereens gearresteer vir 'n seksuele oortreding. Hy het egter dieselfde dag uit aanhouding ontsnap en die onderhawige oortreding gepleeg.

Hierdie geval word tydens 'n nasionale kongres oor geweldsmisdade en die voorkoming daarvan voorgedra.

In 'n daaropvolgende groepsbespreking word u opinie as sielkundige/landdros ten opsigte van die geval aan die hand van die volgende vroe gevra:

**Vraag 1:** In welke mate meen u dat hierdie persoon 'n gevaar vir die gemeenskap inhou?

**Vraag 2:** In watter mate het die volgende eienskappe van die persoon (sien Tabel 5) u beoordeling by vraag 1 beïnvloed?

Die response van die regslui en sielkundiges ten opsigte van Gevallestudie is met behulp van die Hotelling T<sup>2</sup>-toets verkry. 'n Berekende T<sup>2</sup>-waarde van 44,96 is op die 1%-peil beduidend (F-waarde = 3,44; grade van vryheid: 12 en 124). Die verskille is verder met behulp van t-toetse vir onafhanklike groepe ondersoek (sien Tabel 5).



**Tabel 5** Gemiddeldes, standaardafwykings, *t*- en *p*-waardes van regslui en sielkundiges by Gevallestudie 5

Afhanklike veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		<i>t</i>	<i>p</i>
	<i>X</i>	<i>s</i>	<i>X</i>	<i>s</i>		
<b>Gevaar vir gemeenskap</b>	4,73	0,45	4,72	0,45	0,08	0,9388
<i>Risikofaktore:</i>						
Geslag	2,73	1,29	3,12	1,26	-1,70	0,0921
Ras	1,64	0,91	2,16	1,16	-2,89	0,0045**
Ouderdom	2,20	1,27	2,45	1,32	-1,05	0,2946
Huwelikstatus	2,19	1,19	2,60	1,21	-1,89	0,0604
Seksuele misdrywe	4,54	0,52	4,60	0,49	-0,70	0,4852
Dreig met vuurwapen	4,52	0,67	4,54	0,73	-0,18	0,8564
Baie groot gesin	2,31	0,93	2,79	1,24	-2,56	0,0115*
Gesinsarmoede	2,45	0,95	3,29	1,08	-4,64	0,0000**
Kinderverwaarlosing	3,18	0,98	4,10	0,81	-5,63	0,0000**
Plasings in inrigtings	3,27	1,04	3,98	0,87	-4,06	0,0001**
<b>Misdaadgeskiedenis</b>	4,54	0,57	4,72	0,54	-1,80	0,0736

\*\*  $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$

Volgens Tabel 5 het sowel die regslui as die sielkundiges die persoon in Gevallestudie 5 as uitermatig gevaarlik vir die gemeenskap beoordeel.

Die landdroste het die volgende risikofaktore, in volgorde van belangrikheid, as deurslaggewend in hulle besluitneming beskou: 'n misdaadgeskiedenis, seksuele misdrywe en die dreig van slagoffers met 'n vuurwapen. Die sielkundiges was dit volledig eens met hul regsewesknieë.

In aansluiting hierby, toon die *t*-waardes vir 5 van die 11 geweldrisikofaktore, naamlik ras, 'n baie groot gesin, gesinsarmoede, kinderverwaarlosing en plasing in inrigtings, *p*-waardes wat kleiner as 0,05 is. Hierdie resultate kom dus, soos by die voorafgaande gevallestudies, daarop neer dat die sielkundiges ten opsigte van al hierdie geweldvoorspellingsveranderlikes, meer waarde heg aan die betrokke risikofaktore as hul regs kollegas. Wanneer hierdie verskille in sienings tussen die regslui en sielkundiges, soos by die ander gevallestudies, met die empiriese navorsing oor geweldvoorspelling vergelyk word, blyk dit ook in hierdie geval dat die standpunte van die sielkundiges groter empiriese begroning geniet (Estroff et al., 1994; Farrington, 1994; Faulk, 1994; Monahan 2001; Steadman et al., 1994; Swanson et al., 1997; Widom, 1989).

## Slotsom

Een van die kernbevindinge van die huidige ondersoek is dat dat die betrokke regsliu en sielkundiges eenstemmig was in hulle beoordeling van die mate van gevaar wat die betrokke individu in elke gevallestudie vir die gemeenskap ingehou het. Beide beroepsgroepe blyk dus weens hulle opleiding en ervaring oor die vermoë te beskik om minstens geweldsrisiko te kan identifiseer. Verder was albei beroepsgroepe dit met mekaar eens dat sekere veranderlikes soos herhaalde blootstelling aan geweld, 'n geweldgeskiedenis, geweldsdreigemente en 'n geskiedenis van sekere psigiatriese siektetoestande, belangrike geweldvoorspellers is. Die twee beroepsgroepe het egter wel in sekere gevalle van mekaar verskil oor die waarde wat aan bepaalde geweldsrisikofaktore toegeken behoort te word (bv. die voorkoms van selfmoordpogings, ouderdom, geslag, en die afwesigheid van berou).

'n Insiggewende bevinding was dat die opinies van die sielkundiges oor geweldvoorspelling meer deur bestaande navorsing ondersteun word as dié van landdroste. Daar moet egter in aanmerking geneem word dat gemiddeldes as norm gebruik is. Die data dui daarop dat daar wel landdroste is wat oor die nodige insig en begrip beskik. Dit kan egter nie ontken word nie dat sielkundiges ten opsigte van die regsproses wel 'n belangrike bydrae kan lewer omdat hulle, ten spyte van tekortkominge, weens hul unieke opleiding en ondervinding beter toegerus is om menslike gedrag te interpreteer. Meer spesifiek wil dit voorkom asof sielkundiges, in vergelyking met regsliu,

- groter insig en begrip getoon het oor die rol en effek van bepaalde stresfaktore op menslike gedrag;
- oor 'n grondiger kennis rakende geweldsrisikofaktore beskik het; en
- meer gevorderde kennis het van die kriteria vir sowel normale as abnormale gedrag en die rol wat sodanige gedrag in die voorkoms van geweldsmisdade speel.

Om saam te vat, blyk dit dus dat sielkundiges ten spyte van tekortkominge, 'n betekenisvolle en aanvullende bydrae kan maak tot die voorspelling van gewelddadige gedrag. Dit impliseer uiteraard nie dat die bydrae van die Sielkunde tot die regspraak sonder grense is nie. Wat egter kwalik ontken kan word, is dat die regsproses, wat geweldvoorspelling betref, aan noodsaaklike psigo-forensiese kennis mank sal gaan indien hulle nie die bydrae wat gedragsdeskundiges kan bied, ten volle ontgin nie. Hierdie bevindinge en standpunte kom in wese ooreen met dié van ander navorsers soos Allan en Louw (2001); Elbogen (2002); Krakowski, Jaeger en Volvka (1988).

Hoewel hierdie eksploratiewe studie insiggewende resultate aan die lig gebring het, het sekere tekortkominge die bydrae daarvan beperk. Eerstens, weens die feitelike afwesigheid van plaaslike literatuur en empiriese navorsing oor geweldvoorspelling (veral kriteria vir geweldvoorspelling), was dit nie moontlik om die bevindinge binne die Suid-Afrikaanse konteks in 'n vergelykende perspektief te plaas nie. Tweedens moet die veralgemeenbaarheid van die resultate met versigtigheid hanteer word, omdat (i) die proefpersone, ten spyte van 'n responskoers wat binne aanvaarbare grense was, nie verteenwoordigend was van hul onderskeie beroepsgroepe nie (a.g.v. sowel die relatief klein respondentpopulasie, as dat die beroepsgroepe nie verteenwoordigend was van die Suid-Afrikaanse bevolking nie), en (ii) dat die respondente nie altyd op al die vrae reageer het nie (hoewel dit 'n redelike algemene verskynsel is, neutraliseer dit nie die feit dat die N sodoende verklein is en die veralgemeenbaarheid verder verminder is nie).

Die volgende aanbevelings ten einde bogenoemde leemtes reg te stel, kan bydra tot die verbetering van geweldvoorspelling:

Meer omvattende en verteenwoordigende navorsing behoort op 'n deurlopende basis gedoen te word. Weens die omvang en impak van geweldsmisdaad in Suid-Afrika behoort sodanige navorsing op regeringsvlak geformaliseer en gestruktureer te word. Die stigting van 'n amptelike navorsingseenheid behoort in die proses ernstige aandag te geniet.

Opleiding vir professionele persone wat by geweldvoorspelling betrokke is, behoort dringend aandag te geniet. Sodanige opleiding behoort minstens te fokus op

- \* risikofaktore wat volgens resente navorsing geweldvoorspellende waarde inhou;
- \* die belangrikste juridiese grense waartussen 'n persoon ten opsigte van geweldvoorspelling moet beweeg, en
- \* psigoforensiese riglyne ten opsigte van prosedures, metodes en meetmiddels wat aangewend kan word.

Weens die fiktiewe aard van die gevallestudies, was dit uiteraard nie moontlik om die langtermyn-betroubaarheid en effektiwiteit van die twee beroepsgroepe se bydraes te evalueer en te vergelyk nie. Hoewel so 'n studie longitudinaal van aard sal moet wees en gevolglik verskeie praktiese probleme kan inhou, word nietemin aanbeveel dat sodanige navorsing wel onderneem word. Die resultate behoort 'n belangrike bydrae te lewer op 'n navorsingsterrein wat braak lê.

Internasionaal bekende meetinstrumente wat vir die evaluering van geweld gebruik word, (bv. die *Iterative Classification Tree*, Steadman et al., 2000; die *Psychopathy Checklist-Revised version*, Hare, 1991), het buite die grense van die huidige studie geval en is dus nie by die empiriese navorsing betrek nie. Dit word nietemin aanbeveel dat die toepaslikheid van sodanige instrumente vir die Suid-Afrikaanse situasie ondersoek word. Hoewel hierdie meetmiddels met wisselende entoesiasme bejeën word (Friedman, 2001; Stone, 2002), kan sodanige navorsing wel moontlik 'n bydrae lewer wat van waarde kan wees in die voorspelling van gewelddadige gedrag.

Die voorafgaande gevolgtrekkings oor die waarde van die bydrae wat sielkundiges tot geweldvoorspelling kan maak, impliseer nie dat hierdie beroepsgroep die enigste is wat bydraes in dié verband kan maak nie. Inteendeel, sielkundiges en regsgeleerdes behoort in multi-dissiplinêre spanverband saam te werk ten einde die probleme wat eie is aan geweldvoorspelling, effektief die hoof te bied. Die kumulatiewe bydrae van so 'n multi-dissiplinêre span behoort ongetwyfeld resultate van hoër gehalte te lewer as waartoe die afsonderlike beroepsgroepe in staat is.

Die hoop word uitgespreek dat die huidige resultate en aanbevelings kan meehelp om die praktyk en veral kwaliteit van geweldvoorspelling in Suid-Afrika daadwerklik te verbeter. Met die hoë misdaadkoers in die land behoort sodanige en soortgelyke navorsing om geweldsmisdaad te bekamp, hoër prioriteit te geniet.

## Bronnelys

- Andrews, D. A., Zinger, I., Hoge, R. D., Bonta, J., Gendreau, P., & Cullen, F. T. (1990). Does correctional treatment work: A clinical relevant and psychologically informed meta-analysis. *Criminology*, 28, 369-404.
- Appelbaum, P. S., Robbins, P., & Monahan, J. (2000). Violence and delusions: Data from the McArthur Violence Risk Assessment Study. *American Journal of Psychiatry*, 157, 566-572.
- Ball, E. M., Young, D., Dotson, L. A., Brothers, L. T., & Robbins, D. (1994). Factors associated with dangerous behavior in forensic inpatients: Results from a pilot study. *Bulletin of the American Academy of Psychiatry and the Law*, 22, 605-620.
- Barratt, E. S. (1994). Impulsiveness and aggression. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 61-79). Chicago: University Press.
- Blackburn, R. (1993). *The Psychology of Criminal Conduct: Theory, Research and Practice*. Chichester: Wiley.
- Blackburn, R. (2000a). Risk Assessment and Prediction. In J. McGuire, T. Mason, & A. O'Kane (Eds.), *Behaviour, Crime and Legal Processes: A Guide for Forensic Practitioners* (pp. 75-90). Chichester: Wiley.
- Blackburn, R. (2000b). Psychopathy and personality disorder in relation to violence. In C.R. Hollin (Ed.), *Clinical approaches to Violence* (2<sup>nd</sup> ed.) (pp. 195-220). Chichester: Wiley.
- Blomhoff, S., Seim, S., & Friss, S. (1990). Can predictions of violence among psychiatric inpatients be improved? *Hospital and Community Psychiatry*, 41, 771-775.
- Bonta, J., Law, M., & Hanson, R. K. (1998). The prediction of criminal and violent recidivism among mentally disordered offenders: A meta-analysis. *Psychological Bulletin*, 123, 123-142.
- Buchanan, A., Reed, A., Wessely, S., Garety, P., Grubin, D., & Dunn, G. (1993). Acting on delusions. II: The phenomological correlates of acting on delusions. *British Journal of Psychiatry*, 163, 771-781.
- Bush, D., & White, K. R. (1985). Questionnaire distribution: A method that significantly improved return rates. *Psychological reports*, 56, 427-430.
- Cornell, D. G., Peterson, C. S., & Richards, H. (1999). Anger as a predictor of aggression among incarcerated adolescents. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 67, 108-115.
- Douglas, K. S., Cox, D. N., & Webster, C. D. (1999). Violence risk assessment: Science and practice. *Legal and Criminological Psychology*, 4, 149-184.
- Douglas, K. S., & Hart, S. D. (2002). *Psychosis as a risk factor in violence: A quantitative review of the research*. Manuscript under review.
- Douglas, K. S., Ogloff, K. R. P., & Nicholls, T. L. (June 1997). *The role of personality disorders in community violence among civil psychiatric patients*. Paper presented at the Fifth International Congress of the Disorders of Personality, Vancouver, B.C., Symposium Moderator: C.D. Webster.
- Douglas, K.S., & Webster, C.D. (1999). Predicting violence in mentally and personality disordered individuals. In R. Roesch, S.D. Hart, & J.R.P. Ogloff (Eds.), *Psychology and Law: The State of the Discipline* (pp. 175-239). New York: Plenum.
- Elbogen, E. B. (2002). The process of violence risk assessment: A review of descriptive research. *Aggression and Violent Behavior*, 7, 591-604.



- Elbogen, E. B., Mercado, C. C., Scalora, M. J., & Tomkins, A. J. (2002). Perceived relevance of factors for violence risk assessment: A survey of clinicians. *International Journal of Forensic Mental Health*, 1(1), 37-47.
- Ennis, B. J., & Litwack, T. R. (1974). Psychiatry and the presumption of expertise: Flipping coins in the courtroom. *California Law Review*, 62, 693-752.
- Estroff, S. E., & Zimmer, C. (1994). Social networks, social support, and violence among persons with severe, persistent mental illness. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 259-295). Chicago: University Press.
- Estroff, S. E., Zimmer, C., Lachiotte, W. S., & Benoit, J. (1994). The influence of social networks and social support on violence by persons with serious mental illness. *Hospital and Community Psychiatry*, 45, 669-679.
- Farrington, D. P. (1994). Childhood, adolescent and adult features of violent males. In L.R. Huesmann (Ed.), *Aggressive behavior: Current perspectives* (pp. 215-240). New York: Plenum.
- Farrington, D. P. (2001). Predicting Adult Official and Self-Reported Violence. In G.F. Pinard & L. Pagani (Eds.), *Clinical assessment of dangerousness – empirical contributions* (pp. 66-87). Cambridge: University Press.
- Faulk, A. (1994). *Basic Forensic Psychiatry* (2<sup>nd</sup> ed.). London: Blackwell Scientific.
- Freedman, D. (2001). False prediction of future dangerousness. *Journal of the American Academy of Psychiatry and the Law*, 29 (1), 89-95.
- Gardner, W., Lidz, S. D., Mulvey, E. P., & Shaw, E. C. (1996). A comparison of actuarial methods for identifying repetitively violent patients with mental illness. *Law and Human Behavior*, 20, 35-38.
- Gendrau, P. (June, 1995). *Predicting criminal behaviour: What works?* Paper presented at the annual meeting of the Canadian Psychological Association, Charlottetown, Prince Edward Island, Canada.
- Gondolf, E. W., Mulvey, E. P., & Lidz, C. W. (1991). Psychiatric admission of family violent versus nonfamily violent patients. *International Journal of Law and Psychiatry*, 14, 245-254.
- Hare, R. D. (1991). *Manual for the Psychopathy Checklist-Revised*. Toronto: Multi-Health Systems.
- Hare, R. D. (1996). Psychopathy: A Clinical construct whose time has come. *Criminal Justice and Behavior*, 23, 25-54.
- Harris, G. T., Rice, M. E., & Cormier, C. A. (1991). Psychopathy and violent recidivism. *Law and Human Behavior*, 15, 625-637.
- Harris, G. T., Rice, M. E., & Quinsey, V. L. (1993). Violent recidivism of mentally disordered offenders: The development of a statistical prediction instrument. *Criminal Justice and Behavior*, 20, 315-335.
- Hart, S. D., Hare, R. D., & Forth, A. E. (1994). Psychopathy as a risk marker for violence: Development and validation of a screening version of the revised Psychopathy Checklist. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and Mental Disorder: Developments in Risk Assessment* (pp. 81- 99). Chicago: University Press.
- Haywood, T. W., Krawitz, H. M., Grossman, L. S., Cavanaugh, J. L., Davis, J. M., & Lewis, D. A. (1995). Predicting the "revolving door" phenomenon among patients with schizophrenic, schizoaffective, and affective disorders. *American Journal of Psychiatry* 152, 856-861.

- Hemphill, J. F., Hare, R. D., & Wong, S. (1998). Psychopathy and recidivism: A review. *Legal and Criminological Psychology*, 3, 139-170.
- Hodgins, S., & Cote, G. (1993). The criminality of mentally disordered offenders. *Criminal Justice and Behavior*, 20, 115-129.
- Hollander, E., & Stein, D. J. (Eds.), (1995). *Impulsivity and aggression*. Toronto: Wiley.
- Junginger, J. (1990). Predicting compliance with command hallucinations. *American Journal of Psychiatry*, 147, 245-247.
- Krakowski, M., Jaeger, J., & Volavka, J. (1988). Violence and psychopathology: A longitudinal study. *Comprehensive Psychiatry*, 29, 174-181.
- Kropp, P. R., Hart, S. D., Webster, C. D., & Eaves D. (1999). *Manual for the Spousal Assault Guide* (3<sup>rd</sup> ed.). Toronto: Multi Health Systems.
- Kutzer, D., & Lion, J. R. (1984). The violent patient: Assessment and intervention. In S. Saunders, A.M. Anderson, C.A. Hart & G.M. Rubenstein (Eds.), *Violent individuals and families: A handbook for practitioners* (pp. 69-86). Springfield, IL: Thomas.
- Lattimore, P. K., Visher, C. A., & Linster R. L. (1995). Predicting rearrest for violence among serious youthful offenders. *Journal of research in Crime and Delinquency*, 32, 54-83.
- Lidz, C. W., Mulvey, E. P., & Gardner W. (1993). The accuracy of predictions of violence to others. *Journal of the American Medical Association*, 269, 1007-1011.
- Link, B. G., Andrews, H., & Cullen, F. T. (1992). The violent and illegal behavior of mental patients reconsidered. *American Sociological Review*, 57, 275-292.
- Link, B. G., Monahan, J., Stueve, A., & Cullen, F. T. (1999). Real in their consequences: A sociological approach to understanding the association between psychotic symptoms and violence. *American Sociological Review*, 64, 316-332.
- Link, B. G., & Stueve, A. (1994). Psychotic symptoms and the violent/illegal behavior of mental patients compared to community controls. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 137-159). Chicago: University Press.
- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1987). Assessing and predicting violence: Research, law and applications. In A.K. Hess & I.B. Weiner (Eds.), *Handbook of forensic psychology* (pp. 205-237). New York: Wiley.
- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1999). Dangerousness risk assessments: Research, legal, and clinical Considerations. In A.K. Hess & I.B. Weiner (Eds.), *The Handbook of Forensic Psychology* (2<sup>nd</sup> ed.), (pp.171-211). New York: Wiley.
- Marzuk, P. M. (1996). Editorial. Violence, crime, and mental illness: How strong a link? *Archives of General Psychiatry*, 53, 481-486.
- Maxfield, M. G., & Widom, C. S. (1996). The cycle of violence revisited 6 years later. *Archives of Pediatrics and Adolescent Medicine*, 150, 390-395.
- McCord, J., & Ensminger, M. E. (1997). Multiple risks and comorbidity in an African-American population. *Criminal Behavior and Mental Health*, 7, 339-352.
- McKillip, J., & Lockhart, D.C. (1984). The effectiveness of cover-letter appeals. *The Journal of Social Psychology*, 122, 85-91.

- McNiel, D. E., Binder, R. L., & Greenfield, T. K. (1988). Predictors of violence in civilly committed acute psychiatric patients. *American Journal of Psychiatry*, 145, 965-970.
- Melton, G., Petrila, J., Poythress, N., & Slobogin, C. (1997). *Psychological evaluations for the courts: A handbook for mental health professionals and lawyers* (2<sup>nd</sup> ed.). New York: Guilford.
- Menzies, R., & Webster, C. D. (1995). Construction and validation of risk assessments in a six year follow-up of forensic patients: A tridimensional analysis. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 63, 766-778.
- Monahan (1981). *Predicting Violent Behavior: An Assessment of Clinical Techniques*. Beverly Hills: Sage.
- Monahan, J. (1997). Clinical and actuarial predictions of violence. In D. Faigman, D. Kaye, M. Saks, & J. Sanders (Eds.), *Modern Scientific Evidence: The Law and Science of Expert Testimony*, (Vol. 1), (pp. 300-318). St Paul: West Publishing Company.
- Monahan, J. (2001). Major Mental Disorder and Violence: Epidemiology and Risk Assessment. In G.F. Pinard & L. Pagani (Eds.), *Clinical assessment of dangerousness - empirical contributions* (pp. 89-99). Cambridge: University Press.
- Monahan, J. (2003). Violence risk assessment. In A. Goldstein (Ed.), *Handbook of Psychology*, (Vol. 11, pp. 527-540). New York: Wiley.
- Monahan J., & Steadman, H. J. (1994). Toward a rejuvenation of risk assessment research. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 1-17). Chicago: University Press.
- Monahan, J., Steadman, H. J., Silver, E., Appelbaum, A., Robbins, P., Mulvey, E. P., Roth, L., Grisso, T., & Banks, S. (2001). *Rethinking Risk Assessment: The McArthur Study of Mental Disorder and Violence*. New York: Oxford University Press.
- Motiuk, L. (1996). Targeting employment patterns to reduce offender risk and need. *Forum on Corrections Research*, 8, 22-24.
- Mulvey, E. P. (1994). Assessing the evidence of a link between mental illness and violence. *Hospital and Community Psychiatry*, 45, 663-668.
- Novaco, R. W. (1994). Anger as a risk factor for violence among the mentally disordered. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 21-59). Chicago: University Press.
- Ogloff, J. R. P., & Douglas, K. S. (1995). *The treatment of high risk Offenders: A literature review and analysis*. Completed under contract #19011-00-002. Ottawa, Canada: Department of Justice.
- Ogloff, J. R. P., Wong, S., & Greenwood, A. (1991). Treating criminal psychopaths in a therapeutic community program. *Behavioral Sciences and the Law*, 8, 81-90.
- Olivier, H. (1993). *'n Ondersoek na aggressie by 'n groep geestesongestelde persone*. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Prentky, R. A., Knight, R. A., Lee, A. F. S., & Cerce, D. D. (1995). Predictive validity of lifestyle impulsivity for rapists. *Criminal Justice and Behavior*, 22, 106-128.
- Quinsey, V. L., Harris, G. T., Rice, G. T., & Cormier, C. A. (1998). *Violent offenders: Appraising and managing risk*. Washington, DC: American Psychological Association.
- Rice, M. E., Harris, G. T., Lang, C., & Bell, V. (1990, Fall-Winter). Recidivism among male insanity acquittees. *Journal of Psychiatry and Law*, 379-403.

- Salekin, R.T., Rogers, R., & Sewell, K. W., (1996). A review and meta-analysis of the psychopathy Checklist and Psychopathy Checklist – Revised: Predictive validity of dangerousness. *Clinical Psychology: Science and Practice*, 3, 203-215.
- SAS Institute (1995). *SAS Users guide: Statistics version 5 edition*. Cary: Author.
- Serin, R. C., & Amos, N. L. (1995). The role of psychopathy in the assessment of dangerousness. *International Journal of Law and Psychiatry*, 18, 231-238.
- Shaffer, C. E., Waters, W. F., & Adams, S. G. (1994). Dangerousness: Assessing risk of violent behavior. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 62, 1064-1068.
- Sjöstedt, G., & Grann, M. (2002). Risk assessment: what is being predicted by actuarial prediction instruments? *International Journal of Forensic Mental Health*, 1(2), 179-183.
- Steadman, H. J., Monahan, J., Appelbaum, P. S., Grisso, T., Roth, L. H., Robbins, P. C., & Klassen, D. (1994). Designing a new generation of risk assessment research. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 297-318). Chicago: University Press.
- Steadman, H. J., Mulvey, E. P., Monahan, J., Robbins, P. C., Appelbaum, P. S., Grisso, T., Roth, L. H., & Silver, E. (1998). Violence by people discharged from acute psychiatric inpatient facilities and by others in the same neighbourhoods. *Archives of General Psychiatry*, 55, 393-401.
- Stone, M. H. (2002). Prediction of violent recidivism. *Acta Psychiatrica Scandinavica, Supp.* 412, 106 (6), 44-46.
- Stueve, A., & Link, B.G. (1997). Violence and psychiatric disorders: Results from an epidemiological study of young adults in Israel. *Psychiatric Quarterly*, 68(4), 327-342.
- Swanson, J. W. (1994). Mental disorder, substance abuse, and community violence: An Epidemiological approach. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and mental disorder: Developments in risk assessment* (pp. 106-136). Chicago: University Press.
- Swanson, J., Borum, R., Swartz, M., & Monahan, J. (1996). Psychotic symptoms and disorders and the risk of violent behaviour in the community. *Criminal behaviour and Mental Health*, 6, 317-338.
- Swanson, J., Estroff, S., Swartz, M., Borum, R., Lachiotte, W., Zimmer, C., & Wagner, R. (1997). Violence and severe mental disorder in clinical and community populations: The effects of psychotic symptoms, comorbidity, and lack of treatment. *Psychiatry*, 60, 1-22.
- Swanson, J. W., Holzer, C. E., Ganju, V. K., & Jono, R. T. (1990). Violence and psychiatric disorder in the community: Evidence from the Epidemiologic Catchment Area surveys. *Hospital and Community Psychiatry*, 41(7), 761-770.
- Tabachnick, B., & Fidell, L.S. (1996). *Using multivariate statistics*. New York: Harper Collins.
- Tarter, R. E., Kirisci, L., Vanyukov, M., Cornelius, J., Pajer, K., Shoal, G., & Giancola, P. R. (2002). Predicting adolescent violence: Impact of family history, substance use, psychiatric history, and social adjustment. *American Journal of Psychiatry*, 159, 1541-1547.
- Virkkunen, M., Eggert, M., Rawlings, R., & Linnoila, M. (1996). A prospective follow-up study of alcoholic violent offenders and fire setters. *Archives of General Psychiatry*, 53, 523-529.
- Webster, C.D., Hucker, S. J., McMaster, U., & Bloom, H. (2002). Transcending the actuarial versus clinical polemic in assessing risk for violence. *Criminal Justice and Behavior*, 29(5), 659-665.


- Webster, C. D., & Jackson, M. A. (Eds.). (1997) *Impulsivity: Theory, assessment, and treatment*. New York: Guilford.
- Wertham, F. (1978). The cathartic crisis. In I. L. Kutash, L. B. Kutash, & L. B. Schlesinger (Eds.), *Violence: Perspective on murder and aggression* (pp. 90-105). San Francisco: Jossey-Bass.
- Widiger, T. A., & Trull, T. J. (1994). Personality disorders and violence. In J. Monahan & H.J. Steadman (Eds.), *Violence and Mental disorder: Developments in Risk Assessment* (pp. 203-226). Chicago: University Press.
- Widom, C. S. (1989). The cycle of violence. *Science*, 244 (4901), 160-166.
- Yarvis, R. M. (1990). Axis I and axis II diagnostic parameters of homicide. *Bulletin of the American Academy of Psychiatry and Law*, 18, 249-269.

# ARTIKEL 3

## STRAFTOEMETING EN GEVAARLIKHEID: 'N PSIGO-FORENSIESE PERSPEKTIEF

### Inhoudsopgawe

	bladsy
Inleiding.....	1
Staftoemeting en gewelddadige gedrag.....	2
Metodologie.....	6
Resultate en bespreking.....	7
Slotsom.....	16
Bronnelys.....	19



## Artikel 3

### Straftoemeting en gevaarlikheid: 'n Psigo-forensiese perspektief

#### Samevatting

In hierdie artikel word aandag gegee aan verskeie aspekte van straftoemeting by gewelddadige gedrag wat 'n rol speel in bepaling van vonnisse vir geweldsoortredings. Sowel landdroste (N=85) as sielkundiges (N=52) is by die studie betrek. Die menings van die twee beroepsgroepe ten opsigte van vrae wat verband hou met straftoemeting by geweldsoortredings is deur middel van 'n selfopgestelde vraelys verkry. Die resultate het getoon dat meer as die helfte van elk van die twee beroepsgroepe eenstemmig was dat die doodstraf weer as strafopsie ingestel behoort te word. Die opleiding blyk volgens meer as die helfte van die lede van beide professionele groepe, onvoldoende te wees. Die regslui was meer as die sielkundiges van oordeel dat geweldsmisdadigers in Suid-Afrika voldoende gestraf word. Sielkundiges was weer meer as die landdroste van mening dat rassevooroordeel tydens vonnisbepaling voorkom. Verskille in ouderdom en jare ondervinding het nie 'n rol gespeel in die landdroste se standpunte oor bovermelde vrae nie. By die sielkundiges het sowel ouderdoms- as ondervindingsverskille egter die groep se standpunte beïnvloed: (i) in teenstelling met die jonger groep, was die ouer sielkundiges nie alleen sterker van oordeel dat die doodstraf heringestel moet word nie, maar ook dat hul opleiding vir geweldvoorspelling genoegsaam was, terwyl (ii) anders as die minder ervare groep, die meer ervare sielkundiges sterker van mening was dat geweldsmisdade nie voldoende gestraf word nie. 'n Ander insiggewende bevinding was dat die menings van sielkundiges rakende bogenoemde vrae meer deur empiriese navorsing ondersteun word as dié van die regsgeleerdes.

#### Inleiding

Aangesien die evaluering van geweldsrisiko ten doel het om persone te identifiseer wat op een of ander wyse 'n gevaar vir die gemeenskap inhou, is sodanige risikoberekening onlosmaaklik verbonde aan die kriminele regspleging (Solicitor-General, 1998). Dit is daarom uiteraard verstaanbaar dat navorsers op die gebied van geweldsrisiko hierdie probleem vanuit verskeie perspektiewe aangespreek het. Veral die identifisering van betekenisvolle geweldsrisikofaktore, die waarde van aktuariële vs. kliniese voorspelling en wyses om die proses van geweldvoorspelling ten beste uit te voer, het in die laaste paar dekades heelwat navorsingsaandag geniet (Brizer, 1989). Hoewel die navorsingsresultate dikwels teenstrydig was, is daar tog vordering gemaak omdat daar tot die besef gekom is dat hierdie belangrike navorsingsterrein nie afgeskeep darf word nie. Dit het veral duidelik geword dat daar innoverend gedink sal moet word en dat onontginde navorsingsvelde ook aandag sal moet geniet. In hierdie verband bestaan daar verskeie relevante aspekte van geweldvoorspelling wat nog relatief min aandag ontvang het. Hierdie stand van sake is nie soseer te wyte aan die feit dat sodanige onderontginde areas van geweldvoorspelling onbelangrik is nie, maar eerder omdat dit nog redelik gefragmenteerd en geïsoleerd is met betrekking tot die kernfokusse van navorsing oor die voorspelling van geweld.



Teen die voorafgaande agtergrond en ten einde 'n teoretiese agtergrond vir die empiriese studie te bied, word vervolgens 'n oorsig gegee van die relevante literatuur oor straftoemeting by gewelddadige gedrag.

### **Straftoemeting en gewelddadige gedrag**

Geweldsmisdade berokken nie slegs skade aan die lewens van slagoffers nie, maar benadeel die gemeenskap op finansiële, politiese en geestesgesondheidsvlak. Meintjies-Van der Walt (1998), Pillay en Sargent (2000), asook Van Rensburg (1999), is van mening dat Suid-Afrika, in vergelyking met ander lande met stabiele demokratiese regerings wat nie in militêre konflikte met ander lande betrokke is nie, waarskynlik oor die hoogste voorkoms van geweldsmisdaad ter wêreld beskik. Dit is dus verstaanbaar dat doeltreffende bestraffing van geweldsmisdade, veral in die lig van wêreldwye hoë misdadaisyfers, tans in die brandpunt van bespreking verkeer. Dit is immers die Staat se taak en verantwoordelikheid om sy burgers teen misdaad te beskerm. In die geval van geweldsmisdade is dit egter dikwels moeilik om te bepaal watter straf vir elke geval toepaslik is, veral in die lig van die huidige universele bewustheid van menseregte, ook wat die oortreder betref.

'n Ander belangrike veranderlike wat 'n kernrol in straftoemeting speel, is subjektiwiteit. Navorsing oor publieke mening rakende regstelsels dui daarop dat individue se subjektiewe houdings en persepsies veral meegebring word deur veranderlikes soos ras, geslag, werkloosheid en blootstelling aan, of vrees vir misdaad (Benesh & Howell, 2001; Skurza & Rentzella, 1998; Tyler, 2001). Ook professionele persone wat by die straftoemeting van geweldsoortreders betrokke is, is nie van hierdie vooroordeel gevrywaar nie. Sommige kenners gaan selfs sover om juridiese objektiwiteit as 'n mite te beskryf (Jones, 1994; Sachs, 1976).

Navorsing oor die rol van subjektiwiteit by geweldvoorspelling en vonnisbepaling is egter dun gesaai. Twee resente studies in hierdie verband het egter wel 'n bydrae gelewer. Poletiek (2002) het 'n insiggewende studie gedoen oor faktore wat regters en psigiaters beïnvloed by die beoordeling van geweldsrisiko. Die kernbevinding van sy navorsing was dat beide groepe, ook professionele persone, inligting in terme van hul eie verwysingsraamwerke interpreteer en besluite geformuleer het. Dit het ook geblyk dat die jonger respondente groter versigtigheid as hulle ouer eweknieë aan die dag gelê het, rakende besluite of 'n persoon 'n gevaar vir ander inhou, aldan nie.

In 'n studie oor die rol van subjektiwiteit, en meer spesifiek die rol wat die ras waartoe regters behoort in besluitneming speel, het Steffensmeier en Britt (2001), eweneens insiggewende inligting na vore gebring. Hierdie navorsers wou eerstens bepaal of swart regters strenger of toegeefliker as wit regters teenoor oortreders optree en of hierdie twee groepe regslui dieselfde of verskillende kriteria in hulle besluitneming (vonnisbepaling) gebruik. Die bevindings was dat swart regters ietwat meer as hulle wit kollegas geneig was om oortreders (afgesien van ras) tot gevangenisstraf te vonnis. Hierdie resultate is volgens die navorsers in ooreenstemming met die sogenaamde organisatoriese versus individuele perspektief waarvolgens faktore soos verkiesing tot, en sosialisering met die regbank, die houdings van regters betekenisvol beïnvloed. Daarby het dit geblyk dat sowel wit as swart regters beskikbare inligting grootliks op dieselfde wyse beoordeel en gevolglik vonnisse bepaal. Hierdie studie het ook ten doel gehad om die volgende wanopvattinge ten opsigte van vonnisbepalings deur regters te toets:

- dat swart regters alle oortreders meer toeskietlik sal behandel weens veronderstelde groter begrip en empatie met mense wat swaarkry en geviktimizeer word,
- dat swart regters geneig sal wees om swart oortreders te bevoordeel en gevolglik meer toegeeflik sal vonnis,
- dat swart regters meer redelik in die bepaling van vonnisse as hulle wit kollegas sal wees, en dat bloot deur meer swart regters aan te stel, groter regverdigheid in vonnispraktyk tot stand sal kom.

Hierdie mites oor vonnisbepaling is in die geheel deur hierdie navorsing en wel as volg weerlê: swart regters was geneig om alle oortreders (swart en wit) strenger te behandel, sowel swart as wit regters het swart oortreders meer ongenaakbaar as persone uit ander rassegroepe gevonniss, en swart en wit regters was in 'n gelyke mate regverdig en/of bevooroordeel in die bepaling van vonnisse.

Hierdie navorsing bevestig dat ook professionele persone noodwendig vanuit bepaalde kontekstuele verwysingsraamwerke funksioneer wat, indien dit ongeïdentifiseerd en ongekontroleerd gelaat word, sowel die regsproses as die publiek wat daarby betrokke is, betekenisvol kan benadeel. Hoewel juridiese objektiwiteit moeilik haalbaar is, behoort dit nietemin in elke geval 'n doelwit te wees waarna gestreef moet word.

Die problematiek rondom straftoemeting word verder gekompliseer wanneer die mate van kundigheid waaroor die betrokke professionele persone beskik, in aanmerking geneem word. In hierdie verband het Ennis en Litwack reeds in 1974 die voorspelling van geweld as 'n riskante en onaanvaarbare kansspel afgemaak (hul artikel het 'n veelseggende title gehad: "Psychiatry and the presumption of expertise: Flipping coins in the courtroom"). Monahan (1981) het hierdie siening ondersteun met die standpunt dat die betroubaarheid van geweldvoorspelling hoogs verdag is en in twee derdes van gevalle vals positiewe resultate lewer. Monahan (1984), asook verskeie ander outeurs (bv. Litwack & Schlesinger, 1987; 1999) het egter mettertyd van mening verander. Hierdie gewysigde mening het die oortuiging behels dat eerder gestreef moet word om die beste van 'n nie-perfekte praktyk te maak: "[rather choose to] light small but valid research candles ... than continue to curse the empirical darkness" (Monahan, 1984, p.11). Gevolglik het die voorspelling van gewelddadige gedrag in die afgelope twee dekades ontwikkel tot 'n gevestigde psigo-forensiese terrein in eie reg en wat spesiale kundigheid en opleiding van al die betrokke professies vereis (Borum, 1996; Louw & Allan, 1998; Allan & Louw, 2001).

Hoewel daar verskeie aanbevelings oor die opleiding van professionele persone wat geweldsrisiko moet bereken (bv. Cooke; 1990; Freckelton, 1987; Freckelton & Selby, 1993; Webster & Polvi, 1995) in resente geweldvoorspellingsliteratuur voorkom, is dit redelik ongesistematiseer, en selfs vaag. Sodanige aanbevelings kan aan die hand van resente navorsing soos volg saamgevat word:

- *Geweldsrisiko-faktore.* Die insig dat sowel die oorsake as voorspelling van geweld multifaktoriaal is, is van primêre belang. Geweldvoorspellers behoort ook op hoogte van sake te wees met resente navorsing oor die belangrikste kategorieë van geweldsrisikofaktore (bv. disposisionele, historiese, kliniese en kontekstuele veranderlikes) en die rol wat sodanige faktore afsonderlik, en in kombinasie, in die voorkoms van gewelddadige gedrag speel (Blackburn, 2000; Douglas, Cox, & Webster, 1999), aktuariële ("wetenskaplik of empiries bewese") vs. kliniese ("informele en subjektiewe") geweldvoorspelling, en die faktore wat praktisyns (teenoor navorsingsaanbevelings) implementeer.
- *Die proses van geweldevaluering.* Volgens outeurs soos Borum (1996) en Douglas et al. (1999) het navorsing oor geweldvoorspelling tot op hede eensydig klem gelê op inhoudskwessies (bv. watter veranderlikes geweldvoorspellend is). Ewe belangrike prosesse en strategie-verwante aspekte (bv. wie die voorspeller is, kennis van die rol van relevante regs- en

proseduriële reëls waaronder 'n voorspelling gelewer word, verheldering van evalueringsvrae en uitskakeling van ooglopende vooroordeel) (Monahan, 1981; Webster et al., 1995; Webster & Polvi, 1995), het gevolglik nie die nodige aandag ontvang nie. Verskeie navorsers (bv. Douglas et al., 1999; Douglas & Webser, 1999) is dit met mekaar eens dat die tyd ryp geword het om op internasionale vlak ooreenstemming te bereik oor standaard-riglyne vir die voorspelling van geweld. Hoewel daar nie eenstemmigheid bestaan oor wat presies sodanige riglyne moet behels nie, kom sodanige stelreëls wel in sommige lande reeds voor (bv. in Engeland deur die betrokke Departement van Gesondheid; Reed, 1997; die Royal College of Psychiatrists; 1998; die Britse Sielkundevereniging; Centre for Outcomes, Research and Effectiveness, 1998).

- *Effektiewe mededeling van die resultate van geweldevaluering.* Hoewel navorsing oor spesifiek die kommunisering van geweldsrisiko tans nog beperk is, is daar wel riglyne in dié verband wat vir die praktyk van waarde kan wees (cf. Heilbrun, O'Neill, Strohman, Bowman & Philipson, 2000; Heilbrun, Philipson, Berman, & Warren, 1999; McNeil & Binder, 1998; Satel & Jaffe, 1998; Slovic & Monahan, 1995; Slovic, Monahan, & McGregor, 2000). Volgens Monahan en Appelbaum (2001) is 'n kernafleiding wat uit navorsing op hierdie terrein gemaak kan word, dat duidelikheid en deursigtigheid in die kommunisering van geweldsrisiko deurslaggewend vir die geweldsrisiko-hanteringsproses is. Verskeie outeurs (Melton, Pettila, Poythress, & Slobogin, 1997; Monahan & Steadman, 1996; Heilbrun et al., 2000) is daarom van mening dat die mededeling van resultate van geweldsrisiko-evaluering veral spesifiek, kernagtig en bruikbaar vir die regsverbruiker moet wees.
- *Kennis van, en bekendheid met sowel die relevante juridiese reëls en prosedures, as sielkundige professioneel-etiese vereistes.* Indien geweldvoorspellers werklik as 'n deskundige binne hierdie forensiese gebied wil funksioneer, is dit noodsaaklik om anders as op die tradisionele wyse te opereer (bv. rakende denkwysse, inligtingversameling, besluitneming, en verslagskrywing) (Louw & Allan, 1998).

Hoewel regsgeleerdes op 'n andersoortige wyse as geestesgesondheidsdeskundiges by gewelddadige gedrag betrokke is, bestaan daar min twyfel dat opleiding om bepaalde leemtes te vul, ook in hulle geval waardevol kan wees. Die belangrikste hiervan is om regslui in te lig oor die nuutste psigo-juridiese navorsingsdata oor gewelddadige gedrag en geweldsmisdaad ten einde 'n grondige basis te bied vir die sifting van inligting wat in die

hof aangebied word. Verder behoort effektiewe kommunikasie tussen geestesgesondheidskundiges en regslui aandag te ontvang (bv. oor hoe deskundiges hul getuienis moet voorberei en aanbied), die beskikbaarstelling van inligting oor die pligte en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers in die litigasieproses, asook opleiding vir regslui rakende voorbereiding van deskundiges vir kruisverhoor (Allan & Louw, 2001; Australian Law Reform Commission, 1999).

## **Metodologie**

Ten einde die doelwitte van hierdie studie te verwesenlik, is daar metodologies as volg te werk gegaan:

### *Respondente en prosedure*

'n Totaal van 400 vraelyste is uitgestuur: 250 aan landdroste en 150 aan sielkundiges. By elke vraelys was ingesluit: 'n dekbrief ter verduideliking van die navorsing, die uitnodiging om daaraan deel te neem en 'n gefrankeerde koevert. Die respondente is per opvolgskrywe herinner aan die versoek om aan die navorsing deel te neem. Teen die voorafbepaalde afsnydatum, is 137 bruikbare vraelyste ontvang (85, d.w.s. 62% van landdroste, en 52, m.a.w. 38% van sielkundiges). Hierdie getal voltooide vraelyste verteenwoordig 'n responskoers van 34% wat volgens navorsers (bv. Bush & White, 1995; McKillip & Lockhart, 1984) aanvaarbaar is vir vraelyste wat per landpos versend en ontvang word.

### *Meetinstrument*

'n Selfopgestelde vraelys is gebruik om die verlangde inligting in te samel. Die vraelys is gebaseer op inligting wat in die bestaande literatuur verkry is, asook op die navorser se eie inisiatief. Die vraelys het bestaan uit twee afdelings. Afdeling 1 het biografiese besonderhede ingesamel. Afdeling 2 het 'n meningstoetsing behels ten opsigte van bepaalde vrae wat verband hou met geweldvoorspellings en vonnisbepaling. Waar dit van toepassing was, is 'n 5-punt Likert-skaal met die volgende kontinuum gebruik: *beslis nie, nee, onseker, ja, en baie beslis*. Daar is ook in die vraelys ruimte gelaat vir kommentaar van die respondente ten einde 'n kwalitatiewe dimensie aan die navorsing te gee. Die vraelys is in sowel Engels as Afrikaans aangebied en anoniem ingevul. Nadat 'n aantal landdroste en sielkundiges in verskeie dorpe die vraelys in 'n loodsstudie voltooi het, is dit as meetinstrument geïmplementeer.

### *Statistiese ontleding*

Die twee groepe respondente is vergelyk ten opsigte van hulle beoordeling van die voorvermelde vrae rakende geweldvoorspelling. Afgesien van die tussen-groep vergelyking, is die onderskeie respondentgroepe ook afsonderlik aan die hand van enkele van die biografiese veranderlikes vergelyk. Aangesien daar egter 'n baie oneweredige verspreiding vir beide groepe by die kategorieë geslag, hoogste kwalifikasie en ras voorgekom het (vgl. Tabel 1), is besluit om slegs die veranderlikes "jare ondervinding" (10 en minder jare/11 en meer jare) en "ouderdom" (30 jaar en jonger/50 jaar en ouer) vir die tussen-groep vergelyking te gebruik.

Omdat die vergelyking van die twee beroepsgroepe relatief groot groepe behels het, is besluit om Hotelling se T-toets vir onafhanklike groepe (Tabachnick en Fidell, 1996) te gebruik. Vir die veranderlikes waarvoor statisties beduidende T-waardes verkry is, is die verskille verder met behulp van post hoc *t*-toetse opgevolg. Die groepe afsonderlik het egter te min persone per kategorie (bv. jare diens) bevat, sodat twyfel oor die aanname van 'n normale verspreiding ontstaan het. Gevolglik is 'n nie-parametriese statistiese metode, te wete die Mann-Whitney-toets, in sodanige gevalle toegepas.

### **Resultate en bespreking**

Die resultate ten opsigte van die biografiese veranderlikes word vervolgens weergegee en bespreek, waarna die response van die proefpersone op die vrae gerapporteer word.

#### *(a) Biografiese veranderlikes*

Die totale ondersoekgroep het uit 137 persone bestaan: 85 (62%) regs-lui en 52 (38%) sielkundiges. Omdat die respondente nie by alle veranderlikes aangetoon het watter kategorie op hulle van toepassing is nie, sommeer die frekwensie-totale wat in Tabel 1 weerspieël word, nie altyd na 137 nie. Die gegewens is met die SAS-rekenaar-programmatuur (SAS Institute, 1985) bereken.



Tabel 1 Frekwensies: biografiese veranderlikes rakende regslui en sielkundiges

Biografiese veranderlikes	Regslui		Sielkundiges		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
<b>Geslag:</b>						
Manlik	72	85,7	12	23,1	84	61,8
Vroulik	12	14,3	40	76,9	52	38,2
<b>Jare ondervinding:</b>						
1 – 4 jaar	18	21,2	7	13,5	25	18,2
5 – 10 jaar	29	34,1	11	21,2	40	29,2
11 – 20 jaar	23	27,1	21	40,4	44	32,1
meer as 20 jaar	15	17,6	13	25,0	28	20,4
<b>Ras:</b>						
Asiër	1	1,2	-	-	1	0,7
Kleurling	1	1,2	1	1,9	2	1,5
Swart	9	10,8	-	-	9	6,7
Wit	72	86,7	51	98,1	123	91,1
<b>Ouderdom:</b>						
Twintigerjare	-	-	4	7,8	4	2,9
Dertigerjare	16	18,8	11	21,6	27	19,9
Veertigerjare	38	44,7	11	21,6	49	36,0
Vyftigerjare	24	28,2	14	27,5	38	28,0
Sestigerjare	7	8,2	11	21,6	18	13,2
<b>Hoogste kwalifikasie:</b>						
Diploma	8	10,4	-	-	8	6,3
B.-graad	3	3,9	-	-	3	2,3
Hons.-graad	-	-	1	2,0	1	0,8
M.-graad	2	2,6	30	58,8	32	25,0
LL.B. of soortgelyk	64	83,1	-	-	64	50,0
D.-graad	-	-	20	39,2	20	15,6

Die biografiese inligting het die volgende insiggewende inligting opgelewer:

- Die meerderheid regslui was mans en dié verhouding (85,7% mans; 14,3% vroue) vergelyk goed met die nasionale verhouding van 72,8% mans en 27,2% vroue (Landdrostekommissie van Suid-Afrika). In die geval van die sielkundiges was die meerderheid vroue en dié ratio (23,1% mans; 76,9% vroue) vergelyk ook redelik goed met die nasionale ratio van 61% vroue: 38,4% mans (Health Professions Council of South Africa).
- Wat ondervinding betref, het bykans die helfte van die regslui 11 jaar of langer ondervinding gehad, terwyl twee derdes van die sielkundiges oor soortgelyke ervaring beskik het.
- Sowel die regslui as die sielkundiges het hoofsaaklik uit wit persone bestaan.
- Ongeveer die helfte van die sielkundiges was in hulle vyftiger- of sestigerjare terwyl net meer as een derde van die regslui in hierdie ouderdomsgroep geval het.
- Groot verskille het voorgekom ten opsigte van die twee groepe se hoogste kwalifikasie. Die sielkundiges het deurgaans oor 'n M.-graad (soms 'n D.-graad)



beskik, terwyl die meeste regs-lui oor 'n LL.B.- of soortgelyke graad beskik het. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat 'n meestersgraad die minimumvereiste is om as 'n sielkundige te registreer, asook dat 'n doktorsgraad (anders as in die geval van regsgeleerdes) baie meer deel is van die "sielkunde-kultuur". Doktorsgrade in die Regte kom daarenteen nie so gereedelik voor nie.

(b) *Response op vrae*

Soos genoem, is vrae wat verband hou met geweldvoorspelling en vonnisbepaling aan die beroepsgroepe gestel. Hierdie vrae is die volgende:

- \* Behoort die doodstraf in Suid-Afrika weer ingestel te word?
- \* Word geweldsmisdadigers in die RSA genoegsaam gestraf?
- \* Is u beroepsopleiding voldoende om geweldmisdadigers te identifiseer?
- \* Beïnvloed rassediskriminasie - hetsy teenoor wit of swart - vonnisbepaling?

Die twee beroepsgroepe is voorts ten opsigte van die genoemde geweldvoorspellingsvrae vergelyk. Kwantitatiewe resultate is met behulp van die Hotelling  $T^2$ -toets verkry en die resultate verskyn in Tabel 2. Die kwalitatiewe toeligtings word, waar van toepassing, na die kwantitatiewe resultate weergegee en bespreek. Dit is by hierdie kommentaar belangrik om daarop te let dat dit sowel onprakties as buite die grense van hierdie ondersoek was om al die response te rapporteer. Gevolglik is slegs dié response wat verteenwoordigend was van 'n betekenisvolle aantal respondente, en/of sinvol in terme van resente literatuur oor geweldvoorspelling, aangeteken.

**Tabel 2**  $T^2$ - en F-waardes: vektorgemiddeldes van regs-lui en sielkundiges.

Mahalanobis $D^2$	Hotelling $T^2$	F-waarde	p-waarde
1,57	50,78	12,41	0,0000**

\*\* $p \leq 0,01$  Grade van vryheid: 4 en 132

Die berekende  $T^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend. Die verskille is verder met behulp van  $t$ -toetse vir onafhanklike groepe ondersoek word (sien Tabel 3).

**Tabel 3** Response van regs-lui en sielkundiges

Vrae	Regslui		Sielkundiges		t	p
	X	s	X	s		
1. Doodstraf	3,73	1,17	3,37	1,22	1,71	0,0889
2. Straftoemeting	2,94	1,09	2,02	0,91	5,06	0,0000**
3. Beroepsopleiding	2,63	1,04	2,49	0,99	0,78	0,4382
4. Rassediskriminasie	2,26	0,98	2,98	0,94	-4,10	0,0001**

\*\* $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$



Uit Tabel 3 blyk dat dat daar by twee vrae, naamlik Vraag 2 (Straftoemeting) en Vraag 4 (Rassediskriminasie) verskil in mening tussen die regslui en sielkundiges voorgekom het. By Vraag 2 (Straftoemeting) was die regslui meer as die sielkundiges oortuig dat geweldsmisdadigers in Suid-Afrika voldoende gestraf word. Dit is egter van belang om daarop te let dat nie een van die twee groepe sterk van mening was dat vonnisbepaling by geweldsmisdade voldoende was nie. Ten opsigte van Vraag 4 (Rassediskriminasie) was die sielkundiges weer meer as die landdroste van mening dat rassediskriminasie tydens vonnisoplegging voorkom. Ook in hierdie geval was die standpunt dat rassevooroordeel wel voorgekom het, nie baie sterk beklemtoon nie. Die twee groepe respondente was egter ten opsigte van twee vrae eenstemmig. By Vraag 1 (Doodstraf) was meer as die helfte van die onderskeie groepe van oordeel dat die doodstraf as strafopsie, weer ingestel behoort te word. In die geval van Vraag 3 (Beroepsopleiding) het ongeveer die helfte van elke groep die oortuiging uitgespreek dat beroepsopleiding nie voldoende was vir die voorspelling van geweld nie. Dit is ook ten opsigte van hierdie twee vrae belangrik om in gedagte te hou dat nie een van die twee beroepsgroepe hulle baie sterk daarvoor uitgespreek het nie.

Wanneer die resultate oor die meningsverskille met die beskikbare literatuur vergelyk word, blyk dit dat die standpunte van die sielkundiges (dat geweldsmisdadigers nie voldoende gestraf word nie en dat rassevooroordeel wél vonnisbepaling beïnvloed), meer deur die empiriese navorsing gerugsteun word (Benesh & Howell, 2001; Jones, 1994; Poletiek, 2002; Steffensmeier & Britt, 2001; Van Rensburg, 1999). Dit is gevolglik baie belangrik dat die kennis van sielkundiges, ten spyte van tekortkominge, ten volle ontgin behoort te word in die strafproses rakende geweldsoortredings aangesien 'n betekenisvolle bydrae daartoe gemaak kan word.

Die regslui en sielkundiges is, soos vermeld, ook kwalitatief ten opsigte van elk van die voorvermelde vrae vergelyk. 'n Aantal insiggewende tendense het uit die kwalitatiewe resultate geblyk en word vervolgens gerapporteer.

By Vraag 1 (*Behoort die doodstraf heringestel te word in Suid-Afrika?*) het sowel die regslui as die sielkundiges op ewewigtige wyse gereageer. 'n Aantal voorbeelde ter illustrasie is:

#### *Regslui.*

- "Net in spesifieke gevalle soos reeksmoordenaars, stedelike terreur/bomplanters en waar moord en verkragting gepaard gaan met afskuwelike wreedhede."
- "Vergelding (nie net afskrikking nie) is ook gepaste motivering vir straf. Ten minste sal die betrokke oortreder nie weer dieselfde misdaad kan pleeg nie."

- "Die afskrikwaarde daarvan is op die huidige stadium onbekend."
- "Dit sou strydig wees met internasionale tendense."

#### *Sielkundiges.*

- "Dit sal weer ontsag vir die regstelsel terugbring, i.e. 'n gesindheidsverandering."
- "Slegs in ekstreme gevalle, soos 'n antisosialepersoonlikheidsversteuring en andere wat onrehabiliteerbaar is, maar dan wél."
- "Ons kan nie eerste-wêreld wette in 'n derde-wêreld toepas nie."
- "It does little to deter criminals; also validates violence as a legitimate way to solve problems at the highest level."

Ten opsigte van Vraag 2 ("*Word geweldsmisdadigers in Suid-Afrika genoegsaam gestraf?*") het sowel regslui as sielkundiges op bepaalde leemtes en probleme in die straftoemeting van geweldsoortredings gewys:

#### *Regslui.*

- "Wet 109/97 help om behoorlik te straf, maar regters water dit ongelukkig dikwels af. Die paroolstelsel negatiewe dit ook deur voortydige vrylatings."
- "Strawwe het in die afgelope aantal jare baie verhoog, maar inkonsekwentheid van straftoemeting is egter nog 'n probleem."
- "Die arrogansie waarmee vonnisse dikwels aangehoor word en die redes wat vir appél aangevoer word, dui op 'n totale disrespek vir die regsisteem en strawwe."
- "Geharde misdadigers lag vir die strawwe wat opgelê word."

#### *Sielkundiges.*

- "Strawwe is nie soseer die probleem nie, eerder ander fasette van die strafproses soos dat oortreders nie gereeld genoeg gevang word nie. Ook dat daar 'n goeie moontlikheid van ontsnapping uit die gevangenis bestaan.
- "Verkragters gaan dikwels ongestraf vry weens swak polisieverslae. Die persepsie bestaan dat die oortreders se belange hoër geag word as dié van die slagoffers."
- "Die huidige regsisteem ondersteun nie die polisieprosedures nie en *vice versa*: oortreders word dikwels vrygelaat."

By die beantwoording van Vraag 3 ("*Het u beroepsopleiding u voldoende in staat gestel om 'n oordeel te vel oor die potensiële misdadigheid van 'n misdadiger*"), het verskeie lede uit beide beroepsgroepe laat blyk dat die opleiding ontoereikend was:

*Regslui.*

- "Het nie die nodige opleiding ontvang nie. Opleiding was in die Regte en nie in kriminologie of sielkunde nie."
- "Daar bestaan 'n groot behoefte aan deskundige getuienis voor vonnisoplegging."
- "Tog wel ervaring opgedoen - moes maar uit die praktyk leer. Ondervinding is egter nie altyd reg nie."
- "Geen regsbeampte word hiervoor opgelei nie; moet maar staat maak op die verslae van deskundiges - in soverre dit strook met 'n gesonde-verstand benadering."

*Sielkundiges.*

- "Praktyknavorsing het gehelp, maar beroepsopleiding was beslis onvoldoende."
- "Dit was nie voorheen so aan die orde van die dag nie, sulke kursusse is beslis nuttig."
- "Much else to cover, little time in the Masters course – much pathology, but not to identify violent people."

Rakende Vraag 4 (*In watter mate meen u beïnvloed rassediskriminasie hetsy teenoor wit of swart – vonnisbepaling in Suid-Afrika?*) was sowel sommige as sielkundiges regslui ontkenkend :

*Regslui.*

- " Almal is gelyk voor die reg, daar was nog nooit so iets soos kleur in die regstelsel nie."
- " Hopelik glad nie; daar mag enkele wees wat dit nog in hulle sisteem het – maar hulle is in die minderheid."
- "Dit behoort nie bepalend te wees nie; mense behoort op meriete beoordeel te word."

*Sielkundiges.*

- "Geensins. In die apartheidsjare was dit wel 'n faktor."
- "Dit gaan meer oor die landdros/regter se interpretasie as oor ras *per se*."

Dit is egter ook opmerklik dat 'n betekenisvolle aantal respondente uit beide beroepsgroepe (sien Tabel 3) die bestaan van vooroordeel, soos rassediskriminasie, erken het en ook aanbevelings gemaak het om dit uit te skakel:

*Regslui.*

- "Swartes (a.g.v. min geld) gaan makliker tronk toe as wittes. Eersgenoemde vorm egter die grootste deel van die bevolking van ernstige misdade. Natuurlike regstellende aksie word weerspieël in die samestelling van gevangenispopulasies."
- "Dwarsoor die land is die meeste geweldsmisdadigers (80-90%) swart. Berou en insig is maar min. Tog dwing omstandighede die meeste tot misdade. Vonnisse moet egter opgelê word, want as afskrikking nie bewerkstellig word nie, moet vergelding immers nog bly. Hierdie toestand lei onvermydelik tot rassevooroordeel."
- "Witboordjie-misdade word gewoonlik deur wittes gepleeg en word meer toeskietlik behandel as byvoorbeeld motordiefstal (dikwels deur swartes gepleeg). Blankes ontvang makliker korrektiewe toesig en swartes weer meer gevangenisstraf (bv. vir huisbraak).

*Sielkundiges.*

- "Sekere vooropgestelde idees is steeds lewendig in die samelewing. Kultuur en ander blootstelling speel 'n belangrike rol in 'n mens se funksionering."
- "Hang af van die opleiding van die landdros en die mate van selfinsig waaroor hy/sy beskik."
- "Omstandighedsfaktore wat landdroste mag beïnvloed, veral ten opsigte van swartmense, is onder andere armoede (die meeste kan nie goeie regsverteenvoording bekostig nie), en gebrekkige opleiding - wat tot gevolg het dat hulle 'status' in die gemeenskap laer is as die meeste witmense s'n."

Soos vermeld, is slegs twee biografiese kategorieë naamlik "jare ondervinding" (10 jaar of minder/11 jaar of meer) en "ouderdom" (30 jaar of minder/50 jaar of meer, gebruik by die onderlinge vergelyking van die twee beroepsgroepe. Die resultate van hierdie onderlinge vergelykings verskyn in Tabela 4 tot 8.

Die resultate van die regslui word eerste gerapporteer, waarna dié van die sielkundiges volg.

**Tabel 4** Response van regslui onderling t.o.v. jare ondervinding

Vrae	10 jaar of korter		11 jaar of langer		Z	p
	X	s	X	s		
1. Doodstraf	3,53	1,21	3,97	1,09	-1,80	0,0715
2. Straftoemeting	3,06	1,01	2,79	1,19	-1,07	0,2857
3. Beroepsopleiding	2,62	0,99	2,65	1,11	-0,08	0,9330
4. Rassediskriminasie	2,36	1,07	2,13	0,84	-0,95	0,3412

\*\*  $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$



Uit Tabel 4 blyk dat jare ondervinding nie 'n beduidende verskil teweeggebring het ten opsigte van die standpunte van die regslui by elk van die vier vrae nie. Meer spesifiek blyk dit dat:

- die meerderheid regslui herinstelling van die doodstraf voorstaan;
- ongeveer die helfte van die landdroste meen dat geweldsmisdadigers in Suid-Afrika nie genoegsaam gestraf word nie;
- meer as die helfte van die regsgeleerdes oordeel dat hul beroepsopleiding genoegsaam was om gewelddadige gedrag te voorspel, en
- die meerderheid regslui van mening is dat rassediskriminasie tydens vonnisbepaling nie 'n betekenisvolle rol speel nie.

**Tabel 5** Response van regslui onderling t.o.v. ouderdom

Vrae	Dertigjarig of jonger		Vyftigjarig of ouer		Z	p
	X	s	X	s		
1. Doodstraf	3,80	1,32	3,90	1,04	-0,02	0,9802
2. Straftoemeting	3,13	1,02	2,74	1,15	-1,15	0,2515
3. Beroepsopleiding	3,00	0,97	2,57	0,97	-1,44	0,1509
4. Rassediskriminasie	2,44	1,03	2,29	0,86	-0,33	0,7442

\*\*  $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$

Uit Tabel 5 blyk dat ouderdom ook nie 'n beduidende verskil tot gevolg gehad het ten opsigte van die regslui se sienings oor die voorvermelde vrae nie. Hierdie resultate ondersteun die bevindings soos gerapporteer in Tabel 4 en bevestig dat :

- die meeste regsgeleerdes van mening is dat die doodstraf weer ingestel moet word,
- ongeveer die helfte van hierdie professionele groep van mening is dat geweldsmisdade in Suid-Afrika nie voldoende gestraf word nie,
- min of meer die helfte van die landdroste geoordeel het dat hul beroepsopleiding ongenoegsaam is om gewelddadige gedrag te kan voorspel, en
- die meerderheid regslui meen dat rassediskriminasië nie 'n betekenisvolle rol speel tydens straftoemeting nie.



**Tabel 6** Response van sielkundiges onderling t.o.v. ondervinding

Vrae	10 jaar of korter		11 jaar of langer		Z	p
	X	s	X	s		
1. Doodstraf	3,50	1,04	3,29	1,31	-0,33	0,7424
2. Straftoemeting	1,67	0,84	2,21	0,89	-2,29	0,0219*
3. Beroepsopleiding	2,24	0,90	2,62	1,01	-1,23	0,2169
4. Rassediskriminasie	3,00	0,89	2,97	0,98	-0,17	0,8688

\*\*  $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$

Uit Tabel 6 blyk dat jare ondervinding by die sielkundiges 'n beduidende verskil rakende Vraag 2 tot gevolg gehad het. Hierdie verskil beteken dat, hoewel die onderskeie groepe geoordeel het dat geweldsmisdade nie voldoende gestraf word nie, die groep met meer ervaring groter gewig aan hierdie standpunt geheg het.

Dit blyk andersins uit Tabel 6 dat:

- ongeveer die helfte van die sielkundiges van mening is dat die doodstraf weer ingestel behoort te word;
- die meerderheid sielkundiges meen dat hulle beroepsopleiding ongenoegsaam is vir geweldvoorspelling, en
- min of meer die helfte van hierdie professionele groep die standpunt ingeneem het dat rassediskriminasie wel tydens vonnisoplegging voorkom.

**Tabel 7** Response van sielkundiges onderling t.o.v. ouderdom

Vrae	Dertigjarig of jonger		Vyftigjarig of ouer		Z	p
	X	s	X	s		
1. Doodstraf	3,00	1,03	3,72	1,17	-2,06	0,0398*
2. Straftoemeting	2,00	1,00	2,12	0,83	-0,39	0,6996
3. Beroepsopleiding	2,00	0,85	2,60	0,96	-2,17	0,0299*
4. Rassediskriminasie	3,33	0,72	2,83	0,87	-1,57	0,1159

\*\*  $p \leq 0,01$  \*  $p \leq 0,05$

Uit Tabel 7 blyk dat die veranderlike "ouderdom" by die sielkundiges ten opsigte van sowel Vraag 1 as Vraag 2 beduidende verskille tot gevolg gehad het. Hierdie verskille beteken dat:

- hoewel beide oudersdomsgroepe herinstelling van die doodstraf voorstaan, die ouer groep groter gewig aan hierdie standpunt toegeken het, en
- die ouer sielkundiges meer oortuig is as die jonger groep van die doeltreffendheid van hulle opleiding vir geweldvoorspelling-doeleindes.



Andersins ondersteun die resultate in Tabel 7 die bevindinge in Tabel 6 dat:

- die meerderheid sielkundiges meen dat geweldsmisdade in Suid-Afrika nie genoegsaam gestraf word nie, en
- ongeveer die helfte van hierdie professionele groep die standpunt voorstaan dat rassevooroordeel wel tydens vonnisbepaling 'n rol speel.

### Slotsom

Die twee beroepsgroepe was in die geheel eenstemmig oor die ontoereikendheid van hul opleiding vir die doeleindes van geweldvoorspelling. Die regslui en sielkundiges het verskil oor die vraag of geweldsmisdadigers in Suid-Afrika voldoende gestraf word, asook oor die voorkoms van subjektiwiteit (bv. rassevooroordeel) by vonnisoplegging. Waar landdroste van mening was dat gewelddoortredings in die RSA genoegsaam gestraf word, was die sielkundiges van oordeel dat rassediskriminasie 'n groter rol speel by vonnisbepaling as waarvan die regslui oortuig was. Verskille in sowel ouderdom as jare ondervinding het nie by die groep regsgeleerdes tot 'n betekenisvolle verskil in standpunte ten opsigte van enige van die betrokke vrae opgelewer nie. By die sielkundiges het die veranderlikes ouderdom en jare ondervinding, wel opinieverskil binne die groep aan die lig gebring. Die ouer sielkundiges was van oordeel dat die doodstraf as strafopsie weer ingestel behoort te word en dat hul opleiding ook vir geweldvoorspelling genoegsaam was.

'n Insiggewende bevinding was dat die standpunte van die sielkundiges (oor toereikende straftoemeting, subjektiwiteit in vonnisoplegging en opleiding vir geweldvoorspellers) meer deur empiriese navorsing ondersteun word as dié van die regsgeleerdes. Die implikasie hiervan is dat die Sielkunde - ten spyte van die status van 'n nie-eksakte wetenskap en bepaalde beperkinge en tekortkominge - inderdaad 'n belangrike en selfs noodsaaklike bydrae kan maak ten opsigte van die straftoemeting van gewelddadige gedrag.

Soos tradisioneel die geval, het hierdie studie benewens insiggewende bevindinge wat opgelewer is, ongelukkig ook mank gegaan aan sekere leemtes. Eerstens bestaan 'n ernstige tekort aan soortgelyke en veral plaaslike navorsing ten einde die bevindinge in perspektief te plaas. Tweedens moet die veralgemeenbaarheid van die resultate met omsigtigheid hanteer word. Die redes hiervoor is onder andere dat die ondersoekgroepe op die basis van beskikbaarheid verkry is, en dat hoofsaaklik wit persone (mans in die geval van landdroste; vroue in die geval van sielkundiges) by die ondersoek betrek is. Dit kan 'n skewe beeld van die werklike situasie voorhou. Derdens het die grootte van die

ondersoekgroep veroorsaak dat daar slegs van basiese statistiese analises soos frekwensieverspreidings en tussengroep-vergelykings gebruik gemaak kon word.

Die volgende aanbevelings kan meehelp tot sowel die verbetering van geweldvoorspelling as die vestiging van 'n professionele standaard vir hierdie psigo-forensiese dissipline:

Omvattende en verteenwoordigende navorsing oor geweldvoorspelling binne die uniek Suid-Afrikaanse konteks behoort as 'n hoë nasionale prioriteit beskou te word.

Soos reeds in Artikel 2 vermeld, is opleiding vir die beroepslui wat by geweldvoorspelling betrokke is, 'n dringende noodsaaklikheid. Ten einde sodanige navorsing te formaliseer en te struktureer, is dit belangrik om 'n navorsingseenheid in die lewe te roep. Die eenheid kan deur die betrokke beheerliggame of via die Staat befonds word. Beplanning rondom die bekamping van geweldsmisdaad kan net eenvoudig nie gedoen word indien navorsingsinligting nie as basis gebruik word nie.

Net soos in die geval van die navorsing, behoort sodanige opleiding ook geformaliseer te word. Dit kan onder andere gedoen word deur opleiding in hierdie veld by die opleidingskursusse van studente in die relevante professies in te sluit. Ewe belangrik, indien nie meer nie, is dat professionele persone wat in die veld van geweldvoorspelling werkzaam is, aan opleiding in hierdie verband blootgestel moet word. Voortgesette opleiding het 'n noodsaaklike faset van alle beroepe geword en bied dus 'n ideale geleentheid vir opleiding in areas soos hierdie. Geen persoon of beroep moet verhewe bo sodanige opleiding gesien te word nie. Ondervinding of professionele opleiding is selde of ooit 'n plaasvervanger vir blootstelling aan die mees resente navorsings- en ander inligting. Daarby bied die verkryging van Voortgesette Professionele Opleiding krediete, wat verpligtend is in beroepe soos die Sielkunde, 'n ideale geleentheid vir opleiding in aspekte soos hierdie.

Die bevinding dat 'n betekenisvolle hoeveelheid persone wat betrokke is by die evaluering en hantering van gewelddadige gedrag, van mening is dat geweldsmisdadigers hier te lande nie voldoende gestraf word nie, wek kommer. Hierdie persone is immers professionele lui wat gereeld by die evaluering van geweld betrokke is. Hul mening darf dus nie ongedaan gemaak te word nie. Toepaslike en effektiewe straftoemeting van geweldsoortredings behoort dus dringend en indringend vanuit 'n multi-dissiplinêre oogpunt her-evalueer te word. Dit kan inderwaarheid deel van die genoemde en omvattende navorsingsplan oor geweldsmisdaad vorm.

Eweneens is die bevinding dat daar professionele persone is wat van mening is dat rassediskriminasie tydens die straftoemeting van geweldsoortredings 'n rol speel, onrusbarend. Ook in hierdie geval is dit belangrik dat 'n multi-dissiplinêre span in die lewe geroep word ten einde sodanige vooroordeel te ondersoek en metodes daar te stel om dit te voorkom. Met sy ongelukkige geskiedenis van rassediskriminasie, maar ook die huidige toonaangewende grondwet, durf Suid-Afrika nie die prooi te bly van hierdie sosiale euwel nie.

Ten einde die proses van geweldvoorspelling te verbeter en veral volhoubaar te maak, is dit ook belangrik dat daar 'n effektiewe kommunikasiestelsel tussen geestesgesondheidsdeskundiges en regslui gevestig word. Uit die onderhawige navorsing is dit duidelik dat professionele persone soos landdroste en sielkundiges sinvolle insette te lewer het. Uit hoofde van hul werksaamhede behoort hulle in staat te wees om vanuit hierdie uniek-belangrike posisie waardevolle terugvoer oor die geweldvoorspellingsproses te kan lewer. Gereelde gesprekvoering en simposiums waarby sodanige beroepsgroepe betrek word, is slegs een wyse om sodanige kommunikasie te bevorder.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie studies sal meehelp om geweldsmisdaad die hoof te bied.

## Bronnelys

- Allan, A., & Louw, D. A. (2001). Lawyers' perception of psychologists who do forensic work. *South African Journal of Psychology, 31*(2), 12-20.
- Australian Law Reform Commission (1999). *Background Paper: Experts*. Canberra: Author.
- Benesh, S. C., & Howel, S. E. (2001). Confidence in the Courts: A comparison of users and non-users. *Behavioural Science and Law, 19*, 199-214.
- Blackburn, R. (2000). Risk assessment and prediction. In J. McGuire, T. Mason, & A. O'Kane (Eds.), *A guide for forensic practitioners* (pp. 177-204). New York: Wiley.
- Borum, R. (1996). Improving the clinical practice of violence risk assessment: Technology, guidelines, and training. *American Psychologist, 52*, 945-956.
- Brizer, D. (1989). Introduction: Overview of current approaches to the prediction of violence. In D. Brizer, & M. Crowner (Eds.), *Current approaches to the prediction of violence* (pp. 12-15). Washington, D.C.: American Psychiatric Press.
- Bush, D., & White, K R. (1995). Questionnaire distribution: A method that significantly improved return rates. *Psychological reports, 56*, 427-430.
- Centre for Outcomes, Research and Effectiveness (1998). *Assessment and management of patients presenting risk to others*. CORE Miniguide Series, No. 2. Leichester: British Psychological Society.
- Cooke, D. (1990). Being an expert in court. *The psychologist, 216-221*.
- Douglas, K. S., Cox, D. N., & Webster, C. D. (1999). Violence risk assessment: Science and practice. *Legal and Criminological Psychology, 4*, 149-184.
- Douglas, K. S., & Webster, C. D. (1999). Predicting violence in mentally and personality disorder individuals. In R. Roesch, S.D. Hart, & J.R.P. Ogloff (Eds.), *Psychology and Law: The State of the Discipline* (pp. 175-239). New York: Plenum.
- Ennis, B. J., & Litwack, T. R. (1974). Psychiatry and the presumption of expertise: Flipping coins in the courtroom. *California Law review, 62*, 694-753.
- Freckelton, I. R. (1987). *The trial of the expert: A study of expert evidence witness and forensic experts*. Melbourne: Oxford University Press.
- Freckelton, I. R., & Selby, H. (1993). *Expert evidence*. (Vol.1). North Ryde (NSW): Law Book Co.
- Heilbrun, K., O'Neill, M. L., Strohman, L. K., Bowman, Q., & Philipson, J. (2000). Expert approaches to communicating violence risk. *Law and Human Behavior, 24*, 137-148.
- Heilbrun, K., Philipson, J., Berman, L., & Warren J. (1999). Risk communication: Clinician's reported approaches and perceived values. *Journal of American Academy of Psychiatry and Law, 27*, 397-406.
- Jones, C. A. G. (1994). *Expert witnesses*. Oxford: Clarendon Press.
- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1987). Assessing and predicting violence: Research, law and applications. In I. B. Weiner, & A. K. Hess (Eds.), *Handbook of forensic psychology* (pp. 205-237). New York: Wiley.

- Litwack, T. R., & Schlesinger, L. B. (1999). Dangerousness risk assessments: Research, legal, and clinical Considerations. In A.K. Hess, & I.B. Weiner (Eds.), *The Handbook of Forensic Psychology* (2<sup>nd</sup> ed.), (pp.171-211). New York: Wiley.
- Louw, D. A., & Allan, A. (1998). A profile of forensic psychologists in South Africa. *South African Journal of Psychology*, 28 (4), 234-241.
- McKillip, J., & Lockhart, D. C. (1984). The effectiveness of cover-letter appeals. *The Journal of Social Psychology*, 122, 85-91.
- McNiel, D. E., & Binder, R. L. (1998, March). *Comparison of categorical and probabilistic approaches to communication about psychiatric patient's risk of violence in clinical practice*. Paper presented at the Biennial Conference of the American Psychology-Law Society, Rodondo Beach, CA.
- Meintjies-Van der Walt, L. (1998). Towards victims' empowerment strategies in the criminal justice process. *South African Journal of Criminal Justice*, 11, (2) 157-172.
- Melton, G. B., Petrila, J., Poythress, N. G., & Slobogin, C. (1997). *Psychological evaluations for the courts*. (2<sup>nd</sup> ed.). New York: Guilford Press.
- Monahan, J. (1981). *Predicting violent behavior: An assessment of clinical techniques*. CA: Sage.
- Monahan, J. (1984). The prediction of violent behavior: Toward a second generation of theory and policy. *American Journal of Psychiatry*, 141, 10-15.
- Monahan, J. (2003). Violence risk assessment. In A. Goldstein (Ed.), *Handbook of psychology*. (Vol. 11, pp. 527-540). New York: Wiley.
- Monahan, J., & Appelbaum, P. (2000). Reducing violence risk: Diagnostically based clues from the MacArthur Violence Risk Assessment Study. In S. Hodgins (Ed.), *Effective prevention of crime and violence among the mentally ill* (pp.19-34). Dordrecht, The Netherlands: Kluwer Academic Publishers.
- Monahan, J., & Steadman, H. J. (1996). Violent storms and violent people: How meteorology can inform risk communication in mental health law. *American Psychologist*, 51, 931-938.
- Pillay, A. L., & Sargent, C. (2000). Psycho-legal issues affecting rape survivors with mental retardation. *South African Journal of Psychology*, 30, 9-13.
- Poletiek, F. H. (2002). How psychiatrists and judges assess the dangerousness of persons with mental illness: An expert bias. *Behavioral Sciences and the law*, 20, 19-29.
- Reed, J. (1997). Risk assessment and clinical risk management: The lessons from recent enquiries. *British Journal of Psychiatry*, 170, (supp. 32), 4-7.
- Royal College of Psychiatrists (1998). *Management of imminent violence: Clinical practice guidelines to support mental health services*. London.
- Sachs, A. (1976). The myth of judicial neutrality: The male monopoly case. In P. Carlen (Ed.), *The sociology of law* (pp. 104-133). Keele: University of Keele.
- SAS Institute (1995). *SAS Users guide: Statistics version 5 edition*. Cary: Author.
- Satel, S., & Jaffe, D. (1998). Violent fantasies. *National Review*, L, 36-37.
- Skurza, S., & Rentzella, E. (1998). Misplaced trust: The court's reliance on the behavioral sciences. *Canadian Criminal Law Review*, 3, 269-284.

- Slovic, P., & Monahan, J. (1995). Danger and coercion: A study of risk perception and decision making in mental health law. *Law and Human Behavior, 19*, 49-65.
- Slovic, P., Monahan, J., & McGregor, D. (2000). Violence risk assessment and risk communication: The effects of using actual cases, providing instruction, and employing probability versus frequency formats. *Law and Human Behavior, 24*, 271-296.
- Solicitor General Canada (1998). Module 8-risk assessment and risk management [Online]. Available at: <http://www.sgc.ca/espeaker/emode8.htm>
- Steffensmeier, D., & Britt, C. L. (2001). Judges' race and judicial decision making: Do black judges sentence differently? *Social Sciences Quarterly, 28* (4), 749-763.
- Tabachnick, B., & Fidell, L.S. (1996). *Using multivariate statistics*. New York: Harper Collins.
- Tyler, T. R. (2001). Public trust and confidence in legal authorities: What do majority and minority group members want from the law and legal institutions? *Behavioural Science and Law, 19*, 215-235.
- Van Rensburg, H. C. J. (1999, November). *Crime in South-Africa – current state and trends*. Paper presented at the University of Bahrain.
- Webster, C. D., & Polvi, N. H. (1995). Challenging assessments of dangerousness and risk. In J. Zisken & D. Faust (Eds.), *Coping with psychiatric and psychological testimony* (5<sup>th</sup> ed., Vol. 2), (pp. 371-1399). LA: Law and Psychology Press.





## Opsomming

Die voorspelling van gevaarlike, oftewel gewelddadige gedrag, tans ook bekend as geweldrisiko-bestuur, het 'n wesentliche deel van die kriminele regspleging wêreldwyd geword. Die doel van sodanige voorspellings is uiteraard om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die bekamping van geweldsmisdade. Hoewel geweldvoorspelling en navorsing oor geweldvoorspelling internasionaal reeds vir meer as twee dekades hoë prioriteit geniet, bestaan daar 'n skreiende tekort in dié verband in Suid-Afrika. In die lig van die onaanvaarbaar hoë geweldsmisdadkoers hier te lande, is hierdie toedrag van sake des te meer kommerwekkend aangesien geweldsmisdade die slagoffers sowel as die land op feitlik alle terreine onberekenbare skade aandoen. Gevolglik behoort die bekamping van geweldsoortredings en veral metodes wat daartoe meehelp, soos die voorspelling van gewelddadige gedrag, die hoogste nasionale prioriteit te geniet.

Die kerndoelstelling met die onderhawige studie was om die gebrek aan navorsing oor geweldvoorspelling in Suid-Afrika uit te wys; meer spesifiek om die kriteria te identifiseer aan die hand waarvan regslui en sielkundiges gewelddadige gedrag kan voorspel. 'n Sekondêre doelwit was om die twee beroepsgroepe se menings te toets oor aspekte van psigo-forensiese werk wat verband hou met die straftoemeting van geweldsmisdade soos opleiding, subjektiwiteit en effektiewe strafbepaling. Die standpunte en sienings van die betrokke respondentgroepe is met behulp van 'n selfopgestelde vraelys verkry. Die beantwoording van bepaalde vrae oor gewelddadige gedrag, evaluering van geweldpotensiaal by 'n aantal fiktiewe gevallestudies en ander verbandhoudende psigo-forensiese kwessies, is waar dit van toepassing was, met kwalitatiewe toeligting aangevul.

Die belangrikste bevindings was dat

- beide beroepsgroepe dieselfde geweldvoorspellende faktore as deurslaggewend beskou het naamlik, herhaaldelike blootstelling aan geweld, 'n geweldsgeskiedenis, geweldsdreigemente, en (met bepaalde voorbehoude) 'n geskiedenis van psigiatriese behandeling;
- die regslui en sielkundiges verskil het ten opsigte van die waarde wat aan bepaalde risikofaktore toegeken is. Die sielkundiges het byvoorbeeld veranderlikes soos geslag, ouderdom en die afwesigheid van 'n misdaderekord, meer beklemtoon as die regslui;
- die menings van die sielkundiges oor watter psigo-forensiese faktore 'n belangrike rol speel by straftoemeting by geweldsoortredings, meer deur empiriese navorsing ondersteun word as dié van die regslui.

Daar word veral aanbeveel dat hierdie navorsing nie slegs op 'n deurlopende en professionele basis moet voortgaan nie, maar ook dat dit nasionaal dringende en statutêre aandag behoort te geniet.

**Sleutel terme:** Die voorspelling van gevaarlikheid, die voorspelling van gewelddadige gedrag, geweldsrisikobestuur, geweldrisiko-faktore, gevaarlikheid, bekamping van geweldsmisdade.

## Summary

The prediction of dangerousness, more recently known as risk management, has become an integral part of the criminal justice system. The purpose of these predictions is to make a significant contribution in the prevention of violent crime. Although predictions of this nature as well as research on this phenomenon have been around on the international scene for more than two decades, almost nothing has been done in this regard in South Africa. This is especially distressing because of the current violent crime rate in this country and specifically because of the detrimental effect it has on the victims and their families, the community at large and the country as a whole politically, financially and mental healthwise. Significant reduction of violent crime, also through effective predictions, should be seen as a national priority.

The main purpose of this study was to alleviate the apparent lack of research in South-Africa on the prediction of dangerousness; more specifically, to identify the criteria which the involved professionals (i.e. magistrates and psychologists), use when determining dangerousness. A secondary purpose was to test the respondents on several related matters (eg. prejudice, training and the most effective sentencing) when sentencing of violent crime is considered. The perceptions of the involved role players were obtained through a self compiled questionnaire. Answers to specific questions concerning dangerousness and related forensic aspects, and evaluating of fictional case studies, were where applicable, amplified by qualitative comment.

The core findings were the following:

- the most important violence predicting criteria identified by both respondent-groups, were: repeated exposure to violence, a history of violent conduct, threats to commit violence and (to a limited extent), a history of treatment of certain psychiatric disorders;
- the occupational groups differed in the emphasis that was placed on certain risk factors (eg. psychologists accentuated factors like age, sex, absence of violent history and remorse, more than the lawyer-group did); and
- the views of the psychologists on psycho-forensic aspects relating to sentencing of violent offenders, were more supported by empirical research, than the opinions of the magistrates.

It is specifically recommended that research on the effective prediction of violent behaviour be done on an ongoing basis and that it should receive national priority and funding.

**Key words:** Prediction of dangerousness; violence prediction; violence assessment; risk management; risk assessment; risk markers.





# **BYLAAG 1**

## **Afrikaanse Vraelys**

# VRAELYS

## VOORSPELLING VAN GEWELDDADIGE GEDRAG

### AFDELING 1: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

(Merk asseblief met 'n kruisie waar van toepassing).

#### GESLAG:

MANLIK	VROULIK
--------	---------

#### BEROEP:

SELKUNDIGE	STREEKLANDDROS
------------	----------------

#### JARE ONDERVINDING IN U HUIDIGE BEROEP:

1 - 4	5 - 10	11 - 20	MEER AS 20
-------	--------	---------	------------

RAS (Hierdie vraag is slegs vir navorsingsdoeleindes.):

ASIE&R	KLEURLING	SWART	WIT
--------	-----------	-------	-----

#### OUERDOM:

TWINTIGERJARE	DEERTIGERJARE	VEERTIGERJARE	VYFTIGERJARE	SESTIGERJARE
---------------	---------------	---------------	--------------	--------------

#### HOOGSTE AKADEMIESE KWALIFIKASIE:

DIPLOMA	B. -GRAAD	HONS. -GRAAD	M. -GRAAD	LL.B. OF SOORTGELYKE GRAAD	D. -GRAAD
---------	-----------	--------------	-----------	----------------------------	-----------

### AFDELING 2: MENINGSPEILING

Beantwoord asseblief elk van die volgende vrae deur 'n kruisie by die toepaslike antwoord op die voorsiene 5-punt skaal te trek. Addisionele kommentaar word van groot waarde geag.



**VRAAG 1: BEHOORT DIE DOODSTRAF IN SUID-AFRIKA HER-INGESTEL TE WORD?**

1	2	3	4	5
BESLIS NIE	NEE	ONSEKER	JA	BAIE BESLIS

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**VRAAG 2: WORD GEWELDSMISDADIGERS IN SUID-AFRIKA GENOEGSAAM GESTRAF?**

1	2	3	4	5
BESLIS NIE	NEE	ONSEKER	JA	BAIE BESLIS

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**VRAAG 3: HET U BEROEPSOPLEIDING U VOLDOENDE IN STAAT GESTEL OM 'N OORDEEL TE VEL OOR DIE POTENSIELE GEWELDDADIGHEID VAN 'N MISDADIGER?**

1	2	3	4	5
BESLIS NIE	NEE	ONSEKER	JA	BAIE BESLIS

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

### AFDELING 3: GEVALLESTUDIES

In hierdie afdeling moet u asseblief kommentaar lewer op vyf bondige gevallestudies wat verband hou met die voorspelling van gewelddadige gedrag.

#### GEVALLESTUDIE NR. 1

*'n Twintigjarige universiteitstudent (wit, manlik, ongetroud) beken aan sy kamermaat dat hy reeds vir ongeveer 'n jaar fantaseer oor die pleeg van 'n massamoord. Die kamermaat besluit om die polisie hiervan te verwittig. Die polisie stel die Prokureur-generaal in kennis wat versoek dat die betrokke student sielkundig geëvalueer moet word. Uit die sielkundige verslag blyk dit dat die student*

- \* geen misdaderekord het nie;*
- \* hy by twee geleenthede probeer het om selfmoord te pleeg;*
- \* 'n geskiedenis van ernstige gesinsgeweld het (aanranding van die moeder en kinders deur die vader).*

*Die Prokureur-generaal belê 'n vergadering waartydens u opinie as landdros/sielkundige aan die hand van die onderstaande vrae gevra word:*

**VRAAG 1: IN WATTER MATE HOU HIERDIE PERSOON NA U OORDEEL 'N GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP IN?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**VRAAG 2: IN WATTER MATE HET DIE VOLGENDE EIENSKAPPE VAN DIE PERSOON U BEOORDELING BY VRAAG 1 BEÏNVLOED?**

EIENSKAP	GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG
OUERDOM	1	2	3	4	5
RAS	1	2	3	4	5
GESLAG	1	2	3	4	5
HUWELIKSTATUS	1	2	3	4	5
MASSAMOORD-FANTASIE	1	2	3	4	5
GEEN MISDAADREKORD	1	2	3	4	5
SELFMOORDPOGINGS	1	2	3	4	5
BLOOTSTELLING AAN GESINSGEWELD	1	2	3	4	5

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....



## GEVALLESTUDIE NR. 2

'n Middeljarige geskeide vrou maak aan haar sielkundige bekend dat daar 'n verhouding ontstaan het tussen haar en haar huisdokter. Die huisdokter het egter na 'n paar maande daadwerklike pogings begin aanwend om die verhouding te beëindig. Dit was egter vir haar onaanvaarbaar en sy sê by herhaling aan die sielkundige: "As hy nie by sy belofte bly om te skei en met my te trou nie, gaan ek hom skiet."

By verdere navraag blyk dit dat

- \* die vrou geen misdaadgeskiedenis het nie; en
- \* sy toegang tot 'n vuurwapen het.

Die sielkundige kom tot die gevolgtrekking dat die vrou 'n risiko-geval is en besluit om die plaaslike hooflanddros daaroor in te lig. Die hooflanddros belê daarop 'n vergadering waarby u opinie as landdros/sielkundige aan die hand van die volgende vrae, gevra word:

**VRAAG 1: IN WATTER MATE HOU HIERDIE PERSOON NA U OORDEEL 'N GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP IN?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**VRAAG 2: IN WATTER MATE HET DIE VOLGENDE EIENSKAPPE VAN DIE PERSOON U BEOORDELING BY VRAAG 1 BETVLOED?**

EIENSKAP	GEENSINS	GERING	MATIC	BAJE	UITERMATIC
OUERDOM	1	2	3	4	5
HUWELIKSTATUS	1	2	3	4	5
GESLAG	1	2	3	4	5
'N BUITE-EGTELIKE VERHOUDING	1	2	3	4	5
'N DOODSDREICEMENT	1	2	3	4	5
GEEN MISDAADREKORD	1	2	3	4	5
TOEGANG TOT 'N VUURWAPEN	1	2	3	4	5
SIELKUNDIGE TERAPIE	1	2	3	4	5

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....

.....



## GEVALLESTUDIE NR. 3

'n Vyftigjarige geskeide swart eienaar van 'n klein algemene-handelaarswinkel is deur die polisie na die psigiatriese afdeling van 'n hospitaal vir evaluering gebring. Die klagte was dat hy uiters aggressiewe gedrag geopenbaar het in reaksie op die buitensporige eis van sekere klante dat hy korting van 50% op hulle aankope toestaan. Sy gedrag het die volgende behels:

- \* Hy het in 'n woedebui uitgebars.
- \* Hy het 'n vuurwapen op die betrokke klante gerig.
- \* Hy het gedreig het om hulle te skiet met die woorde "God het my aangestel om vuilgoed soos julle uit te roei!"

Die psigiatriese evaluering het die volgende relevante inligting opgelewer:

- \* Die persoon ontvang reeds vir meer as 10 jaar behandeling vir 'n ernstige psigiese versteuring wat veral deur vervolgingswaan gekenmerk word.
- \* Hy is ongeveer 8 jaar gelede skuldig bevind op 'n aanklag van aanranding met die doel om ernstig te beseer: hy het sy destydse eggenote met die vuis toegetakel. As motief vir die daad het hy aangevoer dat sy en haar familie op hom gespioeneer het ten einde hom te vermoor.
- \* Hy reageer besonder goed op die voorgeskrewe medikasie.

Die hoof van die psigiatriese afdeling besluit vervolgens om 'n vergadering te belê ten einde u as landdros/sielkundige in dié verband te raadpleeg. U opinie ten opsigte van die volgende vrae word gevra:

**VRAAG 1: IN WATTER MATE MEEN U DAT HIERDIE PERSOON 'N GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP INHOU?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....



**VRAAG 2: IN WATTER MATE HET DIE VOLGENDE EIENSKAPPE VAN DIE  
PERSOON U BEOORDELING BY VRAAG 1 BEÏNVLOED?**

EIENSKAP	GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG
OUDERDOM	1	2	3	4	5
HUWELIKSTATUS	1	2	3	4	5
RAS	1	2	3	4	5
GESLAG	1	2	3	4	5
RIG VAN 'N VUURWAPEN OP LEDE VAN DIE PUBLIEK	1	2	3	4	5
'N DOODSDREIGEMENT TYDENS 'N WOEDEBUI	1	2	3	4	5
AANWESIGHEID VAN 'N ERNSTIGE PSIGIESE VERSTEURING	1	2	3	4	5
'N GESKIEDENIS VAN PSIGIATRIESE BEHANDELING	1	2	3	4	5
'N MISDAADREKORD	1	2	3	4	5
BESONDER GOEIE REAKSIE OP DIE VOORGESKREWE MEDIKASIE	1	2	3	4	5

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

## GEVALLESTUDIE NR. 4

'n Dertigjarige ongetroude kleurling man wat 'n bank probeer beroof het, het tydens die rooftog ernstige skietwonde opgedoen en is gevolglik in 'n hospitaal behandel. Tydens die hospitalisasie is onder andere aangeteken dat

- \* hy gereeld aggressief jeens die hospitaalpersoneel reageer; en
- \* hy in opmerkings oor die voorval geen berou oor die gebeure toon nie.

'n Verdere ondersoek het ook die volgende inligting opgelewer:

- \* Hy het reeds twee vorige skuldigbevindings vir gewapende roof.
- \* Hy het nog nooit enige vaste betrekking beklee nie en was sedert sy vroeë kinderjare by bende-aktiwiteite betrokke.
- \* Hy het onder haglike sosio-ekonomiese omstandighede grootgeword.
- \* Hy maak hom dikwels skuldig aan alkohol- en dwelmmisbruik.

U as landdros/ sielkundige word gevra om die geval te beoordeel aan die hand van die volgende vrae:

**VRAAG1: IN WATTER MATE MEEN U DAT HIERDIE PERSOON 'N GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP INHOU?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....

**VRAAG 2: IN WATTER MATE HET DIE VOLGENDE EIENSKAPPE VAN DIE PERSOON U BEOORDELING BY VRAAG 1 BETVLOED?**

EIENSKAP	GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG
OUERDOM	1	2	3	4	5
HUWELIKSTATUS	1	2	3	4	5
RAS	1	2	3	4	5
GESLAG	1	2	3	4	5
BETROKKEHEID BY GEWAPENDE ROOF	1	2	3	4	5
AGGRESSIEWE GEDRAG TEGENS DIE HOSPITAAL- PERSONEEL	1	2	3	4	5
AFWESIGHEID VAN BEROU	1	2	3	4	5
'N GESKIEDENIS VAN GEWELDSMISDAAD	1	2	3	4	5
'N ONSTABIELE WERKSREKORD	1	2	3	4	5
HAGLIKE SOSIO-EKONO- MIESE AGTERGROND	1	2	3	4	5
'N GESKIEDENIS VAN BENDE- AKTIWITEITE	1	2	3	4	5
ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK	1	2	3	4	5

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....



## GEVALLESTUDIE NR. 5

'n Twintigjarige ongetroude blanke man is gearresteer omdat hy 'n tienermeisie verkrag en daarna 'n negejarige seun seksueel gemolesteer het. In beide gevalle het hy die slagoffers met 'n vuurwapen gedreig. Die daaropvolgende ondersoek het die volgende relevante inligting opgelewer:

- \* Sy gesinsgeskiedenis bring aan die lig dat hy onder andere uit 'n gesin van 10 kinders en armoedige lewensomstandighede afkomstig is en aan ernstige kinderverwaarlosing blootgestel was.
- \* Hy is ongeveer 'n jaar na sy geboorte in pleegsorg geplaas. Hy is vervolgens aan verskeie sodanige plasings blootgestel. Daarna is hy in 'n kindershuis opgeneem omdat hy onhanteerbaar was. Hy het herhaaldelik uit die kindershuis weggeloop en ook soms met die gereg gebots. Hierdie oortredings het veral winkeldiefstal, maar by geleentheid ook seksuele molestering van jonger kinders ingesluit.
- \* Op 12-jarige ouderdom is hy opgeneem in 'n inrigting vir kinders met gedragsprobleme. Hier het hy hom gou onderskei as een van die moeilikste inwoners van die inrigting.
- \* Op 16-jarige ouderdom is hy skuldig bevind aan seksuele teistering en molestering van 'n tienermeisie en vir behandeling verwys.
- \* Op 20-jarige ouderdom is hy weereens gearresteer vir 'n seksuele oortreding. Hy het egter dieselfde dag uit aanhouding ontsnap en die onderhawige oortreding gepleeg.

Hierdie geval word tydens 'n nasionale kongres oor geweldsmisdade en die voorkoming daarvan voorgedra. Tydens 'n daaropvolgende groepbespreking word u opinie as sielkundige/landdros ten opsigte van die geval aan die hand van die volgende vrae gevra:

**VRAAG 1: IN WATTER MATE MEEN U DAT HIERDIE PERSOON 'N GEVAAR VIR DIE GEMEENSKAP INHOU?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**VRAAG 2: IN WATTER MATE HET DIE VOLGENDE EIENSKAPPE VAN DIE PERSOON U BEOORDELING BY VRAAG 1 BEÏNVLOED?**

EIENSKAP	GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG
OUERDOM	1	2	3	4	5
HUWELIKSTATUS	1	2	3	4	5
RAS	1	2	3	4	5
GESLAG	1	2	3	4	5
SEKSUELE MISDRYWE	1	2	3	4	5
DREIG VAN SLAGOFFERS MET 'N VUURWAPEN	1	2	3	4	5
'N BAIE GROOT GESIN	1	2	3	4	5
GESINSARMOEDE	1	2	3	4	5
KENDERVER- WAARLOSIING	1	2	3	4	5
PLASINGS IN VERSKEIE PLEECSORG/ ANDER ENRIGTINGS	1	2	3	4	5
'N MISDAAD- GESKIEDENIS	1	2	3	4	5

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....

.....



## AFDELING 4 : RASSISME IN VONNISBEPALING

**VRAAG 1 : IN WATTER MATE MEEN U BEINVLOED RASDISKRIMINASIE - HETSY TEENOR WIT OF SWART - VONNISBEPALING IN SUID-AFRIKA?**

1	2	3	4	5
GEENSINS	GERING	MATIG	BAIE	UITERMATIG

**Kommentaar**.....

.....

.....

.....

.....

**BAIE DANKIE VIR U DEELNAME AAN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK!**

## **BYLAAG 2**

### **Engelse Vraelys**

# QUESTIONNAIRE

## PREDICTION OF VIOLENT BEHAVIOUR

### SECTION 1: BIOGRAPHICAL INFORMATION

(Please mark with a cross where applicable.)

**SEX:**

MALE	FEMALE
------	--------

**OCCUPATION:**

REGIONAL MAGISTRATE	PSYCHOLOGIST
---------------------	--------------

**YEARS EXPERIENCE IN PRESENT OCCUPATION:**

1 - 4	5 - 10	11 - 20	MORE THAN 20
-------	--------	---------	--------------

**RACE** (This question is solely for research purposes.):

ASIAN	COLOURED	BLACK	WHITE
-------	----------	-------	-------

**AGE:**

TWENTIES	THIRTIES	FORTIES	FIFTIES	SIXTIES
----------	----------	---------	---------	---------

**HIGHEST ACADEMIC QUALIFICATION:**

DIPLOMA	B. DEGREE	HONS. DEGREE	M. DEGREE	LL.B. OR SIMILAR DEGREE	D. DEGREE
---------	-----------	--------------	-----------	-------------------------	-----------

### SECTION 2: OPINION SURVEY

Please indicate your response to each of the following questions with an X in the appropriate box in the provided 5- point scale. Additional comments are regarded as very important.

**QUESTION 1: SHOULD THE DEATH PENALTY BE RE-INTRODUCED IN SOUTH-  
AFRICA?**

1	2	3	4	5
DEFINITELY NOT	NO	MAYBE	YES	ABSOLUTELY

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....

**QUESTION 2: ARE VIOLENT OFFENDERS PUNISHED ADEQUATELY IN SOUTH-  
AFRICA ?**

1	2	3	4	5
DEFINITELY NOT	NO	MAYBE	YES	ABSOLUTELY

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....

**QUESTION 3: WAS YOUR PROFESSIONAL TRAINING ADEQUATE IN THE SENSE  
THAT IT ENABLES YOU TO MAKE PREDICTIONS ABOUT THE  
POTENTIAL VIOLENT BEHAVIOUR OF A CRIMINAL?**

1	2	3	4	5
DEFINITELY NOT	NO	MAYBE	YES	ABSOLUTELY

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....

### SECTION 3: CASE STUDIES

In this section you must please comment on five brief case studies related to the prediction of violence.

#### CASE STUDY NO. 1

*A 20-year-old university student (caucasian, male, unmarried) confessed to his roommate that for almost a year, he had been harbouring a fantasy about committing a mass-murder. His roommate decided to report this to the police. The police in turn reported the case to the Attorney-General who requested that the particular student be evaluated psychologically. The psychological report indicated that the student*

- \* had no criminal record;*
- \* had twice tried to commit suicide;*
- \* had a family history of serious family violence (assault on the mother and children by the father).*

*The Attorney-General convened a meeting at which your opinion as magistrate/psychologist is elicited on the basis of the following questions:*

**QUESTION 1: IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES THIS PERSON POSE A THREAT TO THE COMMUNITY?**

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME

**Comment**.....

.....

.....

.....

.....



**QUESTION 2: TO WHAT EXTENT DID THE FOLOWING FEATURES OF THE PERSON INFLUENCE YOUR EVALUATION IN QUESTION 1?**

FEATURE	NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME
AGE	1	2	3	4	5
RACE	1	2	3	4	5
SEX	1	2	3	4	5
MARITAL STATUS	1	2	3	4	5
MASS-MURDER FANTASY	1	2	3	4	5
NO CRIMINAL RECORD	1	2	3	4	5
SUICIDE ATTEMPTS	1	2	3	4	5
EXPOSURE TO FAMILY VIOLENCE	1	2	3	4	5

**Comment**.....

.....

.....

.....

.....

.....

**CASE STUDY NO. 2**

*A middle-aged divorced woman reveals to her psychologist that she is having an affair with her doctor. However, after a few months the doctor started to make serious attempts to end this relationship. This, however, was totally unacceptable to the woman and she repeatedly told the psychologist: "If he doesn't keep his promise to divorce his wife and marry me, I'm going to shoot him."*

*On further inquiry it was found*

- \* that the woman had no criminal record; and*
- \* that she has access to a firearm.*

*The psychologist concluded that this woman represented a risk and decided to report the case to the local chief-magistrate. He in turn convened a meeting at which your opinion as magistrate/ psychologist is elicited on the basis of the following questions:*

**QUESTION 1: IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES THIS PERSON POSE A THREAT TO THE COMMUNITY?**

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME

**Comment**.....

.....

.....

.....

.....

**QUESTION 2: TO WHAT EXTENT DID THE FOLLOWING FEATURES OF THE PERSON INFLUENCE YOUR EVALUATION IN QUESTION 1?**

FEATURE	NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME
AGE	1	2	3	4	5
MARITAL STATUS	1	2	3	4	5
SEX	1	2	3	4	5
AN EXTRA-MARITAL AFFAIR	1	2	3	4	5
A DEATH THREAT	1	2	3	4	5
NO CRIMINAL RECORD	1	2	3	4	5
ACCESS TO A FIREARM	1	2	3	4	5
A HISTORY OF PSYCHOTHERAPY	1	2	3	4	5

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....



**CASE STUDY NO. 3**

*A 50-year-old divorced black owner of a small general- dealer's shop is brought to the psychiatric ward of a hospital by the police for evaluation. The complaint was that he reacted extremely aggressively to the exorbitant demand of certain clients that he allow a discount of 50% on their purchases. His behaviour consisted of the following:*

- \* He exploded in a fit of rage.*
- \* He aimed a firearm at the particular clients.*
- \* He threatened to shoot them saying: "God commissioned me to rid the earth of scum like you!"*

*The psyhiatric evaluation revealed the following relevant information:*

- \* This person has been treated for a serious psychiatric disorder for more than 10 years of which delusions of persecution is a prominent symptom.*
- \* About eight years ago he was found guilty on an assault charge with the intent to do serious bodily harm. He attacked his ex wife with his fists. He stated that this behaviour had been motivated by his conviction that she and her family were spying on him in order to murder him.*
- \* He responded particularly well to the prescribed medicine.*

*The head of the psyhiatric ward consequently decided to convene a meeting to consult you as magistrate/psychologis in this regard. Your opinion is ilicited on the basis of the following questions:*

**QUESTION 1: IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES THIS PERSON POSE A THREAT TO THE COMMUNITY?**

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**QUESTION 2: TO WHAT EXTENT DID THE FOLLOWING FEATURES OF THE PERSON INFLUENCE YOUR EVALUATION IN QUESTION 1?**

FEATURE	NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME
AGE	1	2	3	4	5
MARITAL STATUS	1	2	3	4	5
RACE	1	2	3	4	5
SEX	1	2	3	4	5
AIMING OF A FIREARM AT MEMBERS OF THE PUBLIC	1	2	3	4	5
A DEATH THREAT DURING A FIT OF RAGE	1	2	3	4	5
PRESENCE OF A SERIOUS PSYCHIATRIC DISORDER	1	2	3	4	5
A HISTORY OF PSYCHIATRIC TREATMENT	1	2	3	4	5
A CRIMINAL RECORD	1	2	3	4	5
PARTICULAR GOOD RESPONSE TO THE PRESCRIBED MEDICINE	1	2	3	4	5

**Comment**.....

.....

.....

.....

.....



**CASE STUDIE NO. 4**

*An unmarried coloured man, aged thirty, who tried to rob a bank, sustained serious bullet wounds during the attempt and was subsequently treated in hospital. During hospitalisation, it was, inter alia noted*

- \* that he frequently reacted aggressively towards the hospital personnel; and*
- \* that he never showed remorse in comments about the attempted robbery.*

*A further investigation also revealed the following relevant information:*

- \* He had two previous convictions for armed robbery.*
- \* He had never been permanently employed and had been involved in gangster activities since his early childhood.*
- \* He was raised under very adverse socio-economic conditions.*
- \* He often abuses alcohol and other drugs.*

*You, as magistrate/psychologist, are requested to evaluate this case on the basis of the following questions :*

**QUESTION 1: IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES THIS PERSON POSE A THREAT TO THE COMMUNITY?**

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**QUESTION 2: TO WHAT EXTENT DID THE FOLLOWING FEATURES OF THE PERSON INFLUENCE YOUR EVALUATION IN QUESTION 1?**

FEATURE	NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME
AGE	1	2	3	4	5
MARITAL STATUS	1	2	3	4	5
RACE	1	2	3	4	5
SEX	1	2	3	4	5
PARTICIPATION IN ARMED ROBBERY	1	2	3	4	5
AGGRESSIVE BEHAVIOUR TOWARDS HOSPITAL PERSONNEL	1	2	3	4	5
ABSENCE OF REMORSE	1	2	3	4	5
A HISTORY OF VIOLENT OFFENCES	1	2	3	4	5
AN UNSTABLE WORK RECORD	1	2	3	4	5
AN ADVERSE SOCIO- ECONOMIC BACKGROUND	1	2	3	4	5
A HISTORY OF INVOLVE- MENT IN GANGSTER ACTIVITIES	1	2	3	4	5
ABUSE OF ALCOHOL AND OTHER DRUGS	1	2	3	4	5

**Comment** .....

.....

.....

.....

.....



**CASE STUDY NO. 5**

*A twenty-year-old unmarried, white man was arrested for the rape of a teenage girl and subsequent sexual molestation of a nine-year-old boy. In both cases he threatened the victims with a gun. The subsequent inquiry revealed the following relevant information:*

- \* His family history showed that among other things he had 9 siblings, was raised in poverty and, as a child, was subjected to serious neglect.*
- \* About a year after his birth he was placed in foster care. He was subsequently subjected to several such placements. After this he was admitted to a children's home because he was unmanageable. He repeatedly ran away from the children's home and sometimes fell foul of the law. The offences committed included especially shoplifting, but on occasion also involved sexual molestation of younger children.*
- \* At the age of 12 he was admitted to an institution for children with behaviour disorders. Here he was soon branded as one of the most difficult inmates of the institution.*
- \* At the age of 16 he was convicted of sexual harassment and molestation of a teenage girl and referred for treatment.*
- \* At the age of 20 he was again arrested for a sexual transgression. The same day he however escaped from custody and committed the above-mentioned crime.*

*This case is presented at a national conference on violent crime and the prevention thereof. In a subsequent small-group discussion your opinion as magistrate/psychologist is elicited on the basis of the following questions:*

**QUESTION 1: IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES THIS PERSON POSE A THREAT TO THE COMMUNITY?**

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	MILD	LARGE	EXTREME

**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

**QUESTION 2: TO WHAT EXTENT DID THE FOLLOWING FEATURES OF THE PERSON INFLUENCE YOUR EVALUATION IN QUESTION 1?**

FEATURE	NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME
SEX	1	2	3	4	5
RACE	1	2	3	4	5
AGE	1	2	3	4	5
MARITAL STATUS	1	2	3	4	5
SEXUAL TRANS- GRESSIONS	1	2	3	4	5
THREATENING VICTIMS WITH A FIREARM	1	2	3	4	5
A VERY LARGE FAMILY	1	2	3	4	5
FAMILY POVERTY	1	2	3	4	5
CHILDHOOD NEGLECT	1	2	3	4	5
VARIOUS FOSTER-CARE/ OTHER INSTITUTIONAL PLACEMENTS	1	2	3	4	5
A CRIMINAL HISTORY	1	2	3	4	5


**Comment**.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

### SECTION 4 : RACISM IN SENTENCE DETERMINATION

QUESTION 1 : IN YOUR OPINION, TO WHAT EXTENT DOES RACIAL DISCRIMINATION - AGAINST BLACK OR WHITE - INFLUENCE THE DETERMINATION OF SENTENCES IN SOUTH-AFRICA?

1	2	3	4	5
NONE	MINIMAL	AVERAGE	LARGE	EXTREME

Comment.....  
.....  
.....  
.....  
.....



THANK YOU FOR YOUR PARTICIPATION IN THIS RESEARCH PROJECT!